

TWEDE PART.

Waarin behandel word die Afrikaanse spreektaal oor die
hele Unie van Suid-Afrika.

§31—AANSPORING OM DIE SAAK SELF AAN TE PAK.

Al die lede van die Genootskap van Regte Afrikaners het aan die opdrag om aantekeninge van Afrikaanse woorde en uitdrukkings te maak, nie gevolg gegee nie. Maar tog was daar enkele wat die versoek ernstig opgevat het. My eerste aantekeninge het ek skriftelik aan die kantoor van *Die Patriot* oorhandig; maar ná my landmeterspligte 'n groter afstand tussen die hoofkwartier en my geplaas het, het ek my optekeninge uit my sakboekies in 'n groot boek oorgeskrywe. Hierdie boek met soveel ander waardevolle dokumente is in die Tweede Vryheidsoorlog deur die Engelse troepe saam met my hele boekery in besit geneem; en nooit het ek daardie eiendom weer gesien nie.

Ná vrede verklaar is, mog ons na die plaas gaan. In 'n buitekamer vind ek 'n groot staaltrommel wat oopgebreek was. Met oopmaak en rondsnuffel, vind ek tot my groot vreugde 'n leerbeursie in 'n verborge hoekie vol geld; en dit het my so bly gemaak dat ek nog 'n paar pondjies besit het om meubelstukke aan te koop dat ek op die ander artikels verder geen ag geslaan het nie—want wat oorgebly was, het haas geen geldwaarde besit nie.

Enige tyd was verloop. Intussen het ek blind geword en moeilikhede het oor my nes 'n onweer losgebars; maar God het my veilig daardeur gehelp. Dié skool het my bekwaam om ons volk te dien.

In dié tyd skryf die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns 'n prysvraag uit vir 'n verhandeling oor *Dialektiese Afrikaans*. Daar so 'n onderneming grondige taalstudie en ondersoek eis, het ek die tydsbepaling van een jaar te kort gevind; owerigens het ek my te onbekwaam gevoel om 'n onderwerp van so 'n wetenskaplike aard aan te durf. By die gestelde tydverloop rapporteer die sekretaris van die Akademie dat geen manuskrip vir mededinging vir die Hertzogprys ingedien is nie. Daardie mededeling het my aangespoor om hierdie onderwerp as leek privaat en onwetenskaplik in geskrif te laat verskyn.

Met hoë eise aan my gebrekkige gesigsvermoë het ek my aantekeninge in die ou verroeste trommel gaan deursnuffel en kom op verspreide materiaal wat my in staat gestel het om *Diere-* en *Boesman-Stories* en ook *Ons Geseistaal* met vernude moed aan te pak.

Om seker te wees dat ek nog op die regte pad is, het ek lyste van woorde en uitdrukkings opgestel, uitleggings

daaromtrent bygevoeg en het dié deur die hele land rondgestuur om met plaaslike spraak te toets en vergelyk. Die Spaanse Griep breek toe net uit; en die welwillendheid waarmee ek begroet was, het my verwagting ver oortref. Met uitsondering van vier of ses gevalle het almal 'n helpende hand uitgereik—al het hul dokters en verpleegsters oor hul vloere gehad. Die lyste is almal teruggestuur, onderstreep en met kort aantekeninge daarby. Dit stel my in staat om te vermeld dat wat ek hier in *Ons Geselstaal* aanbied, die toets van vergelyking met plaaslike spreekwyses deurgemaak het. En tog voel ek oortuig dat pionierswerk nooit volmaak kan wees nie.

In *Die Huisgenoot* het ek in verkorte vorm die vrug van my arbeid laat verskyn om kritiek uit te lok, en het terselfdertyd 'n oproep tot verder medewerking uitgevaardig—en dit het my deels ook geluk.

Met oorlees van die naamlys van getroue helpers sal ons bemark dat baie van die gewillige vrinde die hede met die hiernamaals verwissel het. Dit tref ons pynlik en laat die gevoel van dankbaarheid so veel warmer gloei. Maar hul werke volg hul na, en dié wat agterbly, is die sade van arbeid wat sal opskiet, bloei en hul voedingskrag lewer aan ons volk, wat dit só nodig het. My gevoel van waardering en dankbaarheid gaan ook uit—net soos tot die nog lewende vrinde—tot die stille grafte waar hulle hul ewige rus geniet. Tot hul weduwees, wese en bloedverwante rys uit ons harte 'n stille bede vir troos gesteun deur 'n gevoel van medelyde.

§32—SPRAAKAFDELINGS.

Wanneer ons die land van ent tot ent deurreis, tref dit ons dat Afrikaans haas orals so eenvormig gepraat word dat dit moeilik val om onderskeid in spreekwyse te ontdek. En tog sal die oplettende toehoorder opmerk dat daar wel klein verskille in manier van uitdrukking op onderskeidelike plekke voorkom. Een woord—ofskoon oor die hele land bekend—word soms onnodig baie op een plek gebruik, en ander weer op ander plekke; of die woorde van een plek is op 'n ander onbekend; of dit gebeur dat een voorwerp in een streek 'n ander naam dra as in 'n ander. Tengevolge hiervan kan ons hoor dat die Bolanders hul anders uitdruk as Transvalers; of dat die spraak van Namakwaland verskil van dié van die oostelike distrikte van Kaapland; of

dat die spraak van Griekwaland-Wes afwyk van dié van Natal. Almal verstaan mekaar, en almal voel dis een taal met sy plaaslike afwykings, wat nie buite die perke van verstaanbaarheid uitgesluit is nie.

Maar is dit moontlik om die grense van ieder spraakafdeling met vaste bakens te bepaal? In 't geheel nie! Die een spraakafdeling beïnvloed die ander, en gevolglik ontstaan daar tussen die twee 'n strook wat aan albei behoort. En tog word gesê: Só praat die Bolander, só die Ondervelder, só die Namakwalander, ens. Wanneer ons ondersoek instel, sal ons ongeveer tien sulke spraakafdelings aantref—elkeen met sy eienaardige spreekwyse, woordgebruik en manier van uitdrukking—sonder dat een presies kan afgebaken word.

Wat die vasstel van plaaslike spraak teenswoordig so moeilik maak, is die feit dat daar 'n gedurige volksverskuiwing plaasvind. Ons uitgebreide spoorwegnet bevorder dit. Plase in die suidelike deel van ons land word digter bevolk en styg aanmerklik in geldwaarde; in die noordelike gedeeltes is grond goedkoper. Dan, 'n groot aanlokking vir volksverhuising is die bloeiende diamant- en goudvelde van die noorde, waar volksmassas saamgetrek is, terwyl die platteland dunner bewoon is. Dit alles meng die bevolking deurmekaar. Die skool, waar Afrikaans tans geleer word, help mee om die spraak eenvormig te maak. Hierby kom nog, Afrikaans word gelees, en dit besit tans 'n vaste skryfvorm. Daarom is dit vir menige krietikus so maklik om te sê: „Hier by ons is dieselfde woorde en uitdrukkinge in daaglikse gebruik”—sonder om homself af te vra: Waarom?

Maar 50 jare gelede was dit nie so nie. Inlands het die trein maar tot by Wellington geloop—sewe uur te perd van Kaapstad af. Die groot Goudvelde was nog nie ontdek nie. Kimberley moes bereik word met muilwa en ossewa. Grond in Kaapland was betreklik goedkoop, en plase nog groot. Dus, die noodsaaklikheid om van een plek na die ander te verskuif was nie gevoel nie.

Toe was dit die beste tyd om plaaslike spraak te bepaal.

Weldra sal die gewestelike spreektaal verdwyn omdat onderwys op skool verplig is, en omdat 'n gedurige volksverskuiwing aan die gang is—volkome in ooreenstemming met die Afrikaanse volkskarakter. Natuurlik kan algehele eenvormigheid in spreektaal nooit verwag word nie; maar die spraak sal anders wees—dit vereis nie veel gesond verstand om nuwe toestande te voorspel nie—vernaamlik

as ons die geskiedenis van die laaste halfeeue naarstiglik gevolg het en ag slaan op wat aldag plaasvind.

Terwille van stelselmatigheid sal ons die hele Unie verdeel in tien Spraakafdelings, sonder om die grense daarvan te bepaal; hierdie verdeling is egter nie willekeurig uitgevoer nie.

Kaapprovinsie :—

- No. 1. Die Boland, die Bakermat van Afrikaans
- No. 2. Noordwestelike Distrikte, Kaapprovinsie.
- No. 3. Binnelande en Karo-streke.
- No. 4. Suidelike Distrikte: Swellendam tot Port-Elizabeth.
- No. 5. Oostelike Distrikte: Port-Elizabeth tot Basoetoeland.
- No. 6. Vrystaat in sy geheel.
- No. 7. Natal in sy geheel.
- No. 8. Transvaal, oostelike deel.
- No. 9. Transvaal, westelike deel.
- No. 10. Griekwaland en Betsjoeanaland.

Daar die oppervlakte van die Kaapprovinsie amper die helfte van die hele Unie van Suid-Afrika is, en aangesien dié Kolonie langer bewoon is, is dit te verstaan dat daar meer afwisseling in spraak is as in die ander dele van ons land.

Ek wil duidelik laat uitkom, wanneer ek beweer dat sekere woorde en uitdrukkings in 'n bepaalde deel van ons land gebruik word, dat ek doelbewus ander dele van die land daardeur nie uitsluit nie. Ook rus die verpligting op my om net so wel die onbeskaafde spreekwyse en plat taal aan te gee as die beskaafde spreekvorm. Deur dit te doen het dit die fyngevoeligheid van baie geprikkel, en spoedig moes ek hoor: „Ek praat tog nie so nie”; of „Hier by ons praat net die agteraf klasse so.” Dit doen aan die feit niks toe nie dat daar wel so gepraat word.

Dit is gewoonlik die geval, wanneer 'n spraakafdeling tussen twee ander geleë is, dat dit aan die een kant beïnvloed word deur die een aangrensende afdeling, en aan die ander kant deur die ander. As voorbeelde sal ons neem die distrikte Worcester en Clanwilliam. Die Worcesterse spraak van die Breërivier se vallei af tot aan die voet van die Heksrivierse gebergtes is dieselfde as dié van Pêrel en Stellenbosch. Van Heksrivierberge na Laingsburg kom dit ooreen met die Karo-spraak, want dit is daar Karo. Die suidelike deel van Clanwilliam kom ooreen met die Piket-

bergse spraak, en suidelike Piketberg is suiwer Bolands. Dan, noordelike Clanwilliam en Vanrhynsdorp word deur die Calviniasse en Namakwalandse spreekwyse beïnvloed. En wanneer ons verder daarop ag slaan, is dit die geval van sylingse invloed met al die ander spraakafdelings wat ons stap vir stap sal volg.

Om gewestelike taal van 'n spraakafdeling vas te stel, behoort net die spraak van die ou inwoners en hul afstammelinge alleen in aanmerking te kom—en dan moet nog verneem word in watter deel van die Unie die stamvaders vroeër gewoon het, en hoelank gelede dit is dat die verhuising plaasgevind het. Die spraak van nuwe inkomelinge of dié van hul kinders help nie veel om plaaslike spraak vas te stel nie. In sover is hulle van diens deur hul kritiek op plaaslike spraak—vernaamlik wanneer die ou inwoners en die nuwe inkomelinge in 'n geestige gesprek onderling oor hul manier van praat mekaar sit pla. Op hierdie manier het ek, as Bolander, eers gehoor hoe ons in die Boland praat. Was dit nie die geval nie, dan het ek maar min, of so te sê niks, oor hierdie manier van praat te sê gehad nie—daar ek geeneen kon vind om my met die Bolandse spreekwyse te help nie. Baie het belowe, maar gou moed opgegee; so het ek my maar as skyf gestel, en soveel as wat op my wou skiet, was welkom. Natuurlik het ek ook die Bolandse spreektaal met dié van ander plekke vergelyk en aldus beter op hoogte gekom.

S P R A A K A F D E L I N G No. 1.

§33—BOLAND, DIE BAKERMAT VAN DIE AFRIKAANSE TAAL.

Dit was in Tafelbaai, aan die noordelike voet van Tafelberg, waar Van Riebeeck in 1652 die anker van sy skip laat sak het. En daar het hy die plek bepaal waar sy stad, Kaapstad, gebou is. Die indrukwekkendste natuurtoneel van die Boland is Tafelberg, wat vir die oog so plat lyk as 'n tafel en met rotswande so steil as 'n muur; aan sy een sy lê Leeuberg en aan die ander Duiwelsberg. Sy voet is begroei met *silwerbome*, *suikerbosse*, *heide* en ander gewasse, en die menslike hand het daartoe gevoeg *dennebome*, *eike* en dies meer.

Iemand wat bo op Tafelberg staan, kyk neer op Tafel-

baai met sy pragtige hawe, dokke en lang breekwater. Op water blouer as die lug lê skepe van allerlei grootte met hul spinnerakagtige maste. Skuite met wit seile en vol vis gelaai swem reguit na die *vismark*, wat aan die seeoewer gebou is. Daar ver in die see lê plat Robben-Eiland, waar stoomskepe met rokende skoorstene die hawe binne- of uitseil. Wat die oog boei, is die groot seilskip, 'n driemaster, daar gunter op die skommelende watervlakte; hy huppel oor die hobbelrige seilbaan en sprei sy seile om van die *passaatwinde* voortgedrnf te word.

Vir alles wat ons daar aanskou, was Afrikaanse name nodig—en hulle het dié gekry, of hul Hollandse benaminge behou.

Na die ooste gesien, lê 'n gelyke vlakte gemiddeld veertig, vyftig myl breed, en word aan die sonopkant begrens deur hoë berge bekend as die Hottentot-Hollandse en Drakensteinse Gebergtes. In die effe vlakte duik uit los granietberge bekend as Vlaeberg en Pappegaaiberg, Klappmuskop en Joostenberg, Pêrelsberg en Perdeberg, Riebeekkasteel en Heuningberg; en Piketberg is die noordelikste van almal.

Die Drakensteinberg maak 'n diep hoek wat vroeër Olifantshoek genoem was; maar sedert die Franse Vlughtelinge daar kom woon het, dra dit die naam van Franshoek, waar die Bergrivier sy oorsprong het en met 'n halfmaan in 'n noordwestelike rigting vloei, om hom in St.-Helenabaai in die Atlantiese Oseaan uit te stort.

Hier het ons die bodem waarop die Afrikaanse taal gebore is.

Op dié terrein vind ons die grafte van al die stamvaders van die blanke bevolking, ook die begraafplase van slawe wat uit hul land weggevoer is. Aan die skandelijke toestand waarin sommige grafte van ons voorgeslag verkeer, het ons reeds 'n paar woorde gewy. As oor ons hele land grafte versprei lê van ons helde en heldinne, dan is die laaste rusplekke van ons voorouers in die Boland te vind—en dit laat 'n soete herinnering aan die ou bakermat na.

Die Boland (in 'n enge sin gebruik, dit wil sê die distrikte Stellenbosch, Pêrel en Malmesbury) is nie alleen die geboorteplek van die Afrikaanse spreektaal nie, maar die Pêrel is ook die moeder van die Afrikaanse skryftaal. Om hierdie rede is dit vanselfsprekend, dat sy invloed op Afrikaans in die algemeen ontsaglik groot is. Dit behoort stellig so te wees. Want van die begin af was die vernaamste skole hier gestig; en ook die lewe hier is meer bestendig;

dan, die vrugbare plasies was spoedig in kleiner verdeel, en saam met die dorpe is die distrikte dig bewoon, waardeur onderlinge verkeer gunstig in die hand gewerk word. Die werking van die natuur is hier meer reëlmatig, en plaes, soos swaar aanhoudende droogtes, haelstorms en sprinkane, is onbekend—alles wat bydra om voorspoed te bring. Dan, waar voorspoed met die bevolking meegaan, is die lewenswyse gewoonlik beter as waar teenspoed alles wegmaai. En waar die mense op 'n goeie leefwyse gesteld is, daar ontwikkel hulle 'n taal wat by hul stand pas.

Maar aan die anderkant is die bediendes hier kleurlinge, afstammelingen van slawe en verbasterde inboorlinge wat hul eie taal lankal prysgegee het vir Afrikaans. Hierdie klas van ons samelewing het haas geen skole besoek nie, en gevolglik is hul taal van 'n laer standaard as dié van die blankes. En dit het in sommige gevalle invloed uitgeoefen op die spraak van die kinders wat deur hulle bedien word. In die meeste gevalle het die moeders baie bygedra om die taal van hul kinders van plathede te bewaar; maar tog is, of was, dit nie die geval met alle moeders nie. Onder hierdie omstandighede is die Bolandse spreektaal vry goed gebly, sodat dit die toon van die skryftaal kon aangee. Met beter kennis van die algemene spreektaal is baie van die eienaardighede en onvastighede van die Bolandse spreekwyse deur beter vorms van ander dele van die land vervang—wat natuurlik ons skryfvorm aanmerklik verhoog het.

Met die volksverhuising het die Bolander rustig op sy plaas agtergebly. Die spreektaal het vir sy doel reeds alles bevat; om dit nog meer te verryk het juis by hom geen behoefte gewees nie; maar nooit het hulle versuim, met die beter kanse van opvoeding tot hul beskikking, om hulle by die nuwe toestande aan te pas nie. Op taalgebied het hulle behou wat hulle besit het; en hulle het meer geput uit Hollandse bronne en kennis as enige ander deel van ons volk. Ook het hulle hier meer van die ou hoflike woorde en gesegdes uit die ou tyd bewaar—al het hulle dié 'n bietjie verander omdat hul landgenote dit ook gedoen het. Enkele oumense praat nog van *haarlie*, *jullie* en *sullie* en meen dat dit die beste Hollands is. In 'n argument hier omtrent vra ek eenmaal aan 'n ou vader: „Vind u die woorde ook in die Bybel?” Hy bly tjoepstil. Dan hoor ons nog soms uit die mond van ou grysaards: *attrapeer* (vir betrap, b.v. „Ek het hom nou *geattrapeer*”). 'n Paar maal het ek ook gehoor: „Ek het hom *gekeune*” (vir geken). *Braaf* (vir erg,

b.v. „Dis *braaf* warm.” Tans sê hulle: „Dis *bra* warm”) Uit Hollands behou, hoor ons nog hier deur oues wat op hul taal gesteld is: „Hy het my *bestole*.” „Ek *ging* na kerk, maar *kwam* te laat.” „Ou Moos is 'n *vagebond*.” „Sy *ge-waad* pas nie by hom nie.”

Reeds het ek daarop gewys dat die trekkers na die binnelande sekere woorde wat in die Boland in volle swang is, nie meer gebruik nie; en gevolglik is dié woorde vir die binnelander verlore gegaan. Eerwaarde H. N. van Niekerk van Kaapstad, deur die vriendelike bemiddeling van ds. J. P. van Heerden, het my die volgende lys van name van visse en seediere gestuur—almal name wat in die binnelande en in die noordelike provinsies grotendeels onbekend geraak het:—

Geelbek, kabeljou, snoek, rooi-stompneus, wit-stompneus, galjoen, daeraad, steen-klipvis, steentjie, hottentotvis, witvis, elf, silwervis, doppies, jakob-peus, masbanker, sonvis, springer, harder, blaas-op, klipvis, koning-klipvis, dikkop, slangkopvis, angler, geelstert, makriel, baster-galjoen, stokvis, rooi-knorhaan, seekat, sambreel-seekat, seeslang, drilvis, sand-aal, haai, hamerkop-haai, sandkruiper, kreef, see-krap, perlemoen, perde-voet.

Tot sover eerw. Van Niekerk.

Hierdie lys kan nog aanmerklik uitgebrei word; ek herinner my nog: *roman, seventy-four, halwekoord, sardyn-tjies, bankhaai, spierhaai, pylstert, seevark, tiervis, seepaling, rol, garnaal* (klein soort krefie), *seester, seeroos, koraal, seetak, seebamboes, seegras, mossel, rotsmossel, ari-kreukel, klipkous* (ander naam vir perlemoen), *seekastai-ing, skulpkrapies, seeduiker, malmok, sterenkie, meeu, pikkewyn, strandlopertjie, oester, stopskulp, rooi-aas, see-skuim* (rugplaat van 'n seekat), *seekomkommer, seeluis, pappegaaibek* (skulp), *noordkapper* (ook walvis), *see-olifant, seehond* (vir rob), *boer-met-sy-varkens* (vir seevarkens), *haai-eier, roggevis, tongvis, seewurm, waaierskulp.*

Aan visserye ontleen ons die volgende woorde:—

Visbalie, visseën, visnet, vishoek, dobbertjie, gevlekte vis, mootjies, vis-afval, pékelaar, bokkom, soutvis, viskuit (eiers), *visskuit* (en alles wat daaraan behoort), *vismark, viskar, visryer, viswinkel, harpoen, trekseën, spanseën, viskierie, vislyn, visbank* (houplek van vis).

Aan die seevaart het ons die volgende woorde te danke:

Skip, oorlogskip, slagskip, stoomskip, seilskip, rivierboot, skuit, reddingsboot, walvisskuit, kotter, sloep, twee-

master, drie-master, jag, kruiser, sleepboot, anker, boei, lig-huis, kompas.

So het ons nog: *strand, branders, golwe, doks, seehoof, breekwater, baai, kaap, riviermond, eiland, skiereiland, en nog meer.*

Dit is nie alleen hierdie klas woorde wat in die binne-lande nie so algemeen bekend is nie, maar daar is ook nog die name van blomme en plante wat aan die Boland eie is. Baie van die name vir gewasse word in ander dele van die land ook gehoor, maar dikwels op ander plante toegepas, soos by voorbeeld *botterblom*, wat nog nie 'n bepaalde blom voorstel nie; so ook *aandblom, sterretjies*, en so meer.

Die volgende woorde en uitdrukkings is eg Bolands en word minder in ander dele van ons land gebruik:—

„Wat is dit *met jou sam*” (saam)? „Hy boer *met tabak sam.*” *Baing, esel (vir muil), appelkoos-perske (vir geelperske), donderpadda, vaarlands (vir uitlands, b.v. vaarlandshum), skeepskaas (vir Edamskaas), vol draadwerk (vol grille, of die kaartman speel), vullis; baiemaal rient (vir reën), iet (vir eet), gewies (vir gewees), bodder (pla, lastig val), gelling (gallon), hardebolkeiltjie (hardebolhoed), hartlam (geliefde, meisie), heuwel (rant, soos *Klipheuwel*), hoogte (bult; daar kom een op die hoogte aan), berg (ook op rant toegepas, soos: *Pappegaaiberg, Vlaeberg*), hotom (koringmeelpap), jubilee (kasern waar kleurlinge woon), kaboedel (die hele spul), juistement (regtig so), jonkie en klonkie (kleurling-seun), kanis (smeerlap), koker (Hottentotse kookhuis van takke en spitstoelopend na bo, ook voerblik vir perde), knoflok (heel selde *knoffel*), laai (manier; dis maar sy ou *laai*), lolier (soms gebruik vir *lourier*), looi pyp (loodpyp), maltrap (malkop of rustelose persoon), malmokkie (ook *marmotjie*), mud (sak; *mud* koring, *muddesak* vir leë sowel as vol sak), Moor (koelie), noordkapper (walvis; *noordkapperrib*), nôi (nooi of jongmeisie), nôiensuil (solderuil), opper (hoop gerwe op oesland), Onderveld (binnelande), oulap (*duwweltjie, pennie*), portnátalboontjies (suikerbone), boontjies (bone), patats (patattas), portnátalpatats (drieblaar-patattas), bobbejaanoorpatats (rondeblaarpatattas), rug (bult, *Sandrug, Vlakrug*, so ook *rûensveld*), rivier (ook toegepas op spruit of waterloop, soos *Dalrivier, Kuilsrivier*), steenesel (donkie, verouderd, vroeër meer gebruik), slonsie (bliklantern sonder glase), sampioen (paddastoel), tabak (*twak* net deur kleurlinge), vrydagpadda (naas *skurwepadda*), vlei (pan of kloof, soos *Muldersvlei, Wamakersvlei, taag-**

te (nooit *leegte*), *boterham* (sandwich), *eers* (vir eens, b.v. „Eers was hy hier, toe by Pieter, en weet nie *eers* (eens) waar hy was nie.”

Dan word daar al die Maleis-Portugese woorde gebruik.

Daar bestaan nog etlike woorde en uitdrukkings wat in die Boland gebruik word en elders minder bekend is, soos: *mopstags!* (uitroep van verbasing), *arrie!* *haitsa!* *monstieks!* *warmpatats* (kinderspel *warmdoek*), *wyl* (terwyl), *agterlosig* (agtelosig), *keffer* ook *tjeffer* (vir *brakkie*, klein hondjie), *brak* (pointer); so sal die Bolander sê: „Skop die keffer (foxterrier); wat raas hy so?” Terwyl die Transvaler weer sal sê: „Skop die *brak* (foxterrier), wat raas hy so?” Die woord *oorlede* voor die naam van 'n afgestorwene word minder in die Boland gehoor as in ander dele van die land. So sal 'n Bolander sê: „My vader het nog hierdie boom geplant,” terwyl 'n Transvaler, Vrystater of Nataller hulle so sal uitdruk: „My *oorlede* vader het nog hierdie boom geplant.” *Aljimmers*, *flus*, *flussies*, *pleks* is nie algemeen in die Bolandse spraak nie. Die uitroep *hor!* (vir hoor) word daar ook meer gehoor, soos: „Jy moet luister, hor!” Verder hoor ons: „Dis nie so 'n *watter* (so 'n danige) perd nie.” „Dit *lyken* so.” Ook *nenne* (kindertaal vir water), *wysbrou* (naas *winkbrou*), *al-maskie*, *toutjie* (seilgaring, Transvaler *lyntjie*), *mak-aalwee* (vir garingboom).

Net so het ons nog meer egte Bolandse woorde wat soms ook op ander plekke gehoor word, soos:

Astrak (ekstrak, b.v. van koffie), *renosterbos* (heet daar meesal *arnosterbos* of soms *annosterbos*; in die binnelande is die *renosterbossies* skaars); *boeta* en *sussie* word in die Boland gebruik deur jonger kinders uit respek vir hul oudste broer en suster; *borsluis* (bosluis); *daai* (kindertaal vir dankie), *euntjie* (naas *uintjie*), *ghwana* en *koewana* (naas *ghwano*); *halfaam* word *hal-faam* uitgespreek, so ook *sui-doos* (vir suid-oos, meesal op wind toegepas).

Soos ons reeds opgemerk het. besit die Boland 'n menigte woorde in verband met visserye, seeplante en seediere wat inlands onbekend is.

Daar is nog baie woorde in gebruik wat vir die binnelande verlore gegaan is, soos: *weesboom* of *wiesboom* (paal op 'n vrag gerwe), *voorleer* en *agterleer* (ook by gerwe-ry gebruik), *dolwe* (grond diep omwerk), *vaarlandsdolwe* (vlak omdolf), *nekhoutjie* (gebruik naas *draaghoutjie*), *fiskaal* (naas *laksman*), *papkuil* (*typha angustifolia*, wat inlands

palmiet of polmiet heet), ens. Reeds het ek daarop gewys, dat verskeie kossoorte met Maleise name aan die binnelanders—vernaamlik na die noorde—onbekend is, soos *bobotie, sosalie, tassal*, ens. Dan is daar blomsoorte wat nou in die Boland ook minder bekend is, soos: *karmonk, môrester, tiebliesroos*, ens.

Verder is in die Boland onbekend sulke name van voorwerpe wat daar nie aangetref word nie, soos: *doekklip* (ook *wolkclip* of *garingclip*); *terpentyboom* en die reeks name vir mimosabome, soos: *apiesdoring, kameeldoring, wag-'n-bietjie, soeldoring* en die hele reeks wat daaraan behoort. Die *waterbessieboom, ouhoutboom* (of *-bos*), *stamvrugte, wildepruim*, en die hele kommando van die aanhorige soorte ken die Bolander nie. Wat hy ken, en in die binnelande onbekend is, is *keurboom, sandolienhout, bakkersbos, duinbessies, wasbessiebos, sonkwasriet, dekriet, suurriet, turksnael* (of *muskusgras*), *pypsteelbos, maartblom* (Eng. April fool), *tolbos, melkbos, kouterbos, slangbos, krentebos, taaibos, jakkalsbos, heuningtee, trêwa* en die hele reeks veldblomme wat in die binnelande nie aangetref word nie. Sy *suikerbos* (protea) is iets anders as dié van Suikerbosrant, Transvaal. As ons verkies om verder in besonderhede en opsomming te verval, kan ons nog etlike bladsye vul; maar ons hou in ag: Ons skryf nie 'n woordeboek nie, want in hierdie opsig is die Boland baie ryk aan woorde en benaminge.

§34—KAAPSTAD EN VOORSTEDDE.

Kaapstad is die moederstad van Suid-Afrika; die stad van baie Goewerneys. In die dae van die Oos-Indiese Kompanjie het die statige amptenare daar gewoon; die deftige koopmans het daar mooi huise gebou; dokters, advokate en ander wetgeleerdes het daar hul verblyf gekies. En waar rykdom in weelde-taal spreek, daar is die mense op hul spraak gewoonlik erg gesteld.

Daar was ook die Maleise slawe en ander wat nog hul eie tale in seker gevalle gespreek het. Van dié kan nie verwag word dat hulle hul Hollands so suiwer sou praat nie.

Dan was daar die vryburgers en dienaars van die Kompanjie, en hulle het, vir die meerderheid, 'n taal gepraat sterk deur die seemanspraak beïnvloed.

En om die seël op alles te druk, Kaapstad is 'n hawestad waar gedurig skepe voor anker gelê het om goed af te

laai en ander op te neem. Siekes is aan wal vir herstel geplaas, en seelui was in gedurige aanraking met die Kapenaars, wat van ouds vir hul gasvryheid beroemd was. Ook die stad was toe nie so danig groot nie.

Sien hier onder watter invloed die Kaapstadse spraak onafgebroke verkeer het! Een van die groot reisigers het dit in sy tyd die spraak van Babel genoem.

Met dit alles het die Kapenaars hul altyd 'n voortrefliker groep beskou as die „boerkwaggas”, wat so groen lyk as dié in die stad kom; en die buiteman op sy beurt het die Kaapse „stoepsitters” vir dom beskou as dié op die buiteplase kuier en hulle daar oor niks so kan verwonder.

Die ou Kaapstadse famielies het hulle altyd daarop beroem dat hulle 'n goeie Hollands gepraat het; mnr. Melt Brink het hulle hierin tegemoetgekom en het in die Kaap-Hollands geskryf om hulle aan Hollands lees te kry. Hoe goed die spraak was, het dr. A. N. E. Changuion ons in 1844 vertel—hy wou immers Hollands aan die Kaap in ere herstel:

„Wij kunnen dit niet ter neder schrijven, zonder zelf te glimlagchen om het denkbeeld, dat we ons, bij den aanvang dezer onderneming, misschien diets maakten, dit te *kunnen* doen. Drie jaren en zes maanden zijn er sedert verlopen; en in dien tusschentijd hebben wij zoo veel nieuwe proeven van onverschilligheid, ten aanzien van de Hollandsche taal, opgemerkt, dat wij nu althans over de mogelijkheid, om het kwaad te stuiten, geheel anders denken.”

Hieruit blyk duidelik watter soort Hollands in die stad gepraat was, daar die geleerde doktor die platteland nie besoek het nie. Hy spreek nie hier van die taal van die bediende-klas nie, maar wel van dié van die gegoede klasse. Dit weet ons egter by ondervinding dat die deftige famielies aan die Kaap altyd getrag het om Hollands te praat, en ek kan my goed herinner met watter afsku hulle die poging om Afrikaans tot skryftaal te ontwikkel, bejeën het.

As daar iemand in ons land is wat maklik aan sy spraak herken kan word, dan is dit 'n gebore Kapenaar. As jongeling het ek reeds baie plekke in ons land besoek, maar nêrens is ek so deur die spreektaal getref nie as in Kaapstad.

As opgeskote seun het ek met my ouma vir weke en weke by famielie in Kaapstad gekuier, en het toe baie met die kinders saamgespeel. Daar was altyd iets in hul spraak wat ek vreemd gevind het—so anders as op Stellenbosch,

Pêrel, Tulbagh en Worcester, waar die kinders hulle maar net soos ek uitgedruk het. As jongeling was ek in Newlands tuis, maar het in die Diocesan-Kollege, Rondebosch, gestudeer. Toe het ek reeds aantekeninge van die spreekwyse begin maak. Die groentemark en Vismark het ek Saterdag besoek om die taal van die Maleiers af te luister. As vreemdeling het ieder afwyking my dadelik getref, en onmiddellik is dit in my sakboekie aangestip. Die aantekeninge het ek aan die redaksie van *Die Patriot* oorhandig, om 'n idee te gee hoe die Maleise spraak nog in die laaste tydperk van slawerny gepraat was. Interessant sou dit gewees het as ek my sakboekie nou nog by my gehad het om daaruit enige woorde en uitdrukkings hier mee te deel. Want in daardie tyd het nog baie ou slawe geleef en handel gedryf. En hulle kòn praat.

Wat opvallend in hul spraak was, is die klankveranderinge, soos: *gasê* (vir *gesê*), *gawies* (vir *gewees*), *ny* (vir *nee*), *Kylsravier* (vir *Kuilsrivier*), *krief* (vir *kreef*), *abluwee?* (vir „Wat blief u?”), en nog meer.

Mej. Sarah Goldblatt het uit die geskifte van dr. Changuion twee lesenswaardige artikels saamgestel en dié aan *Die Huisgenoot* vir publikasie gestuur. Die artikels handel oor die spraak van die blanke inwoners van Kaapstad, en 'n groot deel daarvan is ook toepaslik op Afrikaans in die algemeen. In die Vyfde Part het ek dit met toestemming oorgeneem. Dit is gepubliseer in *Die Huisgenoot* van Januarie en Februarie 1919. Al word beweer—soos uit briewe wat ek daaromtrent ontvang het—dat die klankveranderinge ook elders waargeneem word, dan versag dit nog nie die feit nie dat hulle in die Kaapstadse spraak deeglik bestaan. Die oor raak spoedig aan seker klanke gewend, sodat iemand wat in Kaapstad vir 'n lang tyd woon, nie meer die eienaardighede van daardie spraak merk nie en dit as die suiwerste Afrikaans wat in ons land gehoor word, beskou.

§35—BREDASDORP—CALEDON.

Hierdie part van Kaapland word ook Oorberg genoem. Die Oorbergse spraak is dié van die Boland met baie min afwykings. Wat dit egter so sterk deur die manier van praat kenmerk en so anders laat klink as dié van Stellenbosch en Pêrel, is die skerp bry—soos ons reeds geleentheid gehad het om die aandag op te vestig. Was dit nie vir

hierdie eienaardigheid nie, dan sou dit moeilik val om die klein verskilletjies te ontdek. Dit bevestig ook ds. D. J. Viljoen, leraar op Bredasdorp, aan wie ek ook 'n lys van woorde vir onderstreping en opmerking gestuur het. Hy bepaal ons aandag op 'n sekere woord en gee enige voorbeelde: „Die man word *baster* ryk?”—„Dit is 'n *baster* mooi perd,” ens.

Hoewel die woord *baster* as bywoord op baie plekke in ons land gebruik word, skyn dit dat die mense langs die suidelike kus daarsonder glad nie kan klaarkom nie. So vertel 'n onderwyser, in Riversdal gebore, dat hy eenmaal in 'n klas in die Sondagskool onbewus aan die kinders sê: „Salomo met al sy afgodery in sy later lewe, was darem 'n *baster* goeie man.” Die dominee, wat met die spreekwyse onbekend was, het die onderwyser voor stok gekry dat hy Salomo 'n *baster* durf noem.

Aan hierdie geweste het ons vir seker een Afrikaanse woord te danke, naamlik *hernuters* (b.v. 'n hernuterse mes). In sommige dele hoor ons dit verskillend uitspreek, soos *herneuters*, *harnuters*, ens. Die woord is afgelei van Herrn Hütters (Herders van die Here, na die naam van die Morawiese Broeders wat 'n Sendelingstasie op Genadendal gestig het). En dis hierdie sendelinge wat die Hottentotte die sterk messe en hoede leer maak het, en die Voortrekkers het dié ver met hul meegeneem.

Op die tweede oproep om my in my taalondersoek te steun het mnr. C. F. de Kock 'n gewillige hand uitgesteek. Aan hom het ek ook lyste van woorde vir vergelyking gestuur, en hy het geen moeite ontsien om 'n deeglike studie daarvan te maak nie. Mnr. De Kock was destyds prinsipaal van die skool op Baardscheerdersbos, distrik Bredasdorp; sy assistente, op Stanford, Caledon, gebore, en sy eggenote het hom in hierdie saak gesteun—soos sal blyk uit onderstaande gegewens. Mnr. De Kock—volgens sy mededeling—is in die hartjie van Kaapstad gebore, daar opgegroeï en het sy Afrikaans as spreektaal in sy ouers se huis geleer en op boerplase in Stellenbosch en Pêrel. As onderwyser het hy onderwys gegee in die distrik Kenhardt, Beaufort-Wes (in Nuweveld en Koup), Aliwal-Noord; Bredasdorp en Noordhoek (Kaapse Skiereiland). Al die tyd het hy goed geluister hoe ons mense op die onderskeidelike plekke praat. En dit is wat hy aan ons meedeel omtrent die Oorbergse spraak:

Ertappel (hier baie geplant, maar nooit word *aartap-*

pel gehoor nie). *Brulpadda* (*brulparra* of *brulpara* is hier die uitspraak). *Dutjie* neem (onbekend maar wel *bietjie gaan lê* of *bietjie gerus*). *Garing* (hier koop hulle 'n *rolletjie garing*. As kind het ek in Kaapstad 'n *rolletjie gare* of *houtjie gare* gekoop). *Garingboom* (hier ook so genoem). *Aljimmers* (het ek hier wel gehoor, my assistente sê dit word baie op Stanford gebruik). *Bohaai* (is hier *haaihoei*, ook hy *skop 'n lawaai op*, of *hy skop 'n baan op*). *Beteuterd* (hier *befoeterd*, ook *bepeuterd*). *Gooi* (hier bestaan ook die neiging om alle klanke korter te maak; dus *gôi* meer as *gooi*). *Kanallie* (meer as *karnallie*). *Gevoelte* (minder as *opienie*). *Kikvors* (nooit gebruik nie, wel *parra*). *Padda* (nooit hier gehoor nie). *Klipsalmander* (*klipsamanner* sonder *l*). *Klipsalmander* en *koggelmander* gesê deur 'n beter klas in 'n klein minderheid. *Kom* (in die sin *waskom*, *skottel* is *groenteskottel*). *Lampet* (*-kom* of *-beker* as Afrikaanse woord deur my nooit gehoor nie). *Môre* (meesal *morre*, soms *more*). *Nooi* (meesal *nôi*; onder die agterste klasse hoor ons *nooië*). *Ook* (*oek* word deur my as Bolander gebruik. Ek herinner my nie dat ek *ook* onder gewone Afrikaners gehoor het nie. Op meer as een Onderveldse plaas het ek *ok* wel gehoor. Op Stanford word *ok* naas *oek* gebruik. Om ons *ook* skryf, verbeel ons ons dat ons *ook* sê). *Oulap* (word die meeste gebruik, ook *pennie* onder skoolinvloed). *Paddastoel* (hier nooit gebruik nie, wel *parrastoel* of *parastoel*). *Palmiet* (net gebruik in die naam *Palmietrivier*). *Kaffer(s)kuil* (nooit gebruik nie). *So-ewe* (nie gebruik nie, maar *nou*, *netnou*). *Gevoelte* (naas *gevoelens*). *Karmenaadjie* (heet hier *krammenaadjie*). *Kapkar* (heet ook hier *tentkar*, *tintkar* na mate van beskawing). *Onwettig* (meesal gebruik in die sin *goddeloos*, *losbandig*). *Tarrentaal* (is hier *tarmtaal*). *Wildehoender* (word op die *bleshoender* toegepas). *Skildpad* (*skulpad* meer as *skulppad*). *Ystervark* (geen ander woord daarvoor nie). *Trapsoetjies* (is ook *verkleuremantjie* en *verkleurdemannetjie*). *Valsgelyke* (of *vansgelyke* hier nie gebruik nie, maar wel *dieselfde*, *einste*, *einsde*). *Varing* (*vare* deur *oumense*, verder die Engelse naam *ferns*). *Papkuil* (assistente sê *papkuil* groei in vleie, huise word daarmee gedek en selfs word klein huisies daarvan gemaak). *Perske* (is hier *perskie*). *Vol draadwerk* (in Boland gebruik, is hier *vol dingetjies*). *Haarlie* en *sullie* (het ek onder *oumense* in Kaapstad gehoor. Ek het 'n ou tante wat so praat). *Husse* (hier nie gehoor nie, is algemeen in

die Boland). *Juistement* (is hier *juistemint*, netso *tint*, *gö-wermint*, ens.). *Kanis* (vir smeerlap nie hier in gebruik nie, maar algemeen in Boland). *Suidoos* (vir wind is hier *siedoos* meer as *sui-doo*s). *Watter* (word hier meer as *waffer* gebruik). *Patats* (naas *patattas*). *Skoenlees* (*skoenlys* word meer gebruik). My assistente sê *apá* (word op Stanford genoor).

Mnr. De Kock beloof aan die slot van die lys om verder ondersoek in te stel; ná 'n hele ruk stuur hy weer die volgende lys en opmerkings op Baardskeerdersbos aangeteken, alwaar hy 8½ jaar onderwys gegee het; nou is hy op Noordhoek, Kaapse Skiereiland).

Aalwee (word kortaf uitgespreek *alwie*). *Akkedis* (is hier *akkerdis* en *akedis*). *Aljimmers* (baie gebruik vir *dikwels*, *kort-kort*). *Atjar* (word glad nie gehoor nie en is onbekend; *piekels* word gehoor). *Gehemelte* (*verhemelte* word gebruik). *Patats* (is *petats*, *petattas*, ook *patattas*). *Skoenlapper* (sonder *n*, dus *skeolapper*). Hier word *ysterlees* gesê. *Abba* (word hier gebruik, nie *abá* nie). *Krokodil* (*krok-kedel* word meer gebruik). *Duiwelsterk* (onbekend. 'n Ou dame wat lank gelede 'n winkel gehad het, weet hiervan. In Engels word dit *dungeree* of *galatea* genoem).

Die lys sluit met: Die name van maande word aldus uitgespreek: *Jannewarie*, *Feberwarie*, *Joeny*, *Joely*, *Agustus*, *Deetsember*. Verder hoor ons *dan en wan*; *dan en nou*; *geënt* (vir aangesteek, soos: „As die beeste dáár wei, dan is hulle vir lamsiekte *geënt*—aangesteek). *Klimaat* (in die sin van *klammigheid* soos: Die *klimaat* d.w.s. klammigheid, slaan op; of: Daar is nog *klimaat* in die sementvloer). *Lamsiekveld* (waar beeste lamsiekte kry). *Tongsiekveld* (waar beeste tongsiekte kry). *Kram(p)siekveld* (die *p* word meesal weggelaat). *Mooinôientjie* (soort vis, ook *Kaapse nôientjie* genoem, 'n plat ronde vis met blink fyn strepies, 4 by 5 duim). *Doppies* (jong *silwervis*). *Kreupelhout* (is die naam wat hulle gee aan die *oranjebloem*). *Besyds* (is hier *besyt*, soos: hou die verskillende soorte eiers *besyt*).

Uit die toegesonde lys van woorde en gesegdes blyk dit uit die onderstreping deur ds. D. J. Viljoen en mnr. C. F. M. de Kock dat aan die volgende wisselvorms daar die voorkeur gegee word:---

Baing (De Kock), *brugge*, *dip*, *motby*, *muil*, *girnaat*, *guit*, *ketaar*, *grawe* (nie *grou* nie), *gunter*, *kamma*, *laagte*, *lavintel*, *misbredie*, *miskiet*, *okkerneut*, *oek* (De Kock).

arnosterbossie, risper, seilgaar, sorteer, twak, teiken (naam), *teikenskiel, tinktinkie, varkblom, sommer*.

Daar die lys aan ds. Viljoen reeds uitgeskrywe was, en om my die moeite te bespaar om 'n nuwe een uit te skryf, het ek dié aan mnr. De Kock met die aantekeninge van ds. Viljoen gestuur. Sy Eerwaarde het aan my omtrent die samestel van sy aanmerkings geskryf: „Ik beschouw het niet nodig een kommissie bijeen te roepen. Ik, met behulp van mijn familiebetrekkingen, ben tamelik op de hoogte van zaken.” Hier volg sy opmerkings:—

(1) *Aartappel* en *ertappel*. Men hoort beide gevallen. *Aartappel* meer in het dorp en onder beschaafde kringen. *Ertappel* is echter meer algemeen. (2) *Aljimmers* is algemeen in de buitenwijken vooral in het Strandveld. (3) Andere vormen voor *dutjie* zijn: „Hy het gaan lê.” „Hy het gaan rus.” (4) Het komt mij soms voor dat men zegt *granaat*; maar *girnaat* en *gernaat* hoort men nooit. (5) *Gevoelte* hoort men nooit; *gevoele* soms. Men gebruikt meestal *gevoele, gedagte, opienie*. (6) Men zal hier nooit horen *wasskottel*, altoos *lampetkom* of *waskom*. *Skottel* gebruikt men voor vlees en groente. (7) Men hoort *krokkedel*, maar meer algemeen *krokkedil*. (8) Men hoort dit woord *oliewehout* hier zelden. Spreekt men van de olie, dan zegt men *olyfolie*. (9) *Plesier* meest algemeen; maar *pilsier* soms onder de achterklassen. (10) *Wildehoender* hebben wij hier voor een wilde vogel; maar nooit in plaats van *tarrentaal*. (11). Het gaat moeilijk, omdat men het zo vlug uitspreekt, om juist te bepalen of men zegt *renoster* of *arnoster*. Ik zeg gewoonlik *renoster* en velen met mij. Maar ik ben er zeker van dat sommigen zeggen *arnoster*—maar *arnoster* nooit. (12) *Sonstraal* meest gebruikt, maar men hoort ook soms *sonsteek*. (13) Het woord *stroois* wordt hier min gebruikt, omdat wij hier ze niet hebben. Wij hebben hier *strooihuizen* van *strooi* gemaakt. (14) *Tabak* door ontwikkelden, *twak* door verachterden en kleurlingen. *Tekenen* (naam, zelfde als vorige). (16) *Verbeelding, verbeling* gebruikt, maar meer algemeen is het woord *aanstel* of *ieperkonners*. (17) *Ook*. *Ok* heb ik hier nog nooit gehoord. *Oek* als men het duidelijk uitspreekt ook niet. *Ook* wordt algemeen gebruikt. (18) Niettegenstaande uw aanmerking, hoort men hier dikwels *baja* onder witmensen. *Baia* is de meest gebruikelijke vorm. *Baing* heb ik hier nog niet gehoord. (19) Ik heb het woord *papkuil* nog niet gehoord behalve in *Papkuilsfontein*, de naam van een plaats. (20) *Met* *saam* wordt hier ook gehoord b.v. „Hoe gaan dit *met* jou *saam*?”

§36—ROBERTSON, WORCESTER, TULBAGH,
MONTAGU.

Die sonderlinge geografiese ligging van hierdie distrikte maak dat hulle die oorgang is waar die Bolandse en Karose sprake mekaar beïnvloed. Die westelike dele volg dieselfde lewensaard en nywerhede as die ander deel van die Boland; die oostelike weer lê in die Karo en gevolglik stem dié daarmee ooreen. En na die bedryf en nywerheid word die taal gekies. In die dorpe met bostaande name word haas geen onderlinge verskil gehoor nie; maar dit word wel in die buitelandse distrikte aangetref. Behalwe Montagu is die westelike gedeeltes van hierdie distrikte in die vallei van Breërivier geleë; dis taamlik dig bewoon, en daar het van die vroegste tye gereelde verkeer met die ander dele van die Boland bestaan, wat oorsaak is dat die spraak dieselfde gebly is as wat in die Bakermat van Afrikaans gehoor word. Hieroor is dit onnodig om verder uit te wei.

Die Karo-spraak het eienaardighede van sy eie ontwikkel, waaroor ons later breedvoerig meer sal te sê hê; die verskil in spreekwyse begin sodra ons die Heksrivierberge bereik. En daar die oostelike gedeeltes binne die Karo val, is dit lig te begryp dat die spraak daar meer met dié van die Binnelande ooreen sal kom as met dié van die Boland.

So hoor ons aan die ooste van *koovoël* of *tjoevoël* praat: in die westelike is dit die *berghaan*; en so is daar meer verskille wat duidelik uit die lyste van woorde sal opgemerk word.

Aan ds. H. P. van der Merwe, Robertson, het ek ook 'n lys van woorde en uitdrukkings gestuur vir vergelyking met die spreektaal aldaar; hy deel ons mee met die terugstuur van die lys en die aanmerkings daarop, dat hy een van die onderwysers gekry het om die onderstrepings en aantekeninge daarop te maak. Hier volg dit:—

Aalwee en *aalwyn* (albei dikwels gebruik). *Aartappel* (die uitspraak is hier kort *artappel*). *Akkerdis* word die meeste gebruik. *Aljimmers* is hier onbekend. Die meerderheid sê *baie*. *Kokkewiek* is die uitspraak hier; op Malmesbury het ek *bokmakocr* gehoor. Op Wellington praat ons soms van *bojaan* (vir *bobbejaan*). *Bohaai* (die woord skyn hier *behaai* te wees). *Keffer* word hier gebruik vir 'n Hottentot-hond; *brak* vir *pointer*. *Brulpadda* (heet hier *brulparra* of *brulparrak*). *Dutjie* (onbekend, *bietjie lê* is die gewone gesegde). *Grenaat* (die uitspraak skyn te wees *genaat*).

Kamma (is *kamtag*; meer *kastag*). *Kikvors* (is hier *kirkvors*). Hulle praat van *koggelmannetjie* en *mermotjie*. *Onwettig* en *stout* (vir ongehoorsame kind) word albei gebruik. *Palmiet* en *papkuil* bekend as verskillende plante. *Kerwats* ook *kerdontou* is die gebruikte vorms. *Poelpetaan* (is hier *poelpetater*). *Skildpad* (is hier *skilpad*). *Dotter* (is onkruid in lusern). *Sonbesie* (heet hier *somersbesie*, ook *singbesie*). *Strooihuis* (heet hier maar *pondok*). *Tekenskiet* en *teikenskiet* (naas mekaar gebruik). Tot sover ds. Van der Merwe.

Die spraak van Montagu, wat die buitedistrik betref, staan baie onder die invloed van die Karo-spraak. In 1877, toe ek in die Keisie en Koo was, kon ek haas geen verskil ontdek tussen dié spraak en dié van die binnelande nie. Die dorpsmense van Montagu weet dit en het destyds aanmerkings daaromtrent gemaak. Tussen die berge ingesluit het daar nie baie vreemdelinge gereis na Keisie en Koo nie; so hou die mense daar vas aan hul ou gewoontes.

Wat wisselvorms van woorde betref, word in bogenoemde distrikte die voorkeur gegee aan die volgende—uitsonderinge is daar altyd:—

Atjar, *baie*, *beteuteld*, *bietjie*, *bleik* (wasgoed), *bobbejaan*, *bril* (nie *brille* nie, Eng. invloed), *brugte*, *dalia*, *esel* (vir *muil*), *gare* (so ook meesal *gareboom*), *verhemelte*, *geut*, *kitaar*, *grawe* (nie *grou* nie), *gôï*, *gunter*, *harpuis*, *iewers*, *kalmoes*, *kan* en *ken* (in die betekenis soos geskryf word), *karnallie*, *kapkar*, *koggelmannetjie*, *klipsalmanner*, *kom* (vir *waskom* en *blikkom*); *skottel* (vir *vleis-* en *groenteskottel*), *kanyntjie*, *laagte*, *leventel*, *lunsriem*, *misbredie*, *miskiet* (vir *muskiet*), *môre*, *nôï*, *okkerneut*, *oek*, *oulap* (vir *pennie*), *sampioen* (vir *paddastoel*), *petats*, *annosterbossie*, *rispe*, *rolletjie* (*gare*), *seilgare*, *stinkblaar*, *soemaar*, *sonsteek*, *sorteer*, *donkie*, *suurtjie* (vir *lemoenhuisie*), *swaweltjie*, *tabak*, *teken* (naam, so ook *tekenskiel*), *tingtinkie*, *toor* (so ook *toorgoed*), *trapsuutjies*, *varkblom*, *vlerremuis* (naas *vlermuis*). So hoor ons in Robertson: „Hy is die snaakse man wat ek gesien het.” In die Boland is dit: „Hy is die snaaksste man,” ens.

Aangaande Tulbagh, sy oostelike gedeelte strek hom uit in die rigting van die Koue-Bokveldse dorpe Ceres en Prince-Alfreds-Hamlet en die Roggeveldse dorp Sutherland, waar die spraak in die buitedistrikte onder Karo-invloed verkeer. Wat die westelike deel Winterhoek en die part tot aan Groot-Bergrivier betref, is dit suiwer die spraak

wat in die ander gedeelte van die Boland gehoor word; dus val hieromtrent niks meer aan te merk nie.

Daar die woord *kaffer(s)kuil* hier netsowel as in Clanwilliam met *s* agter die samestelling *kaffer* uitgespreek word, en dan die enigste Afrikaanse woord is wat also uitgespreek word (vergelyk *kafferkonink*, *kafferkoring*, *kaffermeid*, *kafferkraal*, ens.), so het ek grondig ondersoek vir die rede hiervoor ingestel. Laat ek hier vooraf vermeld dat my vader vroeër gewoon het aan Klein-Bergrivier, Tulbagh, en later in Clanwilliam naas die pastorie waar dr. Leipoldt was. So is ek goed op die hoogte van die spraak van daardie twee plekke. Soos reeds vermeld, het ek aan dr. Leipoldt gevra waarom hy *kaffer(s)kuil* met 'n *s* skryf; sy antwoord was: „Omdat die gedagte is dat Kaffers daarin skuil; so is die woord eintlik *kaffer-skuil*,” en nie *kafferskuil* nie.

Ook wou ek seker wees of die woord *papkuil* in Tulbagh deur gebore Tulbaghse mense also uitgespreek word; so het ek aan mnr. C. H. Steyn, prinsipaal van die Hoër Skool aldaar, geskryf om namens my ondersoek in te stel. Hy het die brief oorhandig aan mnr. D. B. van Rensburg, een van die onderwysers, wat ook sekretaris was van die S.A. Onderwysers-Unie; en dit is wat mnr. Van Rensburg skryf:—

„Ek het die kinders gevra om eksemplare van *palmiet*, *papkuil* en *kaffer(s)kuil* te bring, dit eers aan hul ouers, ens., te toon en dan te vra wat die ouer mense die plante noem en veral mooi te let op die uitspraak van *kaffer(s)kuil*.

„Sommige het beloof om *palmiet*, ander *papkuil* en die derde om *kaffer(s)kuil* te bring. Dit het gebeur. Ek het toe self die plante aan ander boere getoon en die name gevra.

„Die uitslag is as volg: (1) *Kafferskuil* word deur almal wat ek gehoor het, met 'n *s* uitgespreek. Sommige gaan selfs so ver om te sê dat die Kaffers daarin *geskuil* het, en daarom dus die naam.

„(2) *Palmiet* en *kafferskuil* is dieselfde plant—hulle lê nou hier voor my, sodat ek self kan oordeel; maar die boere wat opletterend is, sê dat dieselfde plant 'n klein verskil in groei aantoon namate die grond, waarin dit groei, verskil; maar dit is slegs 'n verskil in lengte en breedte van die blare, juis soos die twee voorbeelde wat nou voor my lê. Die neiging egter is om die plant *palmiet* te noem as hy klein is; en *kafferskuil* as hy groot is. Sommige mense eet

die sagte deel van die stam, as hulle die blare en bas afgetrek het.

„(3) *Papkuil* is heeltemal verskillend van die vorige twee plante. Dit gee 'n lang sponsagtige blaar. In Uniondale, waar ek gebore is, het ons hierdie plant goed geken en gebruik vir die bou van wat ons daar noem 'n *papkuilhuis*.”

Tot sover mnr. D. B. van Rensburg.

In die Boland het die kleurlinge vroeër van die palmietblare hoede gevleg en gedra. Waai so 'n hoed af, of bly dit eenkant lê en beeste kom daarby, dan is dit die laaste sien van daardie hoed. Om hierdie rede het die volk hierdie soort hoede *beeskos* genoem—natuurlik 'n spotnaam.

Tulbagh, net soos Caledon, het sy aandeel bygedra om ons taal aanmerklik te verryk met 'n skat van woorde in die vorm van blomname. Albei distrikte is wêreldberoemd vir hul mooi veldblomme. Vir die Europese mark lewer hulle tonne *sewejaartjies*, waarvan die mooiste dien vir droë ruikers en kranse om op grafte te lê, terwyl etlike tonne na die matrasmakers gaan om bulsakke mee op te stop. Hoe soet is die drome op 'n bed van blomme! Die name van veldblomme is: *tjinkeretjienk* (klanknabootsend, die steeltjies teen mekaar gestryk maak dié geluid), *bobbejaantjies*, *kalossies*, *gousblom*, *keurtjies* (*gansies*), *suurkanol*, *pypies* (*gladiolus*), *kaneeltjies*, *perlemoentjies*, *uilblom*, *afrikaners*, *doublom*, *veldrosies*, *kalkoentjies*, *disa*, *trêwa*, *sambreelblom*, *maartblom*, *vetkousies*, *botterblom*, *moederkappies*, *lewerblom*, *harslaggies*, *heuningblom*, *inkblom*, *vygies*, *koekemakrankablom*, *veldlelies*, *heide*, ens..

§37—CLANWILLIAM, VANRHYNSDORP.

Net soos die laasgenoemde plekke die bufferdistrikte tussen die Bolandse en Karose sprake is, netso is Clanwilliam en Vanrhynsdorp die bufferdistrikte tussen Boland en Namakwaland, waarvan die gebruik van woorde en spreekwyse aanmerklik van mekaar afwyk. Soos te verwagte, kom suidelike Clanwilliam se spraak sterk ooreen met dié van die Boland, terwyl die noordelike deel van Vanrhynsdorp sterk deur die Calviniese en Namakwalandse sprake beïnvloed word. Nieuwoudtville, in die Warm-Bokveld, slaan ooreen met dié van Calvinia en Roggeveld.

Voor ons tot bespreking van hierdie spraak oorgaan,

wil ons die vraag stel: Wat is die kentekens van suiwer Afrikaans? (a) Is dit dié wat die naaste is aan die Hollandse taal wat woorde en sinbou betref, en maak dit die taal selfstandig? (b) Of is dit dié wat die rykste aan eie woorde en uitdrukkings is in ooreenstemming met die volkskarakter? Natuurlik is 'n mooi sinbou altyd 'n bepaalde vereiste. As my waarneming in verband hiermee vir iets geld, dan wat vereiste (a) betref, moet ek verklaar dat die Bolandse spraak ryker is aan egte Hollandse woorde en uitdrukkings as dié, in die algemeen geneem, van enige ander deel van ons land; en wel omdat hulle daar van altyd af beter skoolopleiding gehad het. Wat vereiste (b) betref, kan die Boland nog nie die voortou vat nie—wat geen ander ook kan doen nie, daar dit nog nie die volle woordeskat van Afrikaans beheers nie, en gevolglik is om van Hollands te leen makliker. Maar elke jakkals prys sy eie stert, en so is dit met die spreektaal oor ons hele land. En hoe dit ook al mag gestry word, die Bolandse spraak het orals weldadig op ons spreektaal gewerk en ook hier in die deel van ons land onder bespreking.

Die bediende-klas van hierdie streek is Hottentotte, wat lankal hul eie taal prysgegee het vir Afrikaans van 'n laer gehalte as wat die Afrikaans is deur die kleurlinge van slawe-afkoms gepraat.

Die klankverandering word hier sterk gehoor soos hier onder aangedui. Die famielie Burger word daar *Bûre* genoem. Soos meegedeel, heet *palmiet* daar *kafferskuil*; en van hieraf inlands word *papkuil* nou *palmiet* genoem—wat die algemene benaming is in die binnelande en die streke noord van Grootrivier. Die Bolandse *stinkblaar* (*datura stramonium*) heet hier *dotter* lank voor lusern in S.-Afrika algemeen gekweek is en het niks met *dodder* te doen nie. Reeds het ons die aandag gevestig op die veelvuldige gebruik van *dit* man, *dit* vrou, *dit* dier of plant, dat dit onnodig is om op die nut daarvan terug te kom. *Brugte* of *brugge* is hier *brûe*. Meervoud van *rug* (bult in die veld) is *rûe*, so ook *rûensveld*. Meervoud van *sog* is *sôe*, van *trog* is *trôe*, Bolandse *kaffervink* is *borrelvink*, *Piet hulle* is *Pietgoed*. „Ek *sil* dit nie doen nie” vir „Ek *sal* dit nie doen nie,” *moet* vir *met*, b.v. ek gaan *moet* jou saam, *groetenis* tuis vir *groete* tuis, *komlestiek* vir *gomlestiek*. Die Bolandse *klap-klappie* of *soutvaatjie* (voëltjie) heet hier *dirk-dirkie* (klanknabootsing). In verband met wisselvorms van woorde was my suster mej. Kittie von Wielligh, wat in die Clan-

williamse distrik gebore en opgegroeï is, so vrindelik om my woordelys te onderstreep en gee ons die volgende woorde aan wat daar gangbaar is:—

Ertappel, akeldis, aljimmers, appelliepie, atjar, baing, berghaan, biekie, bleik (wasgoed), bobbejaan, hohaai, keffertjie, brille (vir enkelvoud), dalia, dip, dutjie, garing, verhemelte, gensbok, grenaat, gesprikkel, guit, gooi, girdyne, ginter, ewers, klipsalmanner, krikvors, kanarieblaar (vir kaladieblaar), krimenaadjie, konyntjie, krokkedel, leventel, malmokkie, miskiet, more, nooi (vrou of meisie), opstermaat, okkerneut, ook en oek (albei), patats, plaks (donkiehandsweep), tarmtaal, arnosterbossie, risper, rolletjie (garing), seilgaring, skilpad, skoelapper, sonbesie, sonstraal (siekte), soewat, donkie, strooihuis, swaaltjie (voëltjie), tingtinkie, trapsoetjies, varo's (vir varens), varkblom, verbeling, vergièttès, vlei (vir pan water).

Mej. Mollie Visser, dogter van mnr. Pollie Visser, Heksrivier, Clanwilliam, het my die volgende meegedeel:—

Twak (vir tabak), koeskop (vir poenskop), kap (ook stelpolvy), katjangboontjie (vir swartbekboontjie), tanteletant (vir sambreelblom), hoeka (vir lankal), dan en wan (vir nou en dan), otjie (vir vark), smolletjie (sopie, van Eng. small), soba! of soeba! („soba! dis koud”, naas soeba! dis koud”), makos (sambok); so sê ons ook: „Die hele klomp mense was hier”, naas: „Die hele kasern mense was hier.” Ons sê nie, soos in Namakwaland nie: kees (vir kis), kenners (vir kinders), en ook nie oener vir onder nie. Papperets (is pappery of papperig, b.v. „die kos is papperets sowel as: „die kos is papperig”). Flussies of strakkies (vir so-ewe), ou (vir gee. Hott. invloed b.v. „ou vir my 'n stukkie”), kaalkar (kar sonder kap), amalling (vir amandel), Groente op eettafel heet toekos of bykos, Se(p)timmer (vir September), Oktoor (vir Oktober), soel (donker of blas van kleur, b.v. die meisie is soel), hoogs (vir groots, b.v. Ek is hoogs op my tuin). Jou neus is toe (vir jy dink baie van jouself), gif naas geef (vir vergif). Ons sê: kammatie, kamtag, ook kamma. Juistement in die sin: „Dis juistement hy wat so sê.” Of antwoord op 'n vraag, b.v. „Is dit die baas, met die bleskop, wat dit gedoen het?” Antwoord: „Ja, dis juistement hy wat dit gedoen het,” (nl. hy is die regte een). So praat ons ook van hoenersteier (vir hoenderstellasie), tinktink (vir taai-tammeletjies wat nog drade trek), qhoena (vir Hotnotsvye), ens.”

Tot sover mej. Mollie Visser.

Mej. Maria Visser, dogter van mnr. Dirk Visser van dieselfde plaas Heksrivier, Clanwilliam, het onderstaande aan my meegedeel.

Vooraf maak sy ekskuus dat die voorlopige lysie so min bevat en vertel hoe die meisies aan die Pêrel op skool gelag het omdat sy so skerp bry. Dit kan ook nie anders nie—anders sou sy die ou tradisie van die Clanwilliammers, om so sterk te bry, nie ophou nie. Dit is wat sy ons vertel:—

Die woord *ook*, meen sy, word hier meer gebruik as *oek*, wat met haastig spreek daar ook gehoor word. Nooit sê hulle daar *ok* nie. Ook volgens haar mening is daar baie min onderskeid tussen die spraak van die voorste mense en die minder bevoorregtes en meen dat dit op ander plekke anders is, waar die arm klasse hul van slegter spraak bedien. Die taal van die kleurlinge daar laat sy buite die kwessie, en vervolg: Ons sê hier *tein vir tuin* (alle stande sê so). Ons praat van *draaghoutjie* (en nie van *nekhoutjie* nie). *Kafferskuil* (vir Bolandse *palmiet*). En *palmiet* (vir Bolandse *papkuil*). So sê ons ook *vleikiesriet* (vir *fluitjiesriet*), *waterloop* (vir *spruit*), *sigslot* (vir *sugsloot*), *koggel* of *uitkoggel* (vir *uitjil*, of *spoldrywe*—al die vorms is by ons gangbaar). Ons sê *gefop* of *gekul* (maar nooit *geflous* nie). Sommige praat van *kambers* (vir *komers*), *leegte* (vir *laagte*), *fintyn* of *fantyn* (vir *fontein*). Ons praat van *tafelklikie*, maar nooit van *tafelklytjie* nie. *Moffies* (is gebreide vel- of wolhandskoene sonder vingers). Ons gebruik die woord *duinbessie* (vir *skilpadbessie*).

Verder deel sy mee dat haar vader haar op die volgende woorde attent maak—woorde wat hy in Namakwaland gehoor het en wat nie in Clanwilliam gebruik word nie: *minse* (vir *mense*), *gasê* (vir *gesê*), *klof* (vir *kloof*), *doeër* (vir daar *vèr*), *oer* of *geöer* (vir *oorheen*), *beult* (vir *bult*), *klong* (vir *kleinjong*), *gasels* (vir *gesels*), *diesman* (vir *duisman*), *ravier* (vir *rivier*), *das mooi* (vir *dis mooi*), *skeut* (vir *skuit*), en so meer—alles wat nie in Clanwilliam gehoor word nie.

In 'n later brief meld sy: „Ons hoor die volgende woorde hier:—

„Hy moet van die *end* af so gemaak het” (i.p.v. „Hy moet van die *begin* so gemaak het.” *Geweer* (in die Sandveld is dit *roer*). „Moenie so *swets* nie” (naas „Moenie so vloek nie”). Die uitspraak van die woord *bobbejaan* is hier baie onvas (so hoor ons naas die mees gebruikte *bobbejaan* ook *bojaan*, *boejaan* en *babbejaan*).

Tot sover mej. Maria Visser.

Wat die klankverandering van woorde in Clanwilliam betref, sal 'n onoplettende persoon nie gou getref word nie dat *viekiesriet* daar amper die uitspraak van *fluitjies* bereik, so ook *tein* en *tuin*. Die spraak van die Cederberge is dieselfde as wat in die ander part van die distrik gehoor word; so ook is die Sandveldse spraak dieselfde. *Verloreveli* ('n pan) heet daar *Vloorveli*, *flamink* is daar *volmink*, net soos op baie ander plekke. Aangesien die Sandveld aan die see grens, is Lambertsbaai hul strand 'n groot visplek; gevolglik is hulle hier met die name van visse, skulpe en seediere bekend. Vakansiegaste besoek hierdie baai in die somer.

Hier sluit ons met die Bolandse spraak af—wat feitlik tog nie die geval is nie. Want die Bakermat van Afrikaans—sowel dié van die spreek- as skryftaal—is in die Boland geleë. Dié spraak het die trekkers na die ander dele van ons land meegeneem; en daar het dit onder verskeie invloede gekom om seker wysiginge te ondergaan, waarop ons voortgaande sal let.

Maar soos ons reeds aangehaal het, is die spraak hier die oudste; en gevolglik het dit meer eienaardighede ontwikkel as op enige ander plek. Daarom moet ons so dikwels hoor: „Jy praat nes die Bolanders.”

S P R A A K A F D E L I N G No. 2

§38—NOORDWESTELIKE DISTRIKTE, KAAP- PROVINSIE.

Hierdie Spraakafdeling wyk baie af van die Bolandse spreekwyse—meer so as van enig ander. Uit die talryke voorbeelde wat ek voortgaande die aandag sal op bepaal, sal ons 'n duidelike begrip lewer hoe die inwoners daar hulle in woorde uitdruk; maar dan sal uit dié voorbeelde ook blyk dat al die woorde en uitdrukkings nie alleen aan daardie geweste behoort nie. Sou ons slegs afwykings voor ons hê, dan kry ons 'n heel vae idee hoe die mense daar praat. En waar is 'n distrik wat net sy *eie* spraak het? Billokheidshalwe mag ons vir ons nie slegs aan afwykings verbind nie, maar ook vertel hoe Afrikaans oor ons hele land gepraat word; en gevolglik moet ek die slegte sowel as die goeie spraak aantoon, sodat die leser sy *eie* gevolgtrekkings daaromtrent kan vorm.

As daar plekke op aarde is waar 'n geweste die druk-

kende hand van die natuur dapper weerstand bied, dan is dit voorwaar Namakwaland, Boesmanland en die Karo-gebied. Soms bly reëns daar vir lange tye weg; alles skyn dan verdroog te wees; en 'n maand of so, ná deurdringende reëns, word die woestyn 'n paradys waarheen duisende en duisende stuk wild en ontelbare swerms bye heentrek om daar te verjaar en fees te vier. Maar die vernietigende droogtes ontbloot daardie geweste van amper al die vee; so wanneer die boer die diere van ellende voor sy oë sien omkom, dan slaak hy die versugting: „Mog daar maar soveel aanteelgoedjies oorbly dat ek daarmee weer kan begin.” Maar daardie ontmoedigende teëslae vyl aan 'n volharding van staal.

Dit was in die jaar 1870 dat ek die noordelike distrikte saam met my vader vir die eerste maal besoek het. Alles het daar floreer soos in die sewe goeie jare van Farao. Van 1880 tot 1883 het ek as landmeter op Calvinia gewoon en het plase heinde en verre gaan opmeet. En dit het my in staat gestel om die spraak van daardie geweste af te luister toe ons so gesellig bymekaar was.

Die oorsaak dat die spreektaal hier so agteruitgegaan is, laat hom maklik verklaar. Ongeveer tot 1875 was al die gronde daar nog oop kroonland; aan elkeen was dit vrygelaat om met sy vee daarop ongestoor rond te trek. Word dit op een plek te droog, dan word na 'n ander gedeelte getrek. Aan die keuse van vaste woning was dus nie te dink nie. Gevolglik was daar nie kerke en skole gebou nie. En dit was die nekslag vir verstandelike opvoeding. Behalwe die dorpie aan die kopermyne en Port-Nolloth was Calvinia die naaste dorp van betekenis, wat gemiddeld twintig uur te perd ver is. Om so 'n lang reis met ossewa te onderneem en dan nog die vee onder die sorg van ander te laat, het baie bygedra dat nagmaal nie gereeld bygewoon is nie. Aan openbare onderwys was nòg deur Staat, nòg deur Kerk iets gedaan. Daarom het die Roomse Kerk daar so 'n vat gekry op mense wat aan hulself oorgelaat is. Ongetwyfeld het die bevolking aldaar op verstandelike gebied stil bly staan—indien nie, in baie gevalle, agteruitgegaan nie. Dit is nog 'n wonder dat onder sulke toestande die Afrikaners van die Noordwestelike Kaapland vir die Afrikanerdom nie totaal verlore gegaan is nie.

Hoewel sonder behoorlike onderwys het die Afrikaner sy taal behou—hoe dit ook al vermink is. Die groot gebrek aan doeltreffende leesstof het hom hier gedug laat voel;

iemand uit daardie geweste skryf my: „My skoolkinders het my *Jakob Platjie* so opgelees, dat ek nou weer 'n nuwe moet koop.” Lê voor die nie-lesers verteerbare lektuur, en hulle sal dit geredelik verslind. Plaas dit in hul bereik, en hulle sal dit kom steel—dit weet ek by ondervinding.

Maar dis juis hierdie gebrek aan die regte leesstof—omdat dit daar nie te kry was nie—wat bygedra het dat die spraak van daardie oorde so agteruitgegaan is. Baie gepaste woorde en uitdrukkings is vir daardie mense verlore geraak; ook is die bestaande voorraad woorde erg vervorm, en die nuwe spraakdele wat die veranderde toestande moes vertolk, is weens gebrek aan taalbegrip onhandig gekies, of toevlug is geneem om woorde uit die tale van die Hottentot en Boesman te ontleen. Met dit alles voor ons, en daarby dat hierdie spraak die platste vorm is wat Afrikaans onder blankes bereik het, kan dit nie onken word nie dat hierdie spreekwyse die pittigste en beeldrykste is wat ek in ons land teëgekrom het. Lees verder, en ons sal van hierdie feit ten volle oortuig word. Nou mag hul plat lyk; publieke sprekers sal sommige van die woorde en raaksiening in hul toesprake gebruik om dié „mak” te maak, en eerlank pryk hul in die skryftaal soos: „Bo my vuurmaakplek,” „uitoorlê,” „toe ek my kom kry.” ens., wat vroeër as baie plat beskou was.

Alvorens ons oorgaan om die spreektaal te behandel, wens ek duidelikheidshalwe 'n lys van gebruikte woorde voor te lê om 'n begrip te kry watter vorme uit verskillende uitsprake van een en dieselfde woord gekies word. Dit sal ek by elke Spraakafdeling doen om te let op hoe die woordegebruik verander of dieselfde bly. Hier volg die lysie van gekose woorde:—

Alwyn, ertappel, akkeldis, aljimmers, appelliefie, atjar (piekels nie gebruik nie), *baie, beteuteld, bietjie* (naas *biekie*), *bobbejaan* (ook *bojaan*), *hoehaai, keffertjie* (ook *brakkie* op klein soort honde toegepas), *bril* (b.v. „Hy dra 'n bril”), *brulpadda* (ook *parra*), *bokmakierie* (pleks van kokkewiet), *brugte* (naas *brûe* en *brûens*), *skaapdip, dutjie* (onbekend), *duiwel-by* (sonder *s*), *warrelwind, flus* (nie bekend nie), *flussies* (word in Namakwaland gehoor), *gare, gareboom* (in Namakwaland heet dit ook *mak-alwyn*), *verhemelte, gensbok, girnaat* (naas *gernaat*), *gesprikkel* (ook *gespikkel*), *guit, gevoelendheid* (ook *gevoelens*), *kameel* (vir giraf), *kitaar, gooi, girdyn, gunter, harpoen* (van 'n pyl), *repuis, iewers, kaaiman* (soms toegepas op klipsal-

mander), *kalmoes*, *grou* (vir *grawe*), *oener*, *kamma* (ook *kamma*, *kamtag*, *kamelielies*), *kan* en *ken* (word reg gebruik), *karnallie*, *salmanner*, *koggelmanner*, *kom* en *skottel* (reg gebruik, b.v. *waskom*, *bakkom*, *vleisskottel*, *groenteskottel*), *kommande*, *leegte* (soms *laagte* gehoor), *levantel* (ook *lavintel*), *leunsriem*, *miskiet*, *môre*, *opsternaat*, *okkerneut*, *onwettig* (naas *stout* vir ongehoorsame kind), *oek* (naas ook), *oulap* (pennie), *paddastoel* (naas *parrastoel* en *sampioen*), *papkuil*, *patats*, *plaks* (donkiekarwats), *tarmtaal* (poelpetaan onbekend), *renoster*, *risper* (naas *rispe*), *rolletjie* (*gare*), *seilgare*, *sonbesie*, *sonstraal* (ook *sonsteek*, *siekte*), *solteer* (vir *sorteer*), *dotter* (vir stinkblaar), *strooihuis*, *swaaltjie* (voëltjie), *twak*, *teiken* (naam skryf), *teikenskiet*, *tink-tinkie* (soms *ting-tinkie*), *trapsuutjies* (ook *Jantjie-suutjies-trap*), *pan* (mees *kolk*), *vlei* (sowel vir 'n *vlei water* as vir 'n vlak *leegte*), ens. Ons hoor ook soms *geuskenners* of *guskinders* (vir ongetroude jongmense).

§38(A)—BOESMANLAND.

Hierdie geweste het sy naam Boesmanland te danke aan die menigte Boesmans wat hier in vroeër tyd gewoon en gejag het. Die wêreld hier is gelyk en met koppies en rante ver van mekaar besaai. Op plekke is dit sanderig; op ander, waar dit *kaiingveld* is, is dit so hard en gelyk as 'n tafel. Die landskap is vaal en grou van kleur; lopende water vind 'n mens daar nie as net ná 'n groot reënval. Sommige riviere, waarvan Hartbeesrivier een is, het op baie plekke rotskranse aan die oewers, wat getuig dat daar 'n tyd was dat die strome standhoudend was, daar dit honderde jare vir water neem om so 'n kanaal deur die harde rots uit te kerf. Nie alleen het die Goewerneurs van die Kroonkolonie die mense daar aan hul eie lot oorgelaat nie, maar ook min aandag bestee aan hoe sake daar van Regeringsweë toegegaan het. Kenhardt was in die ou dae die enigste poliesiestasie vir die hele Boesmanland. Die publieke geboue het vaal kleimure en 'n grasdak gehad en het daar treurig uitge sien. Voor die deur, onder die kareebome, het 'n blok gelê met gate daardeur om die voete van gevange Boesmans daarin te steek, waardeur hulle belet geword is om te ontvlug. Die voorste kamer was die kantoor of raadsaal, waarin o.a. 'n paal geplant was met 'n koffiemeul daaraan. Nooit sal ek die dag vergeet nie toe ek as elfjarige seun een namiddag daar koffie moes gaan afmaal. Ek was moedersiel-

alleen. Eers het ek die voetblok vir Boesmans voor die deur beskou en toe binnegestap. Die eerste wat my oë op val, was 'n rak waarop verskeie kopbene van Boesmans was. Maar dit belooft ek u, so gou het ek nog nooit 'n groot brandsel koffie in my lewe afgemaak nie! Wel, dit was die publieke kantoor van die hoofsetel van Boesmanland; as dit hier so toegegaan het, watter aandag is aan die distrik bestee? So 'n verwaarlosing het natuurlik nadelig op die mense alhier gewerk; en na hul ontwikkeling, of nie-ontwikkeling, het die spraak sy eie koers ingeslaan.

Aan ds. J. F. Mentz, predikant op Kenhardt, het ek 'n lys van woorde en uitdrukkings gestuur om met die plaaslike spraak te vergelyk. Hy het net pas daar aangekom; so het ek hom by verrassing gepak en kon hy nog nie veel vertel nie. Dit is egter wat hy ons meedeel:—

Hulle noem die predikant en sy vrou gesamentlik *me-neer-goed*. So hoor ons ook: „Daar kom *boeta-goed* aan” (as 'n broer met ander saam aankom). „Ek het hom hier agter die bult *gehad* en weer *gelos*” (vir „Ek het hom hier agter die bult *ontmoet* en weer *weggegaan*). „Ons was in 'n *dikkedensie* met die saak” (vir „Ons was in 'n *moeilikheid* met die saak”). „Dit is nou vir jou weer 'n *pyntensie*” (vir „Dit is nou vir jou 'n *moeilikheid*”). „Ek voel net *kaduks*” (vir „Ek voel net *ongesteld*”). Verder *gevoelendheid* (vir opienie). *Krimpvarkie* (vir rolvarkie), *mûe* (vir muggies). Soms word Bybelse tekste aangehaal wat nie die juiste betekenis teruggee nie. Dubbelvorms tref 'n mens hier dikwels aan (soos: *by* en *met* ons. Ook hoor ons van *koppietjie*, *klippietjie*), ens.

Tot sover ds. Mentz.

Die plantegroei van Boesmanland kan langdurige droogtes deurleef; oor die vlaktes is versprei *doringbome*, waarvan sommige groot weerstand teen droogte kan bied; en, soos iemand gesê het, sou 'n mens hulle op die waterlose maan plant, sou dit 'n wonder wees as hulle daar nie groei nie. Die sandbeddings van riviere hou soms vir 'n lang tyd water; grawings daarin gemaak heet *gorrês*, waaruit drinkwater geskep word. Die vee kry hul drinkwater geskep met emmers uit *putse* (putte) en word gegooi in *klipkrippe* in die grond bevestig. Op die rante groei *alwyn*, waaronder hom bevind die *kan-nie-dood-nie*, wat vir jare in die lug opgehang kan word sonder tekens van gebrek te toon—sy bont gespikkelde vleisige blare bly stewig en blink en die rooskleurige blomsteel verskyn op die gesette tyd.

Op die wye vlaktes wat nêrens skyn te begin en nêrens skyn te eindig nie, groei *vyebossies* getooi in blommeprag van alderhande kleure: ook sien ons daar *blomkoolbossies*, *driedoringe*, *repuisbossies*, *brakslai*, *gannabos* (of *asbos*), *volstruisgras*, en meer van dié soort. Hier is die tuiste van die *boesmangras*, wat in goeie jare op die veld pronk soos koring op 'n land. Die *noordpol* en *noorsdoring* ontbreek hier nie; en pragtig teen die rantjies staan die *kokerboom*, waarvan die Boesmans hul *pylkers* vervaardig. Die gif vir hul pyle is afkomstig van die *gifbos* wat maar op 'n paar plekke groei in Boesmanland bokant Upington tussen Vaalkoppies en Matjiesrivier. Die naam van die plek is Gifkloof, alwaar dit tot vervuilens groei. Die *gifbos* het geen blare nie, net vierkantige arms en wat van vyf tot ag voet hoog word (dit is 'n *euphorbia* of 'n soort *noorsdoringboom*). Die onverganklike olie waarmee die Boesmans hul skilderings uitgevoer het, word van die *t'kouboom* se bessies gemaak; in die sandlaagtes van Brabees, Renosterkop en Noudonsies word die bosse in menigte aangetref. As die aankweek van die *t'kouboom* in hande sou geneem word om dié olie daaruit te vervaardig, wie weet wat 'n bron van inkoms dit vir die Boesmanlanders sou wees. Die *ajoo*s is 'n bolvormige swamgewas (duiwelsbrood) en lewer die kastaiingbruin poeier waarmee die Hottentotte en Boesmans hul gesigte mee blanket. (Dit heet in die Karo ook *oeltjies* of *nambosies*—ons kom later weer hierop terug). Die *t'kooibos* se gom het die Boesman ook vir sy skilderinge gebruik (sien verder *Boesman-Stories*, Deel III p. 144). Die sonsondergang in Boesmanland is pragtig; wanneer die son opkom, lyk dit groot, of soos die mense dit daar uitdruk: *so groot soos die voorwiel van 'n wa*.

Die weleerw. dr. W. P. Steenkamp was so vrindelik, op my versoek, om iemand aan te wys wat met die Namaqualandse en Boesmanlandse spraak op die hoogte is. Hy het mnr. Emanuel de Roubaix, prinsipaal van Roggeland-skool, naby Nieuwoudtville, aangewys. Mnr. De Roubaix het van kind tot jonkman in Boesmanland opgegroeï, sodat hy hom 'n Boesmanlander durf noem. Hy het die spraak gepraat, en daarby is hy 'n baie goeie opmerker met 'n fyn gehoor vir klanke. Aan hom het ek ook 'n lys van woorde en aantekeninge gestuur, en dit is wat hy daaromtrent meedeel:

Die woord *nôï* se uitspraak is moeilik om te beskryf soos dit hier uitgespreek word—net soos die geval met die

woord *baie*. Ons sê nie kortaf *nôi* nie, maar ook nie lank-uit *nooi* nie, maar ons is nader aan *noi* as *nooi*. As ons *nôi* uitspreek, is dit asof ons die *n*-klank so saamsmelt met *ôi* dat dit tot op die end van die uitspraak nog saggies gehoor word. Netso is dit met *baie*. Ons sê nie *baie* nie, maar ook nie duidelik *banje* of *baing* nie. Dan vervolg mnr. De Roubaix :

Die spreektaal van Boesmanland kom baie ooreen met gewone Afrikaans soos dit gewoonlik gepraat word, hoewel daar taamlieke uitsonderinge in voorkom; dog dis beter as dié van Klein-Namakwaland (Groot-Namakwaland lê noord van Grootrivier en val derhalwe buite ons bespreking).

Die omgang met die Basters (Griekwas), Boesmans en Hottentotte, die gebrek aan leesstof, die aanraking met die trekboere van Namakwaland, die moeilikhede aan 'n trekkerslewe verbonde, die eienaardige omstandighede en die omgewing van die natuur aldaar, ook die afgeslote lewe—dit alles het natuurlik groot invloed op die spraak van die Boesmanlander uitgeoefen. Gelukkig 'n verandering ten goede tree nou in, en in dié opsig word dit beter.

Kan en *ken* word soos in die skryftaal reg gebruik, *sommer* (vir *somar*), *gistraand* (vir *gisteraand*), *vollens* (volgens), *vollende* (volgende), *speul* (speel), *veul* (veel). Die Namakwalander, en baiemaal ook die Boesmanlander, gebruik *hy*, *sy*, *hom* vir die vroulike geslag (soos: „Waar is Hannie? Sê *hom*, *hy* moet sy handskoene hier bring.”)

In Namakwaland het ek die volgende aangeteken kort ná die sinne gebesig was: „Ma *seet* (sit) *hom* ('n meisie) kappie op; *hy* kaalkop mos loop rond.” „Kyk daar oener, waar die ravier die draai *tjee* (gee), nou net daar op die *semde* (selfde) plek is sy *staning*” (veewerf). „Die *semde* jaar wat ons jelle hier getrek kom had, het *hy* die skaap *gevloor*” (verloor), ens. (Hier merk ons duidelik Griekwa-invloed).

Hier volg 'n lys van woorde en uitdrukkings waarvan verskeie elders ook bekend is, maar die doel is om taaleenheid aan te toon en dat hulle ook hier aangetref word—anders sou ons die skyn wek dat die mense hier net 'n minderwaardige taal spreek :

Atjar, *aidon*, *asbek* (almal op donkies toegepas), *agterverby* (te laat, soos, jy kom *agterverby*), *bietjie* (vir *baie* b.v. dis *bietjie* lekker), *bladslaan* (vir groet, soos: “Toe, *slaan blad*”), *baie ampertjies* (vir so byna, op min na, b.v. „Hy was *baie ampertjies* te laat”), *bietjie baie* (vir waarlik,

taamlik baie, soos: „*Dis bietjie baie permantig van hom*”), *bakoond-danster* (vir volwasse persoon van klein gestalte), *boodskop* (boodskap), *bang* (as werkwoord, b.v. „*Ek bang nie*,” d.w.s. ek is nie bang nie), *bloedvulling* (vir bloedwors), *draai* (vir vry, b.v. „*Hy draai daar*”), *ding doen* (vir kan dit doen, b.v. „*Hy kan die ding doen wat hulle sê gesels*”), *die iets* (vir in tel wees, b.v. „*Hy verbeel hom dat hy die bietjie iets is*”), *dra sy knieë* (vir weghol, b.v. „*Toe die honde blaf en kom, dra hy sy knieë*”), *ewenof* (vir kompleteet of, b.v. „*Dis ewen-of ek 'n dreuning hoor*”), *eerlike-siekte* (melaats of vuilsiekte), *fantein* (fontein), *geselstwak* (tabak wat aanhou brand as iemand gesels), *grou* (vir grauwe), *geef* (gif, so ook *geeftig* vir giftig), *hotom* (pap van koringmeel), *holom* (swaar, b.v. „*Hy het dit hotom gehad*”), *ien* (vir in, b.v. „*Die lammers is ien die kraal*”), *ingekuier* (aangerand, b.v. „*Ek het hom met die vuis ingekuier*”), *inneraad* (inderdaad, b.v. „*Is dit inneraad so?*”), *krieseltjie* (klein bietjie of stukkie, b.v. „*Daar het nog 'n krieseltjie oorgebly*”), *kees* (kis), *Koes* (Koos), *kend* (kind), *koemetjie* (kommetjie), *kant* (vir sy, b.v. „*Lê op jou kant of linkerkant*”), *kargeleentheid* (vir kar met perde of donkies, b.v. „*Hier kom 'n kargeleentheid aan*”), *kant-toe lê* (probeer, b.v. „*Hy het hierdie kant toe, dan daardie kant toe en weer al kant toe weggele*”), *lêplek* (veewerf by kolk vlei of put), *lank* (vir baie, b.v. „*Daar is geld lank, hy het kos lank*”), *Leia* (Lea), *Leintjie* (Leentjie), *Loekas* (Lukas), *Lawies* (Lowies), *langhand* (skelm, b.v. „*Hy is langhand*”), *lou* (leeu), *muskant* ook *moeskant* (vir musikant), *moker* (slaan), *niewers* (vir nêrens, b.v. *dis niewers te kry nie*), *noustrap trek* (swaar of moeilik kry, b.v. „*Ons het met die droogte noustrap getrek*”), *net nimmertjies* (ewentjies, net nou, b.v. „*Ek gaan net nimmertjies huis-toe*”), *naamhaal* (vir kind-doop, b.v. „*Die kend moet nog sy naam gaan haal*”), *t'norra* (Boesman-woord vir agterkop van mens of dier), *ontou* (onthou, b.v. „*Jy moet dit ontou en nie vergeet nie*”), *oompies* (rooikop-rysmiere), *ontskoot* (ontgaan, b.v. „*Dit het my heeltemal ontskoot*”), *padlangs* (reguit, b.v. „*Praat tog padlangs*”), *propplies* (vir propper, b.v. „*Dis propplies net soos jy dit vertel*”), *rooikeel* (slukderm, b.v. „*Ek braai nou die skaap se rooikeel*”), *rieme sny* (weghol), *ravier* (rivier), *slangsleepseltjies* (klein spoelinkies na 'n sagte reëntjie of min reën), *stuur haal* (vir laat haal, b.v. „*Ek het die donkies stuur haal*”), *swaalhoutjie* (vir vuurhoutjie), *skrou* (skree of skreeu, b.v. „*Wat skrou die kind*”).

so?"), *skawagter* (skaapwagter), *so 'n lyk* (vir netso, b.v. „Ek het ook so 'n lyk ding"), *staan* of *styfstaan* (hardloop, b.v. „Hy *staan* net *styf* in die pad toe die honde agter hom was), *semde* (selfde, b.v. „Dis die *semde* storie van hoeka"), *tru* (terug, b.v. „Maak die perd *tru!*"; „*Tru! tru!*" word dan geroep), *tweestraalkam* (vir hare met 'n paadjie gekam), *tôings* (flenters, ook *tôingrig* vir verflenterd), *trap-in-die-yster* (vir toe, loop! toe, spaander!) [Vergelyk Transvaal: „Toe, trap in die bos"], *troos* (vir slaan, b.v. „*Troos* die kend, waarom is hy so stout"), *uit die smaak* (laf, belaglik, b.v. „Hy is *uit die smaak* van verspotgeit"), *vier-perde-in* (vir kwaad, boos, b.v. „Laat hom staan, hy is nou net die *vier perde in*"), *voorkend* (onegte kind), *vrinne* (vreemde, b.v. Hier was *vrinne* mense), *wysbrouers* (vir winkbroue), *was hom* (vertel hom die waarheid goed), *weinkel* (winkel), *werfmaak* (baklei, stry, b.v. „Sê vir hom as ek by hom kom, sal ons gou *werfmaak*"), *waffer* (vir watter), ens.

Ek onderbreek om die aandag op enkel feite te vestig en om 'n paar aanmerkings te opper. Bostaande voorbeelde van woordvorming en gedagte-uiting lewer ons die bewys watter rigting 'n taal inslaan as die volk nie lees nie. Behalwe by die poliesiestasie op Kenhardt en by die Kopermyne was in die ou dae geen poskantore nie—toestande het dit so in die hand gewerk. Die veeboere het van plek tot plek getrek, hul wonings het bestaan uit groot matjiesgoedhuise. Dik stewige latte word halfmaan gebuig, in 'n sirkel word die in die grond geplant, bo aan mekaar stewig vasgebind, dan word matjiesgoedmatte oor die raamwerk teen mekaar getrek en so aan die latte vasgeknoop. In warm weer speel 'n koel luggie daardeur; in koue weer word brandende kole in groot bakke binne gebring, en gesellig skaar die huisgesin hulle om daardie brandende kole. Wanneer dit reën, swel die matte en die huis word dan so dig as 'n tent. Hoe romanties so 'n vrye lewe ook mag wees, lewer dit niks opbouends vir die gees nie. Met opmeet van die ope gronde in plase van 5,000 tot 25,000 morge was aan die swerwende lewe 'n end gekom, en elkeen moes maar sien om op sy eie stuk grond klaar te kom, waardeur onderlinge omgang met mekaar beperk geword is, en vir taalontwikkeling was daar toe minder speelruimte gelaat.

Ons bring mnr. De Roubaix weer aan die woord, en hy bepaal ons aandag op wisselvorms soos: *Infleënsa* (naas

infelensie), *inflemasie* (naas *infelmasie*), *vergelyking* (naas *vergelyking*, *vergelykenis*, b.v. „Ek is nie jou vergelykenis nie”). Om klem by te sit sê hulle: „Arrie, *die ding* mens was baie daar by die kerk.” *Middesyne* (naas *mirresyne*), *frommel*, *frummel* vir inroer, b.v. „Die pap is te dun, frummel nog meer meel in,” *vreetsig* (naas *vreetsag* vir *gulsig*), *smirrags* (naas *smiddags*), *Namakkersland* (naas *Namakkeland* vir *Namakwaland*), *peséde jaar* (naas *verlére jaar* vir *verlede jaar*), *bakke-oeroe* (naas *bakke-oerie* vir *bolmakiesie-slaan*), *speuling* (naas *speling* vir ruimte, b.v. *speuling* tussen as en wiel), *jakkalsdou* (naas *jakkalsreëntjie* vir *motreëntjie* of *sagte reëntjie*), *gou speul* (naas *kort speul* vir *gou maak*, b.v. „Ek het maar *kort* met hom *gespeul*”), *skade* (naas *skare* vir *skaduwee*), *boeke vat* (naas *oefening hou* vir *godsdienst tuis*), *ouenlik* (naas *oulik* vir *slim* of *poliets*), *brief maak* (naas *paar lettertjies maak* vir *brief skrywe*), *ybieka* (naas *abieka* vir *abiekwa*, dis 'n soort boom wat op soutgrond groei), *dit* (naas *darie*, b.v. „Soos *dit* man of *darie* man, *lelik* is, het ek nog nie gesien nie”), *briek die wa* (naas *knoop die wa* vir *rem aandraai*), *skaap* (as versamelwoord naas *skape*, so ook *os* en *bees* vir *osse* en *beeste*).

Daar bestaan verskeie uitroepe om diere aan of uit te keer, en die diere skyn gewoonlik daaraan te wees en verstaan dit goed: „*Roepsek! roepsek!*” (vir osse wat na die jukke gekeer word). (In Transvaal hoor ons: „*Hô! hoi!*”) „*Ruit! ruit!*” (vir bokke wat tussen hul lammers uitgekeer word, soos: „*Toe Saalklap, ruit!*” „*Toe Geelblom, ruit!*”). Hierdie uitroepe is verkortings van *roep-sê-ek!* en *daar-uit!*

Verder word gehoor: *maag stilmaak* (vir *stukkies eet*, b.v. „Laat ons uitspan en *maag stilmaak!*”). Langs Buffelsrivier en op 'n paar ander plekke het ek gehoor: *keul* (vir *kul*). Ook kom nog voor baie verkleinwoordjies, miskien meer so hier as op ander plekke, soos: *koffiemelkies*, *eetgoedjies*, *vleisies*, ens. „Hy hou sy lyf knipmes” (vir spoggerig en windmaker). Van so een word ook gesê: „Hy dink hy is *die bietjie iets.*” *Sekelnek* (vir 'n perd wat met krom nek pronk, b.v. „Ei, hoe kom die perd *sekelnek* aan”). In geselskap van dames heet die manlike geslag van beeste die *grootbees*; of van skape en bokke die *groot-skaap* of *grootbok*). Iemand met mooi oë word beskryf: „Sy oë het sommer 'n *wegtrek.*” Met die gebruik van die

woorde *afhanklik* en *onafhanklik* raak hulle soms hopeloos in die war en gebruik dan die een vir die ander.

Die kommando-mense in die oorlog 1899-1902 het verskeie woorde uit die noorde meegebring wat sedert hier gangbaar geword het soos: *stormjaers* (vir wat ons eers *poffertjies* of *vetkoekies* genoem het), *tjoe* (van Engels *chew* vir 'n pruimpie tabak), *piekfyn* (van Eng. *pick fine* vir heel deftig), *aikôna* (van Kaffers vir nee, of dis nie so nie), ens. Weer onderbreek ons.

Bogenoemde voorbeelde gee ons nog meer van die gedagtegang van die veeboere van Namakwaland en Boesmanland. Teen groot kommando's van inboorlinge het hulle nooit nodig gehad om te stry nie. Maar die gedurige strooptogte van klein bendes Boesmans was knaend en baie gevaarlik, daar die verborge vyande met dodelike gifpyle skiet. Krygslis, meer as dapperheid, lê hier beslag op die *meer beterste man*. En die *meer beterste manne* was daar te vind om daardie landstreek bewoonbaar te maak deur die verraad van die inboorlinge te straf en om leeus, wolwe en ander verskeurende diere ten onder te bring. Maar die kans was nie daar nie om sulke groot manne en staatsmanne vir ons volk te lewer as wat die Voortrek aan ons land geskenk het. Die *meer beterste manne* in Namakwaland en Boesmanland het voorwaarts getree, en *het* heldedade verrig. Maar die Voortrekkers het te doen gekry met stormlopende Kaffers oor die ope veld, en dit het meer as krygslis vereis—naamlik heldemoed en dapperheid om die stormlopers weerstand te bied. Hieruit is generaals van naam te voorskyn getree. Die Boesmanlander en Namakwalander is helde waar hulle is. Teen die besoekings van die natuur het hulle 'n harder stryd te voer. Dan, hul vyande is gevaarlike wegkruipers, wat met geluidlose gifpyle skiet. Vêr van beskawing uitgesluit ontmoet hulle min persone van wie hulle iets kan leer. Hulle woon tussen Hottentotte, Griekwas en Boesmans, wat meer gesellig is as die flegmatieke Kaffer; ook het leesstof ontbreek om hul spraak te bevorder. Is dit dan nog 'n wonder dat hulle soveel van daardie tale oorgeneem het?

Om enigsins koers te kry hoe om die gebruikte Hottentotse woorde te spelle het ek my gewend tot mevr. A. Winifred Hoernlé, van die Witwatersrandse Uniwersiteit, daar sy die taal magtig is. Heel welwillend het sy my tegemoet gekom en dit is wat sy my onder ander meedeel:

Met die toegesonde lyste van woorde het ek my bes

gedoen. Die uitspraak—van die Hottentotse spreekwyse—is baie vervorm, en dit was in verskeie gevalle vir my baie moeilik om uit te vind watter woord eintlik bedoel word. Nieteenstaande kon ek die meeste daarvan herken. Dit ly geen twyfel dat hulle van Hottentotse oorsprong is nie. Die woorde deur die Boere oorgeneem is juis van dié soort wat iemand sou verwag dat hulle dié sou oorgeneem het—naamlik name van verskeie soorte akkeldisse waarvoor hul nog geen name van hul eie besit nie; name van verskillende soorte bome; name van verskeie eienaardige berge, of watergate, en so meer—wat presies enig ander nuweling sou gedoen het voordat hy uitgevind het wat die woorde beteken.

Ek het die spelling gevolg soos in Krönlein se Woordeboek aangegee, daar dit vir die nuutste geld.

/ staan vir suigklank (click) teen die voortande (dental click).

|| staan vir die dwars-suigklank (lateral click).

† staan vir die suigklank teen die verhemelte (palatal click).

! staan vir die agterste suigklank (cerebral click).

— oor 'n klinker beteken dat dit lank is.

* oor 'n klinker beteken dat dit genasaleer word.

\ oor 'n klinker beteken dat die klank van die lettergreep laag is.

ˊ oor 'n klinker dat die toon middelmatig is.

✓ oor 'n klinker beteken dat dit sterk beklem is.

Hierdie is naamlik die drie klemtone in Hottentots—'n verkeerde klem op 'n sillabe of woord gee daaraan 'n verskillende betekenis.

U sal bemerk dat baie van die toegesonde Hottentotse woorde 'n Afrikaanse agtervoegsel het, soos *tjie*. Ook is in u lys *oe* gebruik vir die Duitse *u*. Die woorde wat ek nie kon uitmaak as Hottentotse woorde nie, het ek met 'n vraagteken (?) gemerk. Natuurlik is daaronder Korannawoorde wat in die Nama-Hottentotse Woordelys nie voorkom nie, en ook Boesman-woorde wat vervorm is.

Tot sover mevr. Hoernlé.

Soos gewoonlik, wanneer iemand woorde van inboorlinge oorneem, spreek hy dié nie altyd suiwer uit nie. Dit is ook die geval hier, want die doel is om sekere voorwerpe met die woorde aan te duie of gedagtes daarmee weer te gee. Ons sal nou 'n lys van woorde en uitdrukkings, deur mnr. Emanuel de Roubaix opgestel, behandel en agteraan

tussen [] byvoeg die suiwer Hottentotse woord soos deur mevr. Hoernlé aangegee. Hier volg die woorde soos in die spreektaal van Boesmanland gehoor word:

! Koras vir Hottentot [eintlik 'n *Koranna-Hottentot*].
 † Koeroebie vir krummels of potaanbrandsels [†*thurubi*].
Eijo [eió] vir ja of gelykgee, b.v. „Jy praat so *eijorag* of /*kamkoe*, d.w.s. „Jy praat so na my smaak” [/*gamgu*(?)].

†*kykam* vir maagvol of versadig geëet [† \bar{u} || \hat{a}].
Gesiebie vir bietjie gereën, b.v. „By ons het dit net *gesiebie* [*sabé*].

Naba-dingetjie vir pierinkie [*naba* beteken om te blink—*dingetjie* Afrikaans].

! *Koeboe* vir laf van smaak, b.v. „Die bier is *!koeboe*” [!*gabu* beteken smaakloos, laf].

Toe†kom vir toe-naai met gare of riempies [*toe* is Afrikaans en †*òm*]. Of *toe-gabba* vir toe-naai [*toe* is Afrikaans en *gaba*].

/ *kirrie* vir hottentot-seer veroorsaak deur bloedvergiftiging [*garis*].

Tiema vir ghriesblik waarin gekook word [?].

/ *ky-jakkals* vir maanhaar-jakkals [/*gi* beteken *aardwolf*].

/ *Orobok* vir bok in melk waarvan die lam dood is [*orós* word nooit met 'n suigklank (click) uitgespreek nie en stel voor 'n bok wat haar laat melk sonder lam].

/ *Kooi-bos* vir 'n groot soort vyebos (?).

! *Kamkoe* vir eersteklas, b.v. „Die os trek /*kamkoe* [/*gamgu*?].

Pelie of *pellie* vir brood [*berep* is brood. Daar is geen *l* in suiwer Hottentots nie. *Bereb* is 'n woord deur die Hottentots oorgeneem en die *r* is in hierdie geval verander in *l* in hierdie dialek].

! *Koe* vir pondok van 'n Hottentot [! *nūs* beteken pondok].

Mnr. De Roubaix vervolg: Van die *u*-klank maak die kleurlinge daar *eu*, b.v. *skeurfte*, *beult*, *gekeul*, *skeulpad*, *seukel*, ens. Die uitgang *ig* verander hulle gewoonlik in *ag*, b.v. *gewillag*, *gierag*, *bloederag*, ens. So hoor ons ook *geester* (gister), *étjê* (vir „Ek sê”), *oeit* (uit), *orel* (oorlede, b.v. „orel ma”), en nog meer. Hierdie spreekwyse het ongetwyfeld veel invloed op die spraak van die blanke kin-

ders; en wanneer hulle volwasse is, dan is dit reeds in hulle ingewortel.

Tot sover mnr. De Roubaix.

Hierdie toestand van taalverknoeiing tref ons nie aan nie in streke waar Kaffers die bediende-klas uitmaak, soos b.v. op die Kaapse oostergrensdistrikte, Vrystaat, Natal en Transvaal. Die rede hiervoor is dat die mense in Noordwes-Kaapprovinsie nie meen om die Hottentot-taal suiwer te praat nie en stel hul tevrede met enige woorde waarvan hulle sommige verafrikaans het.

§38(B)—NAMAKWALAND.

Die landskap van Namakwaland vertoon net so vaal en grou as dié van Boesmanland. Aan die seekus is daar groot wit sandduine, en vandaar is dit 'n sandvlakte tot aan die berge met groot graniet-rotse wat kan wedywer met dié van die Pêrel. Die oostelike gedeelte stem ooreen met Boesmanland wat geaardheid van veld betref. Sommige streke het slegte weiveld, die bossies is klein en staan ver van mekaar; daarom tref 'n mens daar plase aan wat oor die 20,000 morg groot is. En soos spotters dit soms uitdruk: „Dit vereis in die somer 'n morg grond om 'n skilpad aan lewe te hou.” Maar hulle praat anders as hulle die velde sien 'n ruk ná deurdringende reëns.

Ons het hier te doen met Klein-Namakwaland, wat suid van Grootrivier aan die kus lê. Dit was eenmaal die gebied van die Namakwa-Hottentotte, waarvan 'n stam met hul oorspronklike taal nog bestaan in Groot-Namakwaland en Damaraland in Suidwes-Afrika. Hulle is nog die suiwer ras van Namakwas en Damaras met 'n lewende taal, waarvan mnr. Tindall 'n woordeboek in 1852 uitgegee het.

Die Basters of Griekwas is 'n bloedvermenging tussen blanke vaders en Hottentotse moeders en het saam met die boere uit hawestede en onmiddellike omgewing op noordwaarts getrek. Daar hul moeders Hottentotse vrouens was, het die kinders 'n plat, onbeskaafde Afrikaans gepraat — 'n spraak wat vandag nog deur hulle gebruik word. En dit is juis hierdie gebrekkige wyse van uitdruk wat so nadelig werk op die spraak van Namakwaland en Boesmanland.

Aan mnr. B. J. P. van der Merwe, van Rietpoort, naby Biesiesfontein, wat daar arbei as godsdienstige onderwyser

en oefenaar, het ek ook 'n lys van woorde en uitdrukkings gestuur om te ondersoek en te toets. Met die hulp van 'n jongdame, wat haar aan dieselfde werk van liefde wy, het hy die lys van woorde onderstreep. Mnr. Van der Merwe is aan die Pêrel opgegroeï en was nog nie te lank daar om baie te vertel nie. En dit is wat hy ons meedeel:

Vir wat? (word hier gebruik vir waarom?) *tentkar*, soms *tintkar* (vir kar met bamboeskap), *kapkar* (vir kapkar), *eiendera* (vir eintlik, b.v. Dis *eindera* spytig dat dit so gekom het), *moeilik* (vir siek of onwel, b.v. „Ek voel reg moeilik vandag”). Ook hoor ons hier: „Soos *dit* man darem kan vijoolspeel, het ek nog nie gehoor nie.” *Onlekker* (vir ontevrede, b.v. „Ek voel *onlekker* dat hy nou so gemaak het”). *Etjê, etsê, êtjê* (vir ek sê, b.v. „*êtjê* oumaat, kom hier”). *Ou* of *au* (vir gee, b.v. *ou* vir my dan 'n stukkie twak).

Tot sover mnr. Van der Merwe.

Die volgende is die mededeling van mnr. J. D. A. Crafford, wat goed met die Namakwalandse spraak bekend is; dit sal blyk dat sy woorde baie anders is as dié van mnr. De Roubaix oor die Boesmanlandse woorde, dog die verskil is slegs in die meeste gevalle te wyte aan die wyse hoe die twee here die Hottentot- en Boesman-woorde spelle. Dit is wat mnr. Crafford ons meedeel:

Volgens belofte stuur ek die woorde en uitdrukkings wat hier volg. Dog net dit vooraf: Die woorde, ens., is afgeskrywe soos hulle gehoor word van Springbok af tot by Garies, tot by Nuwefontein, tot by Gamoep, en tot by Springbok, en wel uit die mond van egte Namakwalanders —almal woorde deur blanke gebruik. Oor die algemeen praat die Basters en Hottentotte 'n baie platter taal as die witmense. Onder die oer-Namakwalanders en hul afstammelinge is natuurlik vandag baie inkomelinge van ander distrikte. Dog die egte Namakwalandse met sy eienardige, ritmiese stembuiging en met sy handgebaar, wat klem by die gesegde moet bysit, is duidelik van die ander te onderskei. Ook die harde stem (vernaamlik onder die vrouens) wat jy wie-weet-waar kan hoor, is 'n ander kenmerk. Die Koloniese spraak verteenwoordig die res van Namakwaland behalwe dié wat van Boesmanland en die Sandveld afkomstig is. Wat my persoonlik betref, toe ek in Namakwaland gekom het, was my eie spraak dié van die streek Kenhardt-Carnarvon, en dié was in my vasgelê.

Daarom het die spraakeienaardighede van Namakwaland my dadelik getref.

U sal merk dat baie van die woorde en uitdrukkings wat ek hier gee, ook in ander dele van ons land oorbekend is, maar ek het dit goedgevind om dit so op te skryf soos ek dit persoonlik gehoor het:

1. *S a m e t r e k k i n g e*: *Vloer* (vir verloor, b.v. „Twee skaap is vloer”; „Hier kom die drie vloer bees aan”), *grus* (vir gerus, b.v. „Die bojane is in die land, en jy is grus.....hardloop!”), *verlies* (vir verloor, so hoor ons: „Die bok *verlies*”=die bok is blystaanmaer), *tru* (vir terug), *sleg* (word dikwels attributief onverboë gehoor, b.v. „Dis vir jou ’n *sleg* man”), *gloof* (vir geloof, b.v. „Vir Jood se kend moet jy pasop—dis my *gloof*”), *blo* (vir belof, b.v. „Hy *blo* my mos met slae”, d.i. dreig met slae), *kwalk* (vir kwalik neem, b.v. „Oubroer, jy moet my tog nie *kwalk* nie. ek kan dit mos nie help nie”; „die mense, of minse, was nie te *kwalk* nie, d.i. hulle het ons gasvry ontvang), *graamte* (vir geraamte), *knetter* (vir kniehalter, b.v. „*Knetter*, of knieband, die perd”), *oorlè* of *órel* (vir oorlede), *o* (vir oog, b.v. „Hy het ’n dooie *o*”, d.i. skeel in die een oog; so ook *o-seer*). *Hoog* en *leeg* (dikwels vir hoogte en leegte), *klong* (soms vir witseun, maar dan in dié sin: „Kyk so ’n *klong*!” of „Laat hom werk, hy is mos ’n vryerklong”). *Klimmeid* soms vir blanke meisie, b.v. „Voordag het die *klimmeid* sy (of hy se) baksel brood in die oond, So ken *hy* mos vir *hom*”, d.i. sy ken haarself, sy is knap. Of berispensend soos in die sin: „Waarom moet die *klimmeid* my so vererg!” d.i. waarom so versondig). *Stemmer* (September), *Oktoer* (Oktober), *an* (aan), *mar* (maar), *wanner* (wanneer), *gruit* (geruit). Name van mense word baie saamgetrek, soos: *Venére* (Van Heerden), *Venéwer* (Van den Heever), *Stinkkam* (Steenkamp), *Burre* (Burgers), *Vrede* (vir tevrede), *lewe* (vir lewendig, nog nie dood nie), *skou* (vir beskou, b.v. „Vir wat staan *skou* jy my so?”) *Run!* (vir daarin! bokke in ’n kraal jaag, b.v. „Run, Skiller!” „Run, Appel!”) *Ruit!* (vir daaruit! bokke uitjaag, b.v. „Ruit, Saartjie!” „Ruit, Vlek!”). *Roep!* of *roepsek!* (vir beste na jukke aankeer). *Dalkies* (vir nou-nou, b.v. „Ek kom dalkies terug”), *Feerwarie* (Februarie), *Ageus* (Augustus).

Dan het ek twedehandse informasie dat daar mense is wat sê: „Die weer is *on* (die *o* ganasaleer, d.i. dit is onweer).

Jy hoor soms duidelik os vir ons, b.v. „Dis os os”, vir „dis ons os.”

2. *Inlassings en aanvoegings van klank e*: tamentlik (ook tamelik en taamlik), gevoelendheid (vir gevoele), vertrouendheid (vir vertrou), geaardtendheid (vir geaardheid). So hoor ons ook: „Mint of meer”, of „Min(t) of veul.” *Sprinkaant, bakent, lasterag* (vir lastig), *bestag* (vir ten beste, b.v. „Hoe gaan dit?”— „Nee, nie te *bestag* nie”), *anderlike* (vir ander, b.v. *Anderlike* mense in die betekenis dat daar nog ander mense was wat nie eintlik die mense in kwessie is nie. *Anderlike* is dus nie absoluut dieselfde as *ander* nie.” Ook, „Waar is die *ander* kinders?”), *affêring* (vir gedoente, b.v. „Dis nou vir jou ’n *affêring*”). *Vannermerrel* (Van der Merwe, of ook *Vannermerwil*), *naders* (vir nader, b.v. „Kom dan *naders*, neef!” as uitnodiging huis-toe), *versuimste* (vir versuim, b.v. „Die perd eet sonder *versuimste*,” d.w.s. is snoep, gulsig), *gehoorsamig* (vir gehoorsaam, b.v. „Die kend is (on)gehoorsamig”). „Ek is daaraan van my kindsgebeente *gewend*” (word baie gehoor), *gewenste* (vir wens, b.v. „Dit gaan glad nie na my *gewenste* nie”, d.i. soos ek dit verlang nie), *mar* (in die sin: „*Mar* gee die Hotnot ’n *oorveegsel!*”), *moeilikrag* (vir moeilik, b.v. „Ek voel so *moeilikrag* as die kend so *skrou*”), *wesentlik* (vir waarlik, b.v. Hier kom die klomp skaap jou *wesentlik* an”).

3. *Vervorminge*. (Eintlik val sametrekkinge en inlassings ook onder hierdie hoof; ek gee maar willekeurig die woorde wat van die *mouer* (maer) klimaat tiepies is, ook hier.) *Erkvark* (naas *erdvark*, b.v. „Die *erkvark* grou (grawe) ’n diep *gaat*”). *Gaat* (word gebruik vir gat in die grond, klere of hout; terwyl *gat* in Namakwaland ’n onbetaamlike woord is wat in fatsoenlike geselskap nie mag gebruik word nie), *moet.....saam* (vir met, b.v. „Ek loop *moet* die pad *saam*”, *geseg* (naas *gesig*), *waarmy* (vir waarmee, b.v. „*Waarmy* sil hy nou weer pla?”) *gorment*, ook *gormint* (vir goewerment), *daarmy* (vir daarmee, b.v. „Wat wil jy *daarmy* doen?”) *Boodskop* (vir boodskap onder blankes baie selde gehoor), *petaal*, *peteken*, *klamaat* (vir vogtigheid, b.v. „Snags slaan die *klamaat* op brakplekke op”), *ordinaar* (vir ordinêr, b.v. „Dis ’n *ordinaire* vent”), *naar* en *uut* het ek in gebed en bybellees gehoor. *Dit* (vir dat, ook word soms *dêt* uitgespreek, b.v. „*Dêt* dit so is, kan jy nie ontken nie”), *mittel* (vir middel), *elénd* (vir ellendeling, b.v. „Jou *elénd*, hoekom maak jy my

skrik l''). *patte* (vir paaie), *velte* (vir velde), *liete* (vir liedere), *sante* (sande), *winte* (winde), ens.

Kambêrs (vir kombes), *armoedag*. „Ek wo so en so gemaak het, mar kon nie” (vir *wou* en *sou* so gemaak het). Vir *probeer* het ek die volgende variasies gehoor: *bebeer*, *berbeer*, *pebeer*, *perbeer*, *perweer*. So ook word vir *applikasie* die volgende vorms gehoor: *appelkasie*, *ablikasie*. *Is* (vir *as*, b.v. „Is dit so is, dan is dit reg”), *lat* of *lit* (vir *dat*, b.v. „Ek weet *lat*, of *lit*, dit so is”), *sil* (vir *sal*, b.v. „Ek weet hy *sil* môre hier wees”), *lafgeit*, *banggeit*, *hyse* (vir *sy*, b.v. „Dis *hyse* perd, pleks van „Dis sy perd.” So ook „*Hullese goed*”, „*Onsse plaas*”, *spitsgefeerde en spitsifeerde* rekening (vir gespesifiseerde rekening).

Let op die volgende sinbou: „Toe kom die bees *heginne*, of *begenne*” (vir „toe begin die beeste kom”). „Toe ons daar trek gekom het” (vir „toe ons daar getrek het”).

4. *S a m e s t e l l i n g s*. Op die gebied van spontane woordvorming soek die Namakwalander sy weerga, waardeur hy toon watter boukrag daar in Afrikaans sit:—

Sitkend ('n kind wat begin sit), *kruipkend* ('n kind wat nog kruip), *bo-opbelasting* (super-belasting), *agterdeur-suipkalf* (kalf wat melk by die agterdeur uit 'n kom drink), *werfbly-bokke* (bokke wat op die werf bly en nie veld-toe gaan nie), *ontouwys* (nie mak aan die riem nie), *weierpatroon*, *rekhakskeen-boklam*, *draf-ryperd*, *vuilskemer*, *vergesels* (verpraat, b.v. „Ek het my tyd *vergesels*”), *blystaan-maer* ('n dier wat van maerte bly staan), *wilstreep-trekker* (vir *kryt*; ek het dit eenmaal gehoor). „Daar kom 'n *donkie-affêring*, *-geleentheid*, of *-besigheid* aan.” Die perd is *skaapmak*.” „*Loop was jou skaapwerf-gesig* (vir gesig so vuil as 'n veewerf).

5. *D u b b e l e M e e r v o u d e*. Die volgende word veelvuldig in die Kamiesberge gehoor waar die spraak van Blankes en Basters soms danig deurmekaar loop:

Waterse (vir waters), *reënse* (vir reëns), *vrouense* (vir vrouens), *damese* (vir dames, b.v. iemand vertel hoe *dr. Stinkkam* eers die *kêrelmense* en daarna die *damese* toegespreek het), *donkiese* (vir donkies), *Kafferse* (vir Kaffers), *Kêrelkind* (kêrelkend), *kêrel-donkie*, *kêrel-bees*, ens., word by 'n sekere klas gehoor.

6. *S o n d e r l i n g e M e e r v o u d e* van hierdie soort word baie maal gehoor:

Watertjies, *melkies*, *inkies*, *meeltjies*, *koringkies*,

kaffies, *koffietjies*, „Ai, die ou meeltjies is ook al weer op!” Verder hoor ons van *vette* (vir meervoud vir vet, *misse* (meerv. vir mis), *twakke*, *vleise* (meerv. vir vleis), *kosse*, *ramme* (manlike geslag), maar *rams* (vir flukse seuns wat nie bang vir werk is nie). So ook *bulle* (manlike geslag), maar *bul*s (vir hulle wat uithaler is).

7. *E i e n a a r d i g e W e r k w o o r d e*, soos:

„Ek jaloers jou” (a word genasaleer). „Die bok het (had) lankal begin (begen) om te uier en nou het hy *ge-tweeling*” (of *gedrieling*). Wat *storie* (gesels) ou Vaal-Isak?” „Ons sal gaan *kantoor*, of *koert*” (vir na kantoor of koert gaan). „Moenie met my *rede* nie” (vir „Moenie met my redekawel nie”). „Die kar het *teun* (teen) die berg *geuit* en anderkant *geaf*.” So hoor ons ook van: *geöp*, *geöer* (geöör), *geïn*.

8. *T i e p i e s e w o o r d e*, soos:

Kantlê (vir op die sy lê) heet ook *kantstaan*, b.v. „Stil kenners, nou gaan pa op sy *kantstaan*.” *Bladslaan* beteken ook loop! (vergelyk *voetslaan*). *Bladstoot* of *bladsteek* (gebruik in so 'n sin as: „Broer, hoe lyk dit, die halfnaatjie wil sommer *bladstoot* (*bladsteek*) met jou.” *Rooikéél* (spreek uit met klem op keel). *Tiema*, of *tiemas*, of *tiemasdoos* is ook blikkies van enige soort (so hoor ons van 'n *jemdoos* en *stroopdoos* (minder onder blanke gebruik as onder kleurlinge, by wie dit algemeen is). Daar is 'n plaas met die naam van *Tiemasdoos*. *Bakoonddanster* (vir klein man of vrou, ook *grondskoot*, wat vir plat beskou word). Die uitdrukking: „Ma seet hom kappie op; hy kaalkop mos loop rond” is nie 'n normale manier van praat nie—dis kindertaal. *Seet*, *kleep* (klip), ens., hoor 'n mens meesal onder volk, dog 'n sekere klas blanke sê ook *seet*, *eis* (is), *geseg* (gesig), ens., veral die Sandvelders met die spraak van wie die Namakwalanders die spot dryf deur hulle na te praat. Onder onderwysinvloed en deur omgang met inkomelinge is die wanuitspraak van baie woorde stadigaan aan die verdwyn. So ken ek huisgesinne waar daar aanmerklike verbetering in die spraak van die kinders is in vergelyking met dié van hul ouers self.

9. *W o o r d e e n U i t d r u k k i n g s* waarvan baie ook in ander Spraakafdelings bekend is; ek skryf dié maar neer sonder rangskikking of enige plan:

'n Mens moet tog jou mensskap toon” (mense ordentlik ontvang). „Hy sê nie eens 'n *kleintjie* nie”, of ook: „Waarom *raas* jy so?” (vir iemand wat nie ba of boe in 'n

geselskap sê nie). „Die man, perd, donkie soek *trippens*” (vir voetjie vir voetjie of stadig loop). „My kend moet Hollands en syfer leer” (vir Hollands en reken leer). „Ek het dit jou oor-ent-oor gesê” (vir oor en oor gesê). Hy is nie bang nie, maar net versigtig en op die wegholpartuur” (portuur). „Die vrugte is al *eetpartuur*” (of eetperatuur). *Party* of *perty*. „Armoed het in hierdie huis gejong” (huis waarin blyke van groot armoede heers). „Is jy dan orig (orag)?” „Van die os op die jas”. *Gedoriewar* (naas *gedomiewar*). *Tatta*, naas *tattie*, *ouseun* (is almal aanspreekwoorde teenoor kleurlinge gebruik); maar heel selde hoor ons tog onder die ouer blanke geslag praat van sy vader as *oorle ta(te)* of *oorle outa(te)*. *Loop kyk* (vir loop soek, b.v. „*Loop kyk die bok*”). „Hier kom ’n *kerkraad* aan” (vir kerkraadslid, so ook: „Jan is *kerkraad*”). *Steker* (vir luns) is algemeen. *Potlekker* (vir wysvinger). „Hy begin *deurslaan*” (vir grys word—aan brak kolle word gedink). „Die krans is *skier-regop*” (vir haaks-regop). „Hy eet of slaap hom *uit lit*” (vir te veel eet en slaap). „Hier *staan, lê, of loop* veespore.” „Soos *dit* man (of *dat* man, of *det* man) kan rook, het ek nog nie gesien nie.” „Hy *lie* nie, maar hy *lieg!*” „Jy kan *mies* (mos) die raat vooraf aan my gegee had” (het). „Jy druk die nôi *litorings*” (so maer as sy is). „Ek lag my *stukkend*” (uitsinnig lag). „Hier kom ou Allert Gonsbors aan” (hees). „Bo op die bult *deel* die twee paaie” (vir vanmekaar wegdraai). „Hy huil lat (dat) sy trane hom natloop.” „Die grond is *waardig*” (vir baie waardevol). „Wat *sê* so?” (vir wat gaan so?) (geluid); of „bam! *sê die roer*”). *Pêpê* (die *ê* genasaleer, vir ’n beenfluitjie). „Die vee is *sterk*, of *swak*” (vir vet of maer). „My maag is verg(eh)eel omklaar” (vir totaal onklaar). „Dis vir jou ’n onkantage man” (moeilik om mee klaar te kom). „Ek staat nie” (vir kort en bondig: „Ek is nie in staat nie, ek kan nie”). „Hier loop ’n *rol-toe* (vir ’n soort duisendpoot). „Die riem is *onsterk*” (swak). „Sy trou hang uit” (vir hy maak trouplanne). *Slapdraai* (dink aan ’n span osse wat met slap trektou draai). „Vir wat staan jy so kaveer?” (staan stry of redeneer). „Hy het hom op *gestaan*” (gedaan). „Hy het hom *uit* geprosedeer.” „Hy is mos vir jou g(eh)eel oor” (sterker of knapper as jy). Hy sit sy stert in die krul” (is vol houdinkies). „Die mense kla met ’n witbrood onder die arm.” *Soetskeel* (vir skeel of dwars kyk). „Ek het hom ’n *helske* loesing gegee”. *Te doene* (vir te

doen, b.v. „Al wat hy *te doene* het, is rondloop”). „*Sprinkane aan 'n tou* of *'n kierie*” (vir 'n duisternis). „Ons moet *luister* (verneem) waar mense gaan bidstond hou.” „Van 'n platdak tot 'n stal kan jy daar kry”. „Hy het *wolfkop* gebraai (vir hy het hom verslaap). „Jy maak my *troewel*” (vir jy maak my kwaad). „Jy *krap* my om” (vir jy maak my boos). „Ek wou nie gaan nie, maar nig Leentjie het my kom *verkrag*” (vir kom ompraat). „Sy trane loop deurmekaar” of „sy oë kyk mekaar aan” (vir iemand met 'n baie plat neus). „Sy is 'n *rooirissie*” (vir 'n kwaai vrou). *Ousie* en (*ou*)*boeta* (baie algemeen vir ousus en ouboet). *Oumens* of *oumins* (so spreek die man sy vrou aan, b.v. „Wag, ek moet loop, anders sê die *oumins* my weer die waarheid”). *Mens* (dikwels vir vrou of vir iemand uit die vroulike geslag, b.v. „Ag, *mens*, moet tog nie so verkeerd wees nie!” „Hy is vir my so bang as 'n vark vir peper”, of „die duiwel vir soutraap”; of „die duiwel vir die slypsteen”. Ek *spou* (klowe) hout”; of „die blom *spou* (gaan oop). *Knuppel* (vir pennetjie van 'n spankous). *Knipmesry* of *sekelnery* (vir perd ry wat pronk). *Kleinaguur* en *kleinsonop* (vir pas aguur geword of vir son pas uit). „Ek het hom somer los gegroet” (vir sonder handgee). „Hy sit *soutsak*” (vir staan op sy stukke). „Dit *heue* my nog goed”. „*Spleinakend* (vir poedelnakend). „Jy is hoeka nie wie nie” (vir van altyd af die danige een nie). *In die reguitte* (vir in die lengte (vergelyk *grootte*, *breedte*, ens.). *Uitduie* (vir beskryf of uitgemaak, b.v. „Hy het my vir al wat sleg is *uitgeduie*”, of „Hy kan 'n mens soms so *uitduie*”). *Mierkat* is hier bekend as *graatjie* (figuurlik op skraal persone ook toegepas). *Wederom* is hier die teenoorgestelde van *weersiens*, soms *dieselfde* en *tot weersiens*. Ons hoor ook nog: „Op *het ogenblik*.” „Sy klas van man is te dun *gesaai*” (vir is skaars); soms word *yl gesaai* ook gehoor. *Sitmeul* (vir 'n handmeul van twee plat, ronde klippe op mekaar en deur iemand sittende op die grond gedraai). „Kyk hoe *grimmerag* (glimlaggend) is hy vandag.” *Dood* (vir gebreek of breek, b.v. „Baisiekel is *dood*”; „die glas is *dood*”; „pasop! die bord sal *dood*”). „Die man is baie *onstreeklik*” (vir wispelturig). *Oë knip* (vir dutjie neem, b.v. „Kenners still! pa wil eers sy oë bietjie gaan *knip*”). *Stuk* (vir klomp of trop, b.v. „Die een stuk skaap is weg, die ander stuk staan wei in die vlak”). „Geld wat geel is, maak reg wat skeel is”. *Reg-*

maak (ook vir ontman). „Dis twee *bul-ure* hiervandaan na Gert se plaas-toe”. Hy is soos 'n *duwweltjie* (doring) in 'n velskoen” (vir 'n lastige man gebruik). „My bene voel vandag weer *grommerag*” (styf en vol pyne). *Gehet* (vir gehad). „*Hoelike* (vir hoe 'n soort) donkies is hulle?” of „Hoedanige donkies is dit?” „Die perd is aan 't *koffie-roer* (strykloop). 'n *Vel* word soms 'n *banknoot* genoem. „Die perde is *lyflastig*” (uitgerus en uitgelate). „Hy *korrel* met sy een oog” (is soetskeel). „Hy het 'n groot plan oor skouer (groot voornemens). *Bladvye* (ook *turks-vye*). „Die os is *doringskof* (steeks omdat sy skof seer is; ook figuurlik toegêpas op onwillige mense). „Al suur die koning ook in, beter sal die brood nie rys nie.” „Die kos skep asem” (vir die wasem slaan bo die warm kos uit”). „Daar lê 'n bok se geraamte op sy bord” (baie bene). „Ek is 'n *boorling* van Namakwaland.” „Hy sing *salig*” (binnensmonds). „So, hierdie velskoen sal hou tot *kis-maak-dag*.” Die rebellie heet onder vrouens die *Huiloor-log*, omdat hulle so tekere gegaan het oor hul mans. „Ek was nog *rooiklein* toe dit gebeur het.” „Hy *ydel* op note” (vloek baie). „Hierdie baadjie sal hou tot *juriedag*” (d.i. tot oordeelsdag). „*Persent* ('n geskenk) is in '96 dood”; of „*Persent* het met die ravier afgedryf.” „Jy sing te leeg” (te laag). „Die ouman is al vol *mankemente* en *erf-gebreke*.” „Jou gesig (of geseg) is dors” (vuil). „Hy staan of hy 'n vals eed gesweer het” (verleë). „Hy staan soos 'n diaken wat op derde gelui wag” (vir plegtig of serieu). *Rieba* (vir raap en skraap). *Karkaia* (*ai* genasaleer, kinderwoord waarmêe die een kind die ander vermaak deur iets lekkers aan hom te wys onder die uitroep van „karkaia! karkaia!”). * Van die Opperwese word altyd met eerbied gepraat as die *Oubaas*, b.v. „Mag die *Oubaas* ons tog uitkoms gee.” So is daar nog baie gesegdes en uitdrukkings wat bladsye en bladsye sal vul.

*) In die Boland doen die kinders dieselfde om dié wat nie het nie, jaloers te maak; maar roep dan uit: Hartjie-seer! Hartjie-seer! of, „Nam-nam! Nam-nam! In Transvaal is soiets onder blanke kinders nie in praktyk nie, maar wel onder Kaffers wat dan uitroep: Kalkoeniel! Kalkoeniel! Het die Hottentot-woord *karkaia* en die Swasie-woord *kakoenie* iets met mekaar te doen? —Die Skrywer.

10. *Tussenwerpsels*:

Die gerekte *heei!* se betekenis hang baie af van die toon waarmee dit uitgespreek word; dit druk gemoedsaandoening uit. So hoor ons as rustige gemoedelikheid: „Heei! nou kan ek tog weer 'n bietjie rus.” Of in diep smartgevoel: „Heei! vir wat sal die liewe Oubaas my dan so swaar kasty?” Hier volg nog 'n paar sinne: „Heei my oom, wanneer het ons laas mekaar gesien!” „Heei my tante, leen dan tog vir my tante-goed se emmer”. *Hoor nou!* (spondee) bevat 'n verwyf, b.v. „*Hoor nou*, hoe jok hy!” „Of dit strek tot aanmoediging, b.v. „*Hoor nou*, hoe knap is my seun.” Of dit gee verwondering te kenne, b.v. „*Hoor nou*, van so 'n spektakel!” Of dit dien ook om die spreker aan te moedig met nou en dan te herhaal: „*Hoor nou!*.....„*hoor nou!*” *Aai!* 'n teken van nie saamstem nie, b.v. „*Aai!* so moet hy darem nie gemaak het nie.” *Ai, uut-o!* (*ai-uit-o!* om verbasing uit te druk, b.v. „*Ai uut-o!* is dit regtig so!). *Eijo!* (vir net! net so! so mos! praat so! om verbasing te kenne te gee). *Moenie praat nie!* (ook *arree!* om instemming of nie-stemming aan te dui). *Ammasê!* (vir apropos), *o koning!* *o troon!* *o gons!* (o nie genasaleer nie), *aisê!* *ai* kort, *ê* meer gerek, paaiend of aanmoedigend aan 'n kindjie herhaaldelik gesê as dié na iets gryp of wil opstaan). *Soe!* (in „*Soe!* dis warm”; „*Soe!* dit gaan darem nou te dol”). *Saba* (in die sin „*Saba!* dis koud”, ook „*Soeba!* dis koud”). *Héigend!* (om verontwaardiging te kenne te gee, b.v. „*Héigend!* die kend darem”). *Háppérs!* (as iemand so wil-wil val; of wanneer iemand iets swaars optel en amper regkry, dan roep die toeskouers uit: „*Háppérs!*”).

11. *Engelse invloed*, waarvan die Namakwalandse spraak eers so vry was, begin hom ook nou te laat voel deur instroming van vreemdelinge, motorkarre en ook deur die handel en nywerheid, asmede deur skoolinvloed. Die motorkar bly vir baie woorde verantwoordelik wat ook deur die ouer geslag in hul spraak opgeneem word. Hier volg 'n lysie:—

Mouter (by sommige word *ou* genasaleer), *welf* (Eng. valve), *rim*, *hendel* (handle), *baisekel* (bicycle), *tjoep* (tube), *taier* (tyre) *peddel* (paddle), *seloesem* (solution). Verder hoor ons van: *koperdip* (Cooper's dip), *inspekter* (inspector), *rissiwôr* (reservoir), *selender* (silinder van 'n windpomp), *rot*, *rotte* (rod, rods van 'n windpomp), *opfiks* (to fix up; 'n *opgefikste nôi* is een wat poeier, b.v. „Met 'n

opgefikste nôi moet jy van my wegbly”). „Hy is vir my so *nimmermyn*.” *Mistyk* (vir fout, is baie algemeen). *Twak-astrak*, *mis* (miss), *mister* (vernaamlik op briefkoeverte staan dit groot bo in die linkerhoek). Gewoonlik spreek die drywer van die motor as sy en *haar* (uit die Boland via Vanrhynsdorp oorgewaai). *Spaaider*, *nousbek* (nosebag), *seddelbek* (naas *saalsak*), *boetson* (dikvoetsiekte onder hoenders), *resiet* (receipt naas 'n *voldaan*), *rief* (om 'n hoed), *belt* (gordband), *mennejer* (vir bestuurder, baie algemeen), *stems* of *stemp*s (posseëls), *mêtjies* (vuurhoutjies). Van die Corniese mynwerkers is baie oorgeneem. Ook hoor ons van: *beiler* (bailer, by boormasiene). *Olrait* of *olryt* (word baie gehoor), *brêk* (brag), *ferplie* (fair play), *traai* (try), *hollidee* (begin stadig te wyk vir *vakansie*). In die skool het die kinders verder geleer: *pleitaaim*, *roeler*, *lesson*, *ereiser*, *sleit* (slate), *pensel*, *tietser* (teacher), ens. Verder *poeliese* (vir poliesie).

12. *Joodse invloed*. Ek het slegs een woord onder die drinkbroers gehoor, nl. *lagaim* (gesondheid!).

13. *Verskuiwing van aksent* kom meesal voor in plaasname, soos: Rooiwál, Swartbêrg, Grootklíp, ens. Vergelyk ook *rooikéél*.

14. *Die g- en k-klanke*. Voor *e*, *ê*, *ee*, *ei*, *eu*, *i*, *ie*, *y*, *u*, *ui* word die klanke wat deur *g* en *k* voorgestel word, meer na vorentoe in die mond gevorm, soos: *Gert*, *ken*, *kêrel*, *keel*, *geel*, *geitjie*, *geil*, *kuns* (*u* genasaleer), *gif* (of *geef*), *kis* (of *kees*), *skip* (soms nes *skeep* uitgespreek), *Giel*, *kiep*, *Gys*, *kyk*, *kul* (of *keul*), *kuif*.

15. *Nasalering*. By die egte Namakwalander is die nasalering van *a*, *ei* (*y*), *eu*, *u*, *ui*, *o* voor *n* (as 'n *s*-klank volg) algemeen, soos: *dans*, *mens* (nes op ander plekke), *einste*, *kuns* (of *keuns*), *skuins* (of *skeuns*), *gons* (soos 'n *by*); maar, „o gons!” word die *n*-klank sonder nasalering van *o* duidelik gehoor. Die woord *ons* spreek sommige uit as *os*, en ander weer *ôs* (vergeelyk Nederlands *ons*, Afrikaans *ons* en Engels *us*).

16. *Ontronding*. Die Namakwalander wat die spraak praat—wat ek tot sover behandel het—, spreek sy *u*, *ui*, *eu* gerond uit; die ronding word eer oordrywe; dog die Boesmanlander ontrond byna algemeen. Dit spreek vanself dat vastigheid van ontronding nie orals sal bestaan nie, b.v. op dié gedeelte tussen Namakwaland en Boesmanland. Ook sal die uitgee van Applikasieplase sy invloed op die taalvorming laat geld.

17. *Hottentotse invloed.* Ek is nie by magte om tussen die Hottentotse en Boesmanwoorde te onderskei nie; daarom gee ek die volgende lysie as afkomstig van die Hottentot. Dit is duidelik dat die meeste woorde in betrekking staan tot die veld, veeteelt en wat daarmee in verband staan—waarvoor die inboorlinge reeds woorde vasgestel het. By sommige mense geld die suigklanke, of tonggeklap as plat, terwyl dit by ander 'n natuurlike spraak vorm. Ek spelle die woorde so na aan die klank as hulle uitgespreek word. Die woord gemerk met (?) is nie Hottentots nie. Hier volg 'n lys van woorde wat in Namakwaland in die daaglikse spraak voorkom:—

|| *Gouroe* vir 'n gat in 'n klipplaat waarin water staan [|| *Garúb* is Nama-Hottentots en beteken 'n natuurlike bak in 'n rots waarin reënwater staan].

! *Gom* vir 'n soort bros klip wat in Carnavon bekend is as *góiingklip* [! *Hòmi* beteken 'n berg. *Góiingklip* is Afrikaans].

! *Kome-ganna* vir die krimpsiekbos, heet ook *kandelaar* [! *Hòmi* en *kana*].

/ *Gha* vir gras [*gab* beteken gras].

Orrobok vir melkbok sonder lam [*orós* beteken 'n bok wat haar laat melk sonder lam].

! *Koeintjie* vir 'n blink swart akkedissie [?].

/ *Hoenibee* vir 'n soort bos en die bessie wat dit dra [! *hunis*].

! *Gou-boom* vir 'n bekende boom met soetsuur bessies en oliehoudende pit wat uitgekook word [! *hus*].

! *Kau-kind* vir die jongste en troetelkind [! *kòu* beteken die jongste kind].

! *Kargóp* vir koggelmander [! *aróp*].

! *Kaai* vir die taaiigheid van voëlent [! *kai* is om 'n boog te snaar].

|| *Koei* vir agter iets versigtig uitloer soos 'n jagter = † *kwa* [|| *Khui* beteken uitloer, † *oa* is uitstap. In Nama-Hottentots is ! *ou-aop* 'n jagter, maar † *oa-arop* is 'n jaghond].

Dyóba vir baroe of barroe [?].

! *Aberá* (ka) vir akkedis [! *nabera* ?].

Boklina vir bolmakiesie slaan, b.v. soos 'n bok in volle vaart wanneer hy 'n skot kry [?]

|| *Na of* || *Naatjie* vir 'n soort jakkals [! *à* die basterjakkals].

Twa-gras (*w* soos in Engels uitgespreek) [*toa-gras*].

- ! *Norrô* vir agterkop [! *norôs*].
 || *Kau* vir dassieskeur [|| *kau?*].
 ! *Koe* vir pondok [! *nús* beteken pondok].
 ! *Koe* vir „ek weet nie” [! *ú*].
 || *Kam* vir vasklou met bene aan 'n paal [|| *kam*,
 vasklou].
 ! *Goe* vir vuil, b.v. „Jou gesig is mos ! *goe* [gù, vuil].
 || *Kon-* || *kon* vir 'n geelbont grondgeitjie [|| *òn-ons*,
 grondgeitjie].
 || *Neintjie-goebeep* vir klipgeitjie of wat ook as *blink-
 oog* bekend is [|| *neitsigubeb?*]
 ! *Kibli-bos* vir fluitjiesbos [Daar is geen *l* in suiwer
 Hottentots nie, so is dit uit 'n ander taal].
 ! *Kwa* (*w* uitgespreek soos in Engels) vir kliprante-wê-
 reld [! *noas*].
 ! *Kiena-bos* vir peperbos [! *hina-(bos)?*].
 ! *Kou-tjie* vir bruin klipmuis [! *kous*].
 ! *Kykee* vir bergpatats [! *ei-an*].
 ! *Gabba* vir „van maerte bly staan” [! *ga*, maer].
 ! *Gaai* vir voorkarossie [! *gái*, voorkaros].
 ! *Ghaap* vir 'n soort veldkos [! *gap*, veldkos].
 ! *Ghan* vir hees, b.v. „Ek is ! *ghan*” [! *an*].
Ou vir gee [*ou*, gee as 'n present].
 ! *Naap* vir die buikdeel van 'n volstruis, wat 'n ge-
 wenste gereg is [! *nap*].
 ! *Ny* vir „met agterlyf omhoog staan,” b.v. soos 'n tok-
 tokkie [?].
 ! *ghwa-l ghwa* vir 'n soort veldkos wat op ghaap lyk
 [! *goa-goa*].
 ! *Ghoen!* *kom* vir 'n soort kanna [! *gu-l nom?*]
 ! *Koena* vir gifdoring [! *nuna?*].

! *Goeng!* *korro* vir traak-my-nie-agtig, b.v. „Hoekom
 is die kend so ! *goeng!* *korro?*” [! *gom(?)*-! *horos*].

Hier breek ek die lys af—so vervolg mnr. Crafford—
 daar is nog baie van hierdie soort inboorling-woorde in ge-
 bruik, maar omdat hulle Afrikaanse ekwiwalente het, ag
 ek dit onnodig om almal aan te gee. Die blankes wat hulle
 gebruik, voel self dat dit onbeskaafde taal is.

18. *Die Namakwalandse Sandveld se Spraak.* Wat ek
 van die spraak daar weet, is van hoorsê; my segsmanne
 is eenparig van oordeel dat daardie mense temerig praat en
 min of meer 'n singstem het. Gesels hulle onder mekaar,
 dan praat almal so te sê gelyk op hoë note. Een van my
 segsmanne, wat baie omgang met die mense daar gehad

het, verklaar dat die spraak van die blanke veel ooreenkom met dié van die Griekwas.

Op wat npraters my voorgepraat het, skryf ek die volgende op:—

„Die wa het by die *nntkou* galoop uut en by die beult galoop oer en dour oener by die ravier gedeur.”

„Toe die water uutraak, had ons ga-twee dour waar die paai loop deel” (ga-twee beteken uitmekaar gegaan).

„Ha mins ees ha moeilike dy” (ding).

Tsê, ou maat, gee dan die stroopdoos, las drink” (d.w.s.

„Ek sê ou vrind, gee asseblief die stroopblikkie, dat ons kan water drink.”

Hier onderbreek ek weer om 'n vraag te stel: As ons soveel bydra tot die sendingwerk onder die heidene, hoe omtrent ons eie vlees en bloed, en been van ons been?

Op vrae wat ek aan mnr. Crafford gerig het, antwoord hy:—

Sover ek kan nagaan sê die Namakwalanders net *draaghout*, nie *draaghoutjie* of *nekhoutjie* nie. Onder die volk hoor jy van *nekhout* (deel iemand my mee). *Juk* hoort by osse. *Prittendeer* (vir permitteer) word baie gebruik, b.v. „Jy kan nie *prittendeer* dat ek jou vee ook moet water gee nie.” In Namakwaland sê hul *buite* (*buitentoe* het 'n private betekenis).

Tot sover mnr. Crafford.

Voor ons afsluit met hierdie belangrike spraakgebied, wens ek 'n terugblik te werp om te let onder watter taaie volharding die mense hier, afgesluit van alle geriewe van beskawing, moet voortsukkel. Dit natuurlik oefen 'n wonderlike inwerking op die gees, en gevolglik op hul spraak en wyse van uitdrukking. Terwyl ek skryf, heers daar 'n geweldige droogte; die mense het amper al hul vee verloor, en hongersnood is die gevolg. Die kleurlinge slag daar donkies om te eet; die blanke met leë beurse moet koring vir £2 terugkoop wat hulle vir minder as £1 verkoop het. Om die mense daar tegemoet te kom, het die Regering onderstandswerke ingestel waarop 1500 mense 'n verdienstetjie vind—ongeveer 500 is blankes, waaronder ook grondeienaars is. Dit is Septembermaand, en dit lyk daar soos in Januarie. Om die betekenis hiervan te begryp is dit nodig om die deel van Namakwaland te ken waar die dorp Springbok lê—dit wil sê, die Binneveld soos dit genoem word in onderskeiding van Boesmanland en Sandveld. Die Binneveld is die bergagtige gedeelte waar winterreëns val en baie

graan gewen word. Septembermaand is beroemd vir sy blommeprag in hierdie streek. Net waar die oog kyk, is dit 'n tapyt van blomme gedurende die wintermaande. Januarie vorm weer 'n absolute teenstelling: die blomme lūet dan totaal verdwyn. Van al die pragtige groen en ander skitterende blomkleure is daar niks meer te bespeur nie. Die eentonigheid van die dorre sand word onderbreek deur 'n kraalbossie hier en daar. Dit is dan haas ondenkbaar dat daar nog iets op die veld kan leef. Dit is die toestand in normale tye: hoe moet dit in tye van droogte nie wees nie!

Hierby moet nog gereken word: Die blankē bevolking is klein in getal en woon tussen gekleurdes wat 'n baie gebrekkige Afrikaans praat, en hul getalsterkte oortref dié van die witman wat op skoolgebied die voorregte van kleurlinge aan Kaapstad, Stellenbosch en Pêrel nie besit nie.

S P R A A K A F D E L I N G No. 3.

§39—DIE BINNELANDE VAN DIE KAAPPROVINSIE.

Onder die benaming Binnelande van die Kaap sluit ek in al die middellandse distrikte behalwe dié wat buite-om aangrens en aan die seekuste geleë is, en neem verder Grootrivier en Basoetoeland aan as die noordelike skeiding; gevolglik het ons nou die Karo- en Koup-streke voor ons.

Hierdie geweste beslaan 'n groot uitgestrekte oppervlakte, waarop baie afwykings voorkom, maar vorm as 'n geheel 'n groep van sy eie. Die lewenswyse verskil hier aanmerklik van dié van die Boland. Die nywerheid hier bestaan meesal uit veeteelt en volstruisboerdery; die boerplase is groot, en gevolglik woon die boere ver van mekaar af. Die riviere is net in vloed ná die val van swaar donderreëns; gedurende die reënlose tyd is daar syferings onder die sand van die rivierbeddings, en so word die waterkuile vir 'n lang tyd in stand gehou. Dog die vaste voorraad van water vir mens en dier word verkry uit fonteine, putte, boorgate en damme.

Dié wat met die trein van Kaapstad na Kimberley, of van De-Aar na Port-Elizabeth, gereis het, weet hoe die Karo daar uitsien. In tyd van droogte en ná verwoesting deur sprinkane lyk dit amper soos 'n dorre woestyn; 'n maand of so ná 'n deurdringende reënval is dit 'n blomtuin, 'n lushof, en besit 'n skilderagtige landskap met sy betowerende

sonsondergang, wat net aan die Karo alleen behoort en wat hom nooit ontnem sal word nie.

Die Karo-boer word baie maal deur vreemdes wat kom van waar voorspoed glimlag, onregverdig beskuldig vir lui sonder daaraan te dink dat die man nie lank gelede nie alles deur droogte en plaë verloor het en dat hy hoopvol die stryd aanknoop om wat hy verloor het, met opoffering van gerief weer te herwin. In die jare van voorspoed moet hy hom suinigies behelp om te spaar waarop hy in tye van teenspoed kan terugval. Sy woonhuis en buitegeboue sien daar nederig uit; die vensters is miskien klein omdat ruite op lang afstande oor klipperige paaie nie so gemaklik sonder te breek kan vervoer word nie. Haelstorms kom al jare. Bome van 15 tot 20 voet ryp en ys nog dood. Wat jare geneem het om op te bou, word baie maal in 'n betreklik kort tyd verniel. Die Karo-boer is 'n held wat die kastydende hand van die natuur, wat hom so seer geslaan het, kan soen. Hoop verlaat hom nie, en steeds slaak hy die versugting: „Ag, as ek maar net 'n paar aanteelgoedjies oorhou om weer mee te begin.” Dis waar, verskeie rykes, met sakke vol geld, het daar ingetrek om uitsoekplase te koop en op groot skaal te boer. Maar van taai klappe loop hulle ook nie vry nie.

Hierdie stryd met die natuur, hierdie swaar-kry of voorspoed het gewislik sy stempel op die Karo-bewoners se karakter en gemoedstemming afgedruk; daarom voel hy anders en druk hom op sy eie wyse uit. Maar al die tyd hou hy vas aan sy moedertaal om taaleenheid te bewaar; daarom is in plaasbeskrywende name onderling haas geen verskil nie. Orals tref ons aan: *spitskoppies* en *tafelkoppies*, *platrantjies* en *maanhaarrantjies*, *panne* en *vloere*, *riviere* en *waterlope*, *remhoogtes* en *vlaktes*, *poorte* en *nekke*, *wateroë* en *waterare*, *leegtes* en *vleie*, ens. So hoor ons van *doringleegte* waar doringbome groei, *brakleegte* waar wit brakkigheid opslaan of waar water brak is, en so meer.

Ons moet steeds in herinnering hou dat dit op hierdie terrein is waar die binnelandse trekkers, nadat hulle die grense van die ou Hollandse kolonie oorgegaan is, vry spel gekry het om name aan nuwe voorwerpe te gee en ook om paslike name vir plekke en boerplase te vind. Sommige is aan gebeurtenisse verbind, soos: *Landdrosdrif*, *Boelhouer*, *Kompasberg*, *Agtertang*, ens. Ander het name van persone ontvang, b.v. *Mostertshoek*, *Pienaarspoort*, *Graaff-Reinet*, ens. Sommige het hul ou inboorlingname behou, soos:

Prieska, Tarka, Dwyka, ens. Na die geaardheid, b.v. *Stormberge, Anysberg, Visrivier, Doringrivier*, en so meer. Ander is selfverklarend, soos: *Southkloof, Matjiesrivier, Sneeu-berge, Kookfontein, Klipfontein*, ens.

Dis verder onnodig om oor nuwe name uit te wei, daar ons reeds voldoende aandag hieraan geskenk het.

Die *kersbos* van die Karo heet ook *kandelaarbos*, omdat dit met 'n rokerige vlam nes 'n kers uitbrand en is heel iets anders as die Bolandse *kersbos* of *kraaibessiebos*, wat dié naam gekry het omdat die *rooiswart* bessies nes die vrugkersies lyk. Die *kakoer* van die Karo is 'n wildewaatilemoenenes die *samma* van die Kalaharie. Daar groei in die Karo 'n *wildekalkbas* en ooswaarts 'n *wildepruim* wat glad onder plante voorstel as die *wildekalkbas* en *wildepruim* van die Transvaal. En soos reeds aangedui, heet die Bolandse *papkuil* hier *palmiet* of *polmiet*.

Die dierewêreld het hier ook 'n groot verskeidenheid geplaas:—

Etemago (ook *ettemago* of *etemagol*). Op weinige oorblyfsels na het die vaal *kwagga* verdwyn. Die mierkat (heet ook hier *meerkat*; *ertmannetjie* word vernaamlik op die *waaierstert-mierkat* toegepas, wat eintlik 'n *grond-eekhorinkie* is en saam met mierkatte woon). Die *lammervanger* word soms *tjoevoël* genoem (ook *koovoël*), en so meer.

Wat die wisselvorms van woorde betref, skyn die onderstaande vorms die voorkeur te geniet:—

Alwyn, ertappel, akkedis (naas *akkeldis*), *aljimmers* (minder gehoor as in die noorde), *appelliefie, atjar*, (minder bekend as in die suide), *piekels, banja* (naas *baie*), *bietjie* (meer as *biekie*), *bleik* (wasgoed), *bobbejaan, hoehaai, brille* (vir een bril), *brugge* (naas *brûens*), *bokmakierie* (meer as *kokkewiet*), *dalia* (maar soms *adalia*), *diep* (meer as *dip*), *dutjie* (byna onbekend), *motby, muil* (meer as *esel* vir *muilesel*), *dwarrelwind* (meer as *warrelwind*), *flus, flussies, garing* (meer as *gare*), *garingboom* (ook *gareboom*), *verhemelte, gernaat* (naas *girnaat*), *gespikkel* (baie selde *gespikkel*), *geut, ketaar* (meer as *kitaar*), *grou* (grawe), *gôï, gunter, repuis* (meer as *arpuis*), *iewers, kaaiman* (min gebruik), *kirkos* (vir *koggelmander*), *kan* en *ken* (meesal reg gebruik soos in skryftaal, tog hoor ons soms: „ek kan die man” vir „ek ken die man”), *tentkar* (naas *kapkar*), *kaalkar* (vir *oopkar*), *kirkvors, karnallie, karnaattjie* (meer as *kirnaattjie*), *skottel* (waarin kos opgeskep word), *kom* (waarin gewas of deeg geknie word), *kom-*

mande, *kany*n (meer as *konyn*), *krokkedel*, *laventel*, *lensriem* (naas *lunsriem*), *miskiet*, *môre* (naas *more*), *nooi*, *nooie* (vir jongmeisie), *oleunhout* (ook *oleenhout*), *onkerneut* (naas *okkerneut*), *ok*, *ordentlik* (naas *oordentlik*), *oulap* (soms *duwweltjie*), *parra* (ook *padda*, so ook *parrastoel* of *paddastoel*), *sampioen* (vir *paddastoel* onbekend), *petats* (soms *petattas*), *plak* (vir *donkiekarwats* onbekend), *tarrentaal* (soms *wildehoender*, maar *poelpetaan* onbekend), *renoster* (so ook *renosterbos*), *rolletjie* (gare, naas *tolletjie*), *rispe* (naas *risper*), *seilgaring*, *skulpad*, *skoelapper*, *sonbesie* (meer as *doringbesie*), *solteer* (ook *sorteer*), *olieboom* (vir *stinkblaar*), *swaaltjie* (vir *swaweltjie*), *twak*, *teiken* (vir naam skryf, so ook *teikenskiel*), *tinktinkie*, *trapsuutjies*, *varings* (ook *varo's*, vandaar *Farofontein*), *varkoor* (vir *varkblom*), *pan* (water), *vlei* (meesal 'n grasleegte), *sommer*, *sonstraal* (meer as *sonsteek*, siekte), ens.

Elke gedeelte van die binnelande egter het sy eienaardighede, wat beter sal uitkom wanneer ons enige van die distrikte se spreekwyse sal behandel. Ons kan by die gewone gebruik van woorde en gesegdes die volgende nog byvoeg:—

Vuurbank (vir 'n hoë vuurherd), *es* (vir 'n baie lae vuurherd), *brakkie* (net soos in Transvaal word op klein soort hondjies toegepas, terwyl *keffer* in die binnelande meesal toegepas word op 'n Hottentot se hond wat tot geen soort behoort nie). *Skaap*, *bees* en *bok* word sowel in die enkelvoud as in die meervoud gebruik; in die laaste geval stel dit 'n versameling voor, soos: „Die *skaap*, *bees* en *bok* wei daar oener in die leegte.” *Kolk* is 'n oppervlakte water kleiner as 'n *pan*, maar groter as 'n *kuil*. Verder word hier ook gehoor: *voel* (vir voël), *fiemies* (aanstellinkies), *einste* (ook *eiste* vir *dieselfde*, b.v. „Dit is die *einste* man wat hier was”), *oeltjies* ('n soort duiwelsbrood wat binne-in 'n bruin poeier het; met vet gemeng, word dit aan die gesig gesmeer om die vel teen sonbrand mooi wit te hou). *Genut* (vir genot, b.v. „Ek het daar geen *genut* van gehad nie”), *kon* (vir *ken* of *geken*, b.v. „In sy nuwe klere *kon* ek hom glad nie”), *lérart* (soms vir *leraar*), *gevoelendheid* (vir gevoelens of opienie), *lyken* (soms vir *lyk*, b.v. „Die dogter *lyken* net soos haar ma”), *knaend* (gedurig, b.v. „Hy maak *knaend* so”), *goed* om versameling aan te dui, b.v. *Piet-goed* was hier” (vir „*Piet hulle* was hier”; so ook: „*Hulle-goed* kan maar praat wat hulle wil”; dit word egter meer onder kleurlinge gehoor as onder blankes), *meerswyntjie* (selde

gehoor vir *marmotjie*), *onkerneut* (soms vir *okkerneut*), *bondels* (vir gerwe, b.v. 12 *bondels* hawer), trap (vir dors, b.v. „Die *trapmasien* het by my *getrap*”), *puts* (vir *put*), *verongeluk* (vir beseer, b.v. „Ek het my hand verongeluk deur dit teen 'n paal te stamp”), ens.

In 1876 het ek my veldtog, om aantekeninge vir *Die Afrikaanse Patriot* te maak, in die Karo begin, en het dit onopgemerk om 'n hoekie moes doen uit vrees dat die mense daaruit aanstoot sou neem om hul spreektaal geboekstaaf te sien, want dit was juis in daardie jaar toe die gehate *Patriot* sy verskyning gemaak het. Die teenstand teen Afrikaans was toe van die bitterste, en die lede van die ou Genootskap moes net fyn in hul pasoppens bly. Leesstof was in die binneland nie te vind nie; Hollands het vir hulle geen aantreklikheid gehad nie, en Engels het hulle nie verstaan nie. Teen die end van die jaar was daar darem 'n paar intekenaars wat die erns vereers nie ingesien het nie, maar die saak in die begin vir pure pret-maak opgeneem het. Dog die doel van die saak het gou 'n indruk ten goede op die lesers gemaak, en daarop vermeerder die intekenaarslys snel in 'n paar jaar se tyd. En toe sien die Genootskap van Regte Afrikaners, met 'n blye hart, die bloeisels aan die boompie wat hulle geplant en onder bespotting gekweek het.

Om verwarring te voorkom het ek die woord *Onderveld* vermy. Dit is 'n woord deur die Bolanders gesmee en gebruik. Sommige binnelanders spreek wel van hulself as *Ondervelders* in navolging van die Bolander; maar in die algemeen word die woord *Onderveld* in die middelste van Kaapland nie gebruik en in die meeste gevalle nie begryp nie. Die Vrystater, Transvaler en Nataller hou hulle nog aan die ou Voortrekker-benaming, naamlik: die *Binnelande van die ou Kolonie*. Die Transvaler daarenteen noem alle inwoners van die Kaapprovinsie *Bolanders* of *Kolonialers*—al kom dié ook van Port-Elizabeth. Nou in die skole—vir dié wat verder studeer—verstaan hulle wat onder *Bolander* bedoel word; maar 'n *Ondervelder* bly vir hulle 'n raaisel.

Eenmaal was Transvalers na die Kaapprovinsie om 'n kongres by te woon; en toe hulle deur die Karo met die trein reis, merk een aan sy reisgesel omtrent die Karo-landskap op: „Hoor man, in tyd van oorlog is dit mooi koppies en rantjies om agter posiesie te neem”—dit is van die ou Boer-manier van veg beskou.

Soos reeds aangehaal, is die vernaamste bedryf van die

bevolking op daardie uitgestrekte oppervlakte veeteelt, en gevolglik is al die benamings vir hierdie bedryf daar in volle swang, soos:

Takkraal (gemaak van takke van doringboom of pendoring), *muurkraal* (van kleimure of gestapelde klippe), *afdak* (ope aan die voorkant), *kalwerhok*, *lammerhok*, *beeskraal*, *perdekraal*, *skaapkraal*), *lammerskape* (ooie met lammers, loop gewoonlik apart), *gusooi* (wat die jaar oorgeslaan het om te lam, net so *guskoei*), *kween* (koei of ooi wat onvrugbaar is), *klophings*, *groot-uier-ooi* of *-koei* (kort voor hul lam of kalf), *melkemmer* (by melkery gebruik) *melkpaal* (waaraan die melkkoei vasgemaak word), *hokstok* (by melkery om kalwers uit te keer en ook van die koei weg te slaan solank gemelk word), *melkblok* of *melkbankie* (waarop die melker sit), *melkboer* (die een wat melk, of die baas van 'n melkery), *koeistal*, *perdestal*, *varkhok*, *ganshok*, *hoenderhok*, *eendehok*, *voersolder* (ook *voerkamer*), *tuiekamer*, *saalrak*, *ruig* (ook *ruif* waarin hooi kom, die diere eet die voer deur die sporte), *krip* (soos *voerkrip*, *waterkrip*, *soutkrip*), *tollie* (jong ossie, onbekend in die noordelike state), *vers* (as sy nog nie gekalf het nie), *twee-tand-skaap*, *vier-tand-skaap*, *speen-oud*, *tweejarige* vers of ossie, *driejarige*, ens. So hoor ons ook van *kapater*, *hamel*, *reun*, *burg* (vark), *kapoen* (hoender), *kapater* (word ook as werkwoord gebesig), *skeerhok*, *kraalmis*, *stalmis*, *miskoek*, *windpomp* (vir windmeul), *suiping*, *weireg*, *weiveld*, *jongbrand*, *spaarveld* (waar vee vereers nie loop nie), *oubrand*, *suurveld*, *soetveld*, *gebroke-veld* (gras en bossies), *bossiesveld*, *roosmarynvlakte*, *blomkoolvlakte*, *wintersveld*, *sommersveld*, *vleigras*, *skaapbossie*, *brakveld*, *bloutong* (siekte), *haarwurm* (kwaal), *bloedpens* (siekte), *geilsiekte*, *krimp-siekte*, *galsiekte*, *lamsiekte*, *melkwurm* (in lammers), *dikkopsiekte*, *klousiekte*, *malkopsiekte* (of *dronksiekte*), *tongsiekte*, en so is daar nog baie meer kwale. *Kraalhek* (soos *houtheke*, *draadhek*, wat humoristies *konsertienahke* genoem word). Daar die boer sy eie velle bewerk, so hoor ons van: *rouvel*, *gebreide vel*, *breipaal*, *looikuip*, *looibas*, *rouriem* (figuurlik ook toegepas op iemand wat „groen” of baie onhandig is), *skaapwêreld* of *beeswêreld* (uitstekend geskik vir skape of beeste), *trek* (met vee verskuif). Die woord *trek* in Afrikaans het verskeie betekenisse, maar laat hom deur een of ander woord verklaar; soos deur 'n byvoeglike naamwoord: die *Groot Trek* (volksverhuising in 1836); hy is met sy *hele trek* hier (met al sy goed); die *Dorslandse*

Trek (na Angola). Deur 'n bywoord soos ek *trek weg* (om nie terug te kom nie); hy *trek rond* met sy vee (geen vaste verblyf nie). Verder, die perd *trek* in die tuig. Dit *trek* deur die stukkende ruit. Die magneet *trek* 'n naald aan. Die pleister *trek* skerp. Met 'n *trek* van die pen. 'n Lelike *trek* in die gesig. 'n Slegte *trek* in sy karakter. Hy *trek* geld uit die bank. Ek het altyd 'n *trek* op haar gehad. Ek het glad g'n *trek* vir kos nie, ens.

Vir sy *veekampe* het die boer nodig: *doringdraad* (of *steekdraad*), *kamppale* (of *draadpale*), *hoekpale*, wat deur *ankers* in die grond *vasgeanker* word, *droppers* (Engelse woord waarvoor totnogtoe geen Afrikaanse naam gevind is nie), *jakkalsdraad*, *varkdraad*, *ogiesdraad*, *hoenderdraad* of *netdraad* (vir tuine of *pluimveekampies*, *vlegdraad* (of *gladde knoopdraad*), *gladde draad* (as *spandraad*), *kamphokke* (die spil waarmee die hek dig gehou of gesluit word, het die humoristiese naam van *maagslaner* omdat dit met geweld losruk). Vir *draadspan* het die boer 'n *woeljuk* (of 'n *draadtrekker*) nodig, ook *draadlang* en *draadknipper*. By die vee is 'n *beeswagter*, *bokwagter*, *skaapwagter* (*herder* ken hy as Bybeltaal). Die wagter se huis is 'n *pondok*. Die gat op die grond om miswater uit die kraal weg te lei heet 'n *skuiwergat*. Hy merk sy beeste en skape aan die ore *stomp* met 'n *slip*; *halfmaantjie* van *agter* of van *voor*; *winkelhaak* van *agter* of van *voor*; *swawelstert* op die punt van die oor. Dan word dit noukeurig nader bepaal soos *regteroor*, of *linkeroor*, *stomp*, ens. Soms sny hy met 'n mes, of slaan met behulp van 'n *holpyp*, 'n *gat* in die oor; maar dis hinderlik vir die dier—vernaamlik vir bokke—wat die kop in bosse steek om blaartjies af te vreet; takkies steek dan deur die *gat*, skeur in baie gevalle die oor oop en maak dan die merkteken, so te sê, waardeloos—dit is dan 'n *slip*.

Dis onnodig om die name van al die veerasse hier op te som. Sommige is vir die Afrikaner moeilik om uit te spreek; so noem hy die rambouillet-skaap *ramboelie*, ens.

§40—SUTHERLAND, PRINS-ALBERT, FRASERBURG.

Sutherland staan bekend as die Roggeveldse dorp en grens wes aan Ceres, wat die Koue-Bokveld genoem word. Die landskap hier is afwisselend: aan die ooste lê die landstreek bo op die tafelland van die Nuweveldsberge en is van dieselfde geaardheid as die Groot-Karo; maar aan die westelike gedeelte van Sutherland is dit baie bergagtig—amper

'n klein Switserlandjie met sy hoë berge wat in die winter sneeu vat. Ek sien nou nog hoe ek, as elfjarige seun, The-ronsberg af in die reën tougelei het vir ons ossewa; die hoogste bergtoppe was toe wit met kapok, en strome water stort bruisend die klowe af. Hierdie deel van die Roggeveld kom baie ooreen met die Koue-Bokveld sowel in bedryf as in spraak. Die spreektaal staan nader aan dié van die Boland as aan die binnelandse spreekwyse. Dog oostelike Sutherland is Karo en volg ook daardie spraak nes Prins-Albert.

Aan ds. J. A. R. Volsteedt het ek 'n lys van woorde en uitdrukkinge gestuur om met die plaaslike spraak te vergelyk, en dit is die woorde wat hy onderstreep het:—

Alewee, akkeldis, aljimmers (onbekend), *appelliepie, piekels* (*atjar* is minder bekend), *banja, berghaan, biekie, hoehaai, brakkie, bril, brûe* (meer *brugte*), *dalia* (meer as *adalia*), *warrelwind, esel* (vir muil), *flus* (onbekend), *gare, girnaat, kitaar, grawe* (naas *grou*), *gooi, ginter, kalmoes, kapkar, kom en skottel* (reg gebruik), *krokkedel, lunsriem, misbredie, kommig* (kamma), *môre, okkerneut, nôi, ook* (naas *oek*), *oulap* (pennie), *sampioen* (vir *paddastoel* onbekend), *petats, plak* (donkiekarwats), *poelpetaat, renosterbos* (naas *annosterbos*), *risper, tolletjie* (*gare*), *skulpad, rolvarkie, skoelapper, sonbesie, olieboom* (vir stinkblaar), *swaaltjie, twak, varkblom* (vir arum), *varkoor* (vir 'n ander plant), *sommer*.

Tot sover ds. Volsteedt.

Deur vriendelike bemiddeling van ds. P. J. G. Meiring het ek die adres van sy broer, prokureur J. de Vos Meiring, Worcester, ontvang. Laasgenoemde heer het dadelik sy dienste beskikbaar gestel en deel later aan my mee:—

Ik schrijf slechts de herinneringen van woorden en uitdrukkingen uit de dagen toen ik daar aankwam—later heb ik dezelfde spreekwijze aangenomen.

Nu over woorden die mij troffen: In het Bovenland spreekt men van *lyste* (voor schoenen), daar zegt men *leeste*. In het Bovenland zegt men *oorleer* en *agterhaak* (van velschoenen), daar *oorleer* en *haakleer*. In het Bovenland is 'n gevlochten fles 'n *karba*, daar heet die 'n *karbak*. Te Sutherland groeit 'n bosje dat voor brandhout gebruikt wordt; men noemt dit daar *repuishout* of *repuisbos*; hier in het Bovenland zegt men *harpuishout* of *harpuisbos*; zo zegt men daar: „Ons brand *repuishout* op die *vuurbank*” (vuurherd). In het Bovenland wordt 'n klein

soort hond 'n *schoothond* of *keffer* genoemd, daar is het een *brak* of *brakkie* (b.v. „Slaan tog die *brak*, wat blaf hy so!” In het Bovenland heet de grote mierkat 'n *waaierstert*, daar heet zij weer 'n *ertman*. In het Bovenland zegt men *koggelmanner*, daar 'n *kirkos*. In het Bovenland is 'n vlak open kloof 'n *laagte*, daar 'n *leegte*; zo hoort men daar van *leegteveld* en *ranteveld*. In het Bovenland spreekt men van *skaap* en *scape*, maar daar van *skaap* al is dit één of duizend (b.v. „Die klomp *skaap* loop daaronder in die leegte”). Te Sutherland word 'n *pan water* 'n *kolk* genoemd; 'n *vlei* heeft daar 'n gans ander betekenis. Zo is 'n *vleiplaas* daar 'n plaats met 'n kamp begroeid met *perdegras*—'n soort standhoudend gras dat men ook voor hooi kan gebruiken. Te Sutherland spreekt men van *bees* of dit één of duizend voorstelt (b.v. „Die klomp *bees* wei in die vlei”), terwyl *vlei* zonder water kan wezen. Te Sutherland wordt elke handelaar die met kar of wagen rondgaat om eetwaren of gedroogde vruchten te verkopen, een *pagter*, en een die met negotie-goed rondreist, een *smous* genoemd. De soorten veldkos daar zijn: *kambro*, *baroe*, *wilde komkommer*, *volstruisnek*, *ghaap*, *oulam*, *koesnaatjie* (bladerig zoals de top van 'n pynappel, de stengel wordt gegeten).

Tot sover mnr. De Vos Meiring.

Met die Bolandse woorde wat mnr. De Vos Meiring aangee, bedoel hy die spraak van Worcester, waar hy opgegroeit het. Dit kom presies ooreen met dié van Agter-Pêrel en Koeberg, waar ek my jare as seun deurgebring het—net een woord het ons daar anders uitgespreek, nl. *tjeffer* (pleks van *keffer*); maar almal daar het ook van *skoentlyse* gepraat pleks van *skoentleeste*.

Wat betref die Prins-Albertse spraak is dit maar dieselfde as dié van oostelike Sutherland, waarvan ons reeds genoeg verneem het; dus is dit onnodig om hieraan verder aandag te skenk.

Maar met Fraserburg is dit heel anders; die suidelike gedeelte stem ooreen met die spraak van Sutherland en dié van Moordenaars-Karo, terwyl die noordelike part dieselfde is as van Boesmanland (wat reeds behandel is) en van Carnarvon, wat weer met dié van Prieska ooreenstem. Al wat omtrent noordelike Fraserburg verder te sê val, sal ons te lees kry onder die Prieskase spraak.

As landmeter het ek verskeie plase in hierdie geweste verdeel of verlore bakens opgesoek, naamlik in die dae toe

die jongnooientjies daar hul wangetjies met die sap van rooibeet gekleur het—wat hulle natuurlik goedkoper uitgekom het as die kleursels wat teenswoordig in apteke en winkels vir dié doel verkoop word. En soos die geval orals oor ons land is, word baie plase daar ook op ander name genoem as wat op die oorspronklike kaart en grondbrief vermeld is; so heet *Kneu* daar *Nooienspoort*, omdat die streek vir sy mooi, fris nooiens beroemd was; ook het die plaas, tans Rivierplaas, Calvinia, 'n ander naam as wat op die kaart voorkom.

Die geweste Sutherland, Prins-Albert en suidelike Fraserburg staan baie sterk onder die binnelandse invloed, maar Bolandse invloed word in baie opsigte nog sterk gevoel, soos: *aalwee*, *esel* (vir muil), *kommando* (vir die Afrikaanse woord *kommande*), *oek* (naas die binnelandse *ok*), *oulap* (vir pennie), *petats* (vir *patattas*), *poelpetaat* (naas *tarrentaal*), ens.

§41—DIE GRAAFF-REINETSE TAALGEBIED.

Uit die geskiedenis weet ons dat Graaff-Reinet in die ou dae goed van hom laat hoor het. Daar het lewe en krag in die stoere trekkers na die Kaapse binnelande gesit. Hulle het gewaag om so vèr van Kaapstad, en buite die beskerming van die Regering, die onbekende wêreld in te trek en het vaarwel aan famielie en geriewe gebied, om barbaar en verskeurende gediertes te tem, en om vry te voel waar vryheid woon. Gevolglik het hul taal saam met hulle geleef en ontwikkel tot kragtige gevoelsuitings; en waar 'n woord ontbreek het, het hulle een gesmee uit die ou Germaanse stam, daar hulle geen ander bron gehad het om uit te put nie. Ver van die Boland verwyder, het hulle die later byvoegings van die Bolandse spraak nie aangeneem nie, maar hul eie manier van uitdrukking na die suide, die ooste en noorde verplaas.

Dertig jaar ná die Hollandse bewind aan die Kaap deur die Engelse oorgeneem is, het die groot volksverhuising onder Piet Retief plaasgevind; so is die spraak van daardie Voortrekkers ook die taal van die Vrystaters, Natalers en Transvalers geword. Hieruit blyk dus van watter belang die studie van die noordelike spraak vir ons is om kennis te maak hoe Afrikaans in die begin van die 19de eeu—dit is nou honderd jare gelede—gepraat is. Die teenswoordige Graaff-Reinetse spraak sal hierop nie veel lig kan werp nie, want dit het sedert die Groot Trek aan-

merklik verander deurdat die bediendes daar Hottentotte is, wat maar indirek nie versuim het om aan die spreekwyse van die blanke bevolking, met wie hulle in aanraking is, te raps nie. Dog die Vrystaat, Natal en Transvaal het van dié invloede vry geraak; daar is Kaffers die bediende-klas en, soos ons reeds opgelet het en nog verder sal opmerk, het die taal van die laaste klas inboorlinge geen invloed van enige betekenis uitgeoefen op die spreektaal van die noordelike provinsies nie—soos b.v. in Natal. Om maar een feit op te noem: In die noorde word deeglik klankveranderinge gehoor, maar glad nie soveel as in die suide en binnelande nie. Die Hottentot se Afrikaans wemel daarvan, en sy woordegebruik is baie onvas.

Maar in die algemeen geneem is die binnelandse spraak van 'n goeie gehalte en oortref dié van ander plekke, en soos orals die geval, noudat Afrikaans op skole geleer word, word ons taal meer eenvormig oor die hele Unie van Suid-Afrika gepraat as dit vyftig jare gelede die geval was.

In die ou dae het in ons land geen inrigtings bestaan om predikante in op te lei nie; toe was Holland daarvoor die aangewese plek. Daar die student van onderaf moes begin, het hy soveel langer tyd nodig gehad om hom in die vreemde vir die diens te bekwaam; gevolglik was daar baie koste aan verbind; dan kom nog hierby, Europa het in daardie tyd so ver van die Kaap gelyk, en die Kaap van die binnelande. Die uitkoms van dit alles was: Daar was te min predikante. Maar Graaff-Reinet het sedert 1790 as gemeente bestaan, en sy kerklidmate het soms twee maande van huis gewees om nagmaal by te woon, of om te gaan trou, of om kind te laat doop. Uit hierdie feit blyk dat van Graaff-Reinet groot invloed in alle rigtings uitgestrooi is; en dit het natuurlik op taalgebied die geval ook gewees. Want vir aanneming tot lidmaatskap moes die ouers met hul kinders lank by die kerk bly, en die katkisasieklasse het 'n weldadige invloed op die spraak en skryftaal van die katkisante uitgeoefen. Dus, as middelpunt van beskawing en besigheid het Graaff-Reinet sy stempel diep op die binnelandse volkskarakter afgedruk; en verder is sy die moeder van die Vrystaatse, Natalse en Transvaalse sprake. Dapper en sterk manne en vrouens het daar gewoon en daar mekaar ontmoet. Die sade van selfbewussyn is daar en op Swellendam gesaai en ontkiem. 'n Eie vlag vir vryheid het daar vir die eerste maal in ons helder lug kop

uitgesteek; en ons algar weet wat van daardie geskiedenis geword het.

Dié spraakgebied sluit in die noordelike en middelste Kaapse binnelande, waarvan deels reeds 'n oorsig in §39 gegee is. Voortgaande sal ons verder verskeie aanhorige distrikte wat nader bespreek om plaaslike afwykings wat van naby te beluister. Dadelik gaan ons aan om Graaff-Reinet en sy distrik te behandel om kennis te maak met die hedendaagse spreekwyse van die nageslag van ouers wat hulle daar kom vestig het.

Aan weleerw. dr. B. B. Keet, destyds predikant op Graaff-Reinet, het ek ook 'n lys van woorde en uitdrukkinge gestuur; welwillend het hy die gangbare wisselvorms onderstreep en dié met sy aanmerkings teruggestuur. En dit is wat hy meedeel:

Ek gee u hier die resultate van my waarneminge wat ek sonder plan of sisteem somar neerskryf. Met betrekking tot die uitspraak merk ek 'n paar Onderveldse verskynsels: die veranderinge van klanke soos in *stim* (vir stem), *tint* (vir tent), *wilkom* (vir welkom), *leegte* (vir laagte), *kenners* (vir kinders), *provensie* (vir provinsie), *ken nie* (vir kan nie), *oener* (vir onder), *genut* (vir genot), *voels* (vir voëls), *waarskou* (vir waarsku), *skrou* (vir skreeu), *siekerag* (vir siekerig), *vrotterag* (vir vrotterig), *stadag* (vir stadig), ens. Dikwels hoor ek ook die uitdrukking: „Ek sal my nooit vergeet nie hoe ek eendag.....” Dikwels word die verlede tyd van die werkwoord *ken* as *kon* gebruik (b.v. „Ek *kon* hom nie” vir „Ek het hom nie geken nie”). 'n *Leraar* is byna deurgaans 'n *lerart*. *Vertroue* en *gevoele* is altyd *vertrouendheid* en *gevoelendheid*. *Verlange* is *verlangste*. So hoor ons ook: „Dit *lyken* vir my” vir „Dit lyk vir my”). Dit is ook opmerklik hoe die vorm *bykans* die voorkeur het bo *byna*. 'n *Karreebos* is eenvoudig 'n *kriebos*; en die pad is dikwels *knaend* (vir moeilik of swaar). 'n Vorm wat eintlik net onder die verwaarloosdes, baie eenvoudiges en gekleurdes gebruik word, is *goed* (vir hulle, b.v. „Ons gaan met *Willem-goed* saam”, of „*hulle-goed* saam.”

Tot sover dr. Keet.

Ook hier—net soos in die omstreke van Calvinia—hoor ons soms (maar meer onder veragterdes) die woordjie *se* agter persoonlike voornaamwoorde om besitting aan te dui (b.v. „Dis *hy se* perd, of *hulle se* goed, of ook in „*Wat se* goeters is dit?” In die laaste tyd verskyn in ons skryf-

taal 'n nuwe vorm, nl. *wie se*. Maar in hierdie laaste geval is dit aan Nederlands ontleen, nl. *wiens* en *wier*. In die spreektaal hoor ons nooit „die man *wie se* vrou siek is, lê ook siek”, of „die kind *wie se* hoed afgewaaï het, staan huil.” In plaas hiervan sê die Afrikaner: „die man *van wie* die vrou siek is.....” of „die kind *van wie* die hoed afgewaaï het.....” Nie alleen dat *wie se* on-Afrikaans is nie, maar dit word nogal in boeke en geskrifte as 'n verkieslike vorm aanbeveel. Die Afrikaner gebruik wel *wie se*, maar dan in 'n vraag (b.v. „*Wie se* os is dit?” „*Wie se* plaas is dit?”

Verder word daar nog die volgende woorde gemis of gehoor:

As-jou-blijf (met nadruk gesê, anders *asseblief*), *pampelmoesie* (vir appelliefie onbekend), *dutjie* (onbekend), *esel* (vir muil), *flus* (min gehoor), *kalmus* (of *kalmoes* onbekend), *kaalkar* (vir kar sonder kap), *kammenaadjie*, *lensriem* (vir lunsriem), *plak* (donkiekarwats onbekend), *pleks* (in plaas van), *poelpetaan* (onbekend), *penvarkie* (vir rolvarkie), *verbelentheid*, ens.

Graaff-Reinet, die dorp, is 2,500 voet bo die see, is aangelê in 1786, het lopende water, en is beroemd vir sy pragtige vrugteboorde en wingerde. Twee-derde van die inwoners is Hollands-sprekend, dus 'n regte Afrikaanse dorp in wese en spraak.

In die suide van die distrik is Aberdeen, wat met baie geringe afwykings die Graaff-Reinsetse spraak volg. Die boerdery is dieselfde as van die ander dele van die binne-lande waar die anghorrabok aanmerklik die aandag in beslag neem. Volstruise—net soos op ander plekke—maak 'n gedeelte van die algemene boerdery uit, en so ook groot- en kleinvee. Die volgende woorde word in Aberdeen gehoor:

Appel-der-liefde (vir appelliefie), *tjouvoël* (vir koovoël of berghaan), *hohaai* (vir bohaai), *brugge*, *parra* (so ook *brulparra*), *platkloet* (naas platanna), *noorsdoring* ('n klein en groot soort), *grenaat*, *ketaar*, *grau* (vir grawe), *gôï*, „*ek ken dit doen*” (vir „*ek kan dit doen*”), *kirkvors*, *lensriem* (vir lunsriem), *rolvarkie*, *trapsuutjies*, *adalia* (naas *dalia*), ens.

Onbekend daar: *Bobotie*, *sosatie*, *tassal*, *dutjie*, *kaai-man*, *kalmus*, *plak* (donkiekarwats), *poelpetaan*, ens.

Gramadoelas stel in hierdie geweste iets heel vaags voor sonder dat aan gebergtes of woeste plekke gedink of dit daarop toegepas word (b.v. iemand vraag: „Waar gaan jy

heen?" Antwoord: „Na die *gramadoelas*." Wat hierop neerkom: „Jy hoef dit nie te weet nie."

§42—DIE KOUP—BEAUFORT-WES.

Wie van Laingsberg na Nelspoort met die trein reis, kry enigsins 'n begrip van die Koup, waarvan die dorp Beaufort-Wes (2800 voet bo die see) die hoofsetel is. Hierdie landstreek is 'n uitgestrekte vlakte met sy eienaardige koppies en rante, wat duidelik teen die lug uitgebeeld staan. Die plantegroei is hier klein—kleiner as in die Karo, waar meer hoë *vyebosses*, *roosmaryn*, *wolwedoring* en ander groot gewasse te sien is. Die *doringboom* en die *kareebroom* is hier skaarser, en selfs die lae *blomkoolbossies* staan hier wyd van mekaar. Op seker tye van die jaar wals die *warrelwind* sy spookagtige dans op die oop vlaktes en lyk dan nes reusagtige stofpilare. Om tot die geheimsinnigheid by te dra, betower die *lugspiegelinge* (*opgeefsels*) die gesigseinder om water en bome te laat sien waar hulle in werklikheid nie bestaan nie—'n soort spotvertoon in tye van droogte. In baie opsigte is daar geen verskil tussen Koup en Karo nie. Die reënval uit die weste is donderreëns, wat soms hewige haelstorms veroorsaak. In die winter kan dit hier baie koud word. sneeu en kapok is iets heel gewoons, en soggens is die staande waters hard oorgeys. Dit gebeur ook met grond wat vir saaiery natgelei word; dan moet tot elfuur gewag word om ploeg in te span—anders breek dit veryste blokke grond uit. Brandhout is skaars; so word baie *miskoeke* en *missooie* vir brandstof gebruik. Waarlik in tyd van droogte en met die waterryke en boomwêreld van ons land vergelyk, skyn dit dat die Koup nie 'n lushof is om in te woon nie. Maar die oningewydes sing 'n ander liedjie as hulle die wêreld ná mooi reëns besoek. Vroeër het mnr. Molteno daar oor die 10,000 skape besit, en daar was ander wat ná aan hom was. Die Koup-boer het sy Koup lief en roep die naam hard uit. Baie mense *huil* hul pad deur die wêreld, maar die Koup-boer *veg* dit daardeur. Dáár woon hulle in die groot sonskyn; teringlyers kom daar verligting soek; herstellendes gaan vir hulle daar nuwe kragte toe-eien; en vir baie krankes wat daarheen gegaan het, was die graf tydelik gesluit. En dis hierdie gesonde klimaat wat die inwoners met verjongde kragte besiel om moed te hou en om swaarkry die voorbors te bied.

Daar sweef die *aasvoël* swyend deur die lug; die *wit-*

borskraai en *rinkalskraai* vermaak hul op *uitspannings* of langs die stofferige paaie. Die *swartkraai* verkies die berge waar baie bossies is, en die *witkraai* geniet sy plesier treurig op die oop vlaktes. Ywerig dra die *veldmuis* hope stokke aan om onder 'n houthoop te woon.

Die algemene afwykings hier het ons reeds bespreek in §39 onder binnelandse spraak; so val hieromtrent nie meer veel te vertel nie. Maar tog het die Koup-bewoners op taalgebied iets te vertel: uit die wisselvorms verneem ons:—

Alwyn, *akkeldis*, *atjar* (word soms gebruik), *brakkie* (toegepas op alle klein soort honde), *brûe*, *dutjie* (onbekend), *gare*, *grau* (vir *grawe*), *gôï*, *gunter*, *repuis*, *kamma* (ook *kammalielies*), *misbredie*, *nôï*, *ok*, *banja*, *plak* (donkiekarwats), *oordentlik*, *oulap* (pennie), *palmiet* (vir papkuil), *palats*, *tarrentaal* (poelmetaan onbekend), *renoster*, *rispe*, *rolletjie* (*gare*), *skulpad*, *skoelapper*, *olieboom* (ook *stinkblaar* gehoor), meesal *ferns* (vir varings), *varkoor*, ens.

Ds. J. G. Steytler was so vrindelik om my woordelys na te sien en die gangbare wisselvorms te onderstreep, en verder deel hy mee:—

Eiste soms *einste* (vir dieselfde, b.v. „Dis die *einste* man wat hier was”), *fiemies* (vir aanstellings, b.v. „Moet tog nie so vol *fiemies* wees nie”). Ek het soms gehoor: „Dis al so 'n *gewoonte* by hom, dat dit al 'n *gewente* geword het.” *Oeltjie* (of *nambosie* vir 'n soort duiwelsbrood met rooi poeier deur Hottentotte gebruik om hulle wange mee rooi te maak), *ken* (vir *kan*, b.v. „Ek *ken* dit doen” vir „Ek kan dit doen,” maar nooit nie: „Ek *kan* die man” vir „Ek *ken* die man.” *Palmiet* (is hier die Bolandse *papkuil* soos in *Palmietfontein*). *Voel* (nie voël nie, maar word soos Engels *fool* uitgespreek). *Vlei* (die betekenis lewer 'n moeilikheid; ná ondersoek blyk dit dat hulle somtyds 'n bietjie in die war is met *vlei* en *leegte*. 'n *Vlei* lê aan weersyde van 'n waterloop, is breed, lê gelyk en het meer gras as bossies. In die reël stoot die water in tyd van vloed oor die vlei; in tyd van droogte is die *vlei* ook droog. *Leegte* is smaller en het meer bossies as gras. Dit word soms ook *holte* of *duik* genoem. Dit lê tussen twee rantjies, en gewoonlik loop 'n sloot in die middel van die leegte af). *Pan* is kaal, sonder gras of bossies, so gelyk as 'n tafel en het net water in reëntyd.

Tot sover ds. Steytler.

Sover as ons nou gevorder het, het ons drie name vir

'n sekere soort duiwelsbrood teëgekrom: *ajoo*s in Boesmanland, *oeltjie* in Sutherland, en *nambosie* in Beaufort-Wes—almal Hottentotse of Boesman-name. Die vrug groei gewoonlik op, of teen, miershope; wanneer die bolvormige kop ryp is, dan word die leeragtige omhulsel droog—so ook die sponserige inhoud, wat dan in 'n sjokoladebruin poeier verander. Word daar teen geslaan, dan vlie die poeier in 'n bruin stofdamp weg; en dit is juis hierdie bruin poeier wat sorgvuldig vergader word om as blanketsel vir die gesig te dien. Maar so 'n kastainingbruin lyk tog nie mooi op die gesig nie; die doel is meer—so sê die gebruikers—om die vel teen sonbrand te beskerm. By uitsondering gebruik die blanke meisie dit ook om haar gelaat suiwer blank te maak—iets wat ek vroeër in die Hantam gesien het, en ek het op navraag dié verklaring ontvang. Hierdie nasionale praktyk deur die Hottentotte en Boesmans gevolg, gee ons nog nie reg om *ajoo*s, *nambosie* en *oeltjie* as Afrikaans te beskou nie—en dit bly maar die *duiwelsnuif*, soos dit ook genoem word.

Verder wil ek die aandag bepaal by woorde wat nie net in die binnelande gehoor word nie, maar ook elders gangbaar is:—

Rinkalsslang (ook *spu-* of *spoelang*), *jaste* (as meervoud vir *jas*), *moor* (vir seermaak, b.v. „Moenie die kat so *moor* nie”), *ysterment* (vir instrument), *eengalig* (vir egalig), *ongalig* (vir onegalig), *flukster* (vir flukser), *genog* (vir genoeg), *dolossie* (word in Boland *oesbeentjie* genoem—'n woord wat noordwaarts onbekend is). „Dit *smaak* my so” (in die Boland lui dit „Dit *lyk* of *lyken* my so”), *rêrig* (vir regtig), *swartbont nagslang* (heet in die Boland ook *kousband*). So het ons nog: *skaapsteker* (slang), *tabakrolletjie* (slang), *toktokkie* (gogga), *laksman* (heet ook in die Boland *kanariebyter*), *jakkalsvoël* (soort arend of kuikendief, sy geluid is amper soos dié van 'n jakkals), *reënpaddatjie*, *gifbol* (soort sambreelblom of amarillis), *veldmuis*, *streepmuis*, *skeerbekmuis*, *duwweltjiesdoring* (ook *duiweltjiesdoring*), *katdoring*, *hotnotskooigoed*, *noordpol*, *seepbossie*, *spekboom*. Inboorlinge het baie te vertel van *dasadder* (voorlyf dassie, agterlyf pofadder), *kaaiman* (hier op salmander toegepas). Onbeskeie name vir plekke word selde aangetref. En Engelse invloed op die spraak is baie gering, omdat die mense in vroeër dae hul eie meesters op die plase gehad het. *Adder* as enkelwoord word selde gehoor, maar wel in same-

stellings, soos: *pofadder*, *nagadder*, *bergadder* (ander naam vir *dasadder*).

§43—VICTORIA-WES, CARNARVON, CALVINIA.

Victoria-Wes bevind hom in die Karo-streke, waar die wêreld meer bossiesagtig en rante volopper is. Die velde hier, ná mooi reëns, is oortrek met duisende en duisende springbokke en ander klein wild, wat die weivelde vreeslik beskadig. Hier is welvarende veeboere en mooi boereplase, waaronder b.v. *Pampoenoort* en 'n menigte ander kan getel word. Soos op baie plekke rig die *jakkals* en *rooikatte* groot skade onder die kleinvee aan. *Bobbejane* vang jong lammers, skeur dié oop om die inhoud van die melkpensies te verslind. *Wolwe* het vroeër ook hier groot slagting onder kalwers, vullens en kleinvee aangerig. So vind ons hier nog *wolwehokke*. Maar die Afrikaner het ook hier sy man gestaan en die ongediertes baie uitgedun, en voer nog aldag die stryd teen hulle. Die ander vernielers soos die *lammer-vanger*, die *boskatte*, en nog meer, dool hier rond om hul kanse waar te neem; en wanneer die kans hom aanbied, is hulle gehelp.

Verder tref ons hier ook aan die goggas en kruipende diere van die Karo, soos: *jaagspinnkoppe*, *bobbejaanspinnkoppe*, *skerpioene*, *naaldekokers*, *kakkerlakke* (wat in water leef), *miskruiers*, *boktorre* (met lang horings), *spaansvlieë*, *lieuweheersbesies* (of *skulpadjies*), *kriekies*, *haarwurms*, *toktokkies*, *opblaas-sprinkaan*, *rooisprinkaan*, *oorkruiper*, *hotnotsgod*, *perdeby*, *heuningby*, *malkopby*, *sonbesie*, *blindevlieg*, *bosluisvlieg* (of *hardevlieg*), *perdevlieg* (ook *pêrevlieg*), ens. Die Hottentotte glo ook hier dat die *duiwelsby* of *motby* 'n dodelike engel het en is vir hom so bang as vir die duivel self. Maar tog kan geeneen jou vertel wie deur die skadelose mot doodgesteek is nie. Hulle sweer dat daar soiets as 'n *slangsteen* is, wat helder oordag soos 'n ster blink op die slang se kop.

Aan ds. M. S. Daneel het ek ook 'n lys van woorde en uitdrukkings gestuur. Maar dit was griep tyd en Sy Eerwaarde het ernstige gevalle van siekte in die pastorie gehad, sodat hy self sy aandag aan my versoek nie ten volle kon skenk nie; dog hy het so vrindelik gewees om die lys aan 'n jongman wat daar opgegroeï is, te oorhandig, wat die gangbare wisselvorms onderstreep het. Hieruit sal blyk dat tussen die binnelandse spraak onderling nie veel afwykings bestaan nie.

Hier volg enige voorbeelde:—

Alwyn, akkeldis, aljimmers (onbekend), *piekels* (atjar onbekend), *baie, beteuteld, biekie, hoehaai, brakkie* (vir klein soort hond), *brille* (b.v. „Hy dra *brille*”), *brûe, dip, dutjie, warrelwind, muil* sowel as *esel* op muil toegepas, *flus* (nie gebruik nie), *gare, girnaat, kitaar, gooi, ginter, ewers, kalmoes, kan en ken* (reg gebruik), *kanarieblaar* (vir kaladium, of *kaladieblaar*), *kapkar, karmenaadjie, kikvors* (selde gehoor), *kom en skottel* (reg gebruik, b.v. *waskom, bakkom, groenteskottel*), *kommande, krokkedel, leegte, leunsriem, meermotjie, rooibossie* (vir misbredie), *miskiet, môre, nôi, ok* (naas ook), *okkerneet, olynhout, oulap* (vir pennie), *sampioen* (onbekend), *patats, plak* (donkiekarwats), *tarrentaal* (maar *poelpetaan* onbekend), *risper, tollertjie* (gare), *seilgare, skilpad, rolvarkie, sonbesie, sorteer, struis* (vir strooihuis), *swaaltjie* (voëltjie), *twak, tinktinkie, varkoor*.

Aangesien tussen die spraak van Carnarvon, Calvinia en Victoria-Wes haas geen onderskeid bestaan nie, kan ons hier afsluit. Sulke vorms as *hy se, hulle se* en *ons se*, om besitting aan te dui, word dikwels onder blankes sowel as gekleurdes gehoor. So ook *wie se*, wat in hierdie streke nie as 'n Hollandisme moet beskou word nie, maar as gelykvormig met *hy se*, ens. So hoor ons baie maal: „Die man *wie se* perd hier loop, was gister hier.” Maar teenswoordig, onder Hollandse invloed, word die laasgenoemde sin ook in die skryftaal ingevoer, terwyl dit in die spreektaal nie algemeen is nie, daar ook hier die gewone vorm is *van wie*—soos reeds die aandag op gevestig is.

§44—PRIESKA, GROOT-HANTAM.

Die Hantam-spraak is tiepies binnelands en verkeer onder dieselfde invloede as dié van die aangrensende distrikte. Dit word aan die suidooste begrens deur die Groot-Karo en aan die weste deur Boesmanland en die Klein- of Agter-Hantam; gevolglik kan ons ons eie gevolgtrekkings maak hoe die spraak deur sy bure beïnvloed word. Ofskoon die spreekwyse ooreenkom met dié van Victoria-Wes, het dit tog sekere woorde en uitdrukkings van Boesmanland oorgeerwe, b.v. „Ek het hom *gehad*”, en nog meer van dié kalieber.

Ds. W. J. du Toit was so welwillend om my lys van woorde en uitdrukkings met die spraak van Prieska te ver-

gelyk, en dit is wat Sy Eerwaarde aan ons omtrent die plaaslike eienaardighede in 't kort meedeel:—

Gehad (vir ontmoet, b.v. „Ek het hom gister gehad, en ons het toe lekker gesels”). *Verongeluk* (vir 'n ongeluk gehad, b.v. „Hy het vanmôre so 'n *verongeluk* gehad deur sy vinger amper af te sny”). *Kolk* (vir 'n pan water). *Poort* (waar 'n waterloop deur 'n rant gaan, b.v. *Keikamspoort*, *Prieskapoort*, *Springbokpoort*). *Puts* (vir waterput, b.v. *Lutzputs*, *Puts-sonder-Water*, waar Kenhardt-Stasie nou is; die naam eintlik is *Puts-onder-water*, omdat daar so baie water is). Die plaas *Eselsklou* is 'n interessante plek waar eselspore in 'n harde rots te sien is. Die name *bobbejaan*, *aap*, *likkewaan* word ook hier so uitgespreek, omdat die diere hier goed bekend is. So is die *etemagol* ('n skobberige miereter) ook hier te vind. Die *namakwapatrysie* word hier ook *kelkiewyn* genoem. Dan is hier nog die *vaalkorhaan*, *bontkorhaan*, *gompou*, *kleinpou*. Die soorte doringbome neet: *doringboom* (mimosa), *haak-en-steek*, *wag-'n-bietjie*, *haakdoring*; dan het ons nog die *driedoring*, *brosdoring*, *wolfdoring*, ens.

Uit die wisselvorms van sekere woorde geniet die volgende in Prieska die voorkeur: *akkerdis*, *aljimmers* (word nie gebruik nie), *appelliefde*, *atjar* (pleks van *piekels*), *banja* (naas die genasaleerde *baie*), *lammervanger* (pleks van *koovoël*), *brille* (vir een bril), *brugte* (naas *brûe*), *gare*, *gensbok*, *kitaar*, *gunter*, *kamma*, *kan* en *ken* (gebruik soos in die skryftaal), *kapkar* (naas *tentkar*), *klipsemanner*, *kom* (vir waskom), *leunsriem* (vir lunsriem), *misbredie*, *môre*, *nôï*, *okkerneut*, *oek* (naas *ok* en *uk* vir ook), *oulap* (vir pennie), *paddastoel*, *palmiet* (vir papkuil), *petats*, *plak* (donkieswats), *tarrentaal* (*poelpetaan* onbekend), *renoster*, *rolletjie* (*gare*), *seilgaring*, *skulpad*, *stekelvarkie* (vir rolvarkie), *sonbesie*, *sorteer*, *stinkblaar*, *tinktinkie*, *trapsuutjies*, *varkblom*, *sommer*.

§45—COLESBERG, ALIWAL-NOORD, BURGERSDORP, DORDRECHT.

Die spraak van hierdie geweste is nog eg binnelands, dog vorm die oorgang tot die Vrystaatse wyse van uitdrukking. Ons het by voorbeeld tot sover verneem dat in sommige plekke in die binnelande die woordjie *ken* soms vir *kan* gebruik word, maar dat *kan* nog altyd sy skryftaal-betekenis behou het. Dog van hier noordwaarts en ook langs

die oostelike kusstreke is dit nie altyd die geval nie. Hier word die betekenis soms omgewissel; so sê hul: „Ek *ken* dit doen” en „Ek *kan* die man”—’n verskynsel wat in die westelike distrikte van die Unie nie aangetref word nie. Ook sal dit verder blyk dat baie Vrystaatse woorde en uitdrukkings hier gehoor word.

Die landskap begin hier ook daar anders en meer bergagtig na die ooste uit te sien as die gewone vlaktes van die Karo; die bediendes is meesal Kaffers, waarvan goed ’n nege-honderd stemgeregtig is, en dit toon aan hoe welvarend hulle is om die stemreg te verwerf. Maar die indirekte invloed van die Hottentotse spraak word soms hier nog gevoel, soos b.v. *rêrê* (vir *reg-reg*), *gehet* (vir gehad), en baie ander vorms wat aan die binnelande eie is.

Ds. C. W. du Toit het sy dienste aan my ook welwiltend aangebied; hy het egter intussen ongesteld geword en kon toe nie doen wat hy voornemens was om te doen nie. En dit is wat hy in die eerste instansie meegedeel het:—

Ek skryf net òp enige uitdrukkings wat ek hier op Aliwal-Noord opgemerk het:—

’n Mens hoor ook hier die betekenis van die woorde *kan* en *ken* omgewissel, b.v. „Ek *kan* die man goed” vir „Ek *ken* die man goed.” „Of „Ek *ken* dit nie doen nie.” So hoor ons verder van *leegte* (vir laagte), *leeg* (vir laag), *buitoe* (vir buite, b.v. „Vannag het ek *buitoe* geslaap”), *rêrig* (vir regtig, b.v. „Dis *rêrig* ’n lekker dag”). Vir tuingroente gebruik hul die woord *tuin*. So sê ’n ouderling een môre aan my: „Meneer, ek het ’n bietjie *tuin* saamgebring; die beet is nie sodanig mooi nie.” Dit word ook *fyntuin* genoem, b.v. „Ons *fyntuin* is vanjaar besonder mooi.” Vir ’n ysterpyp, as waterleiding gebruik, sê hul *pomp*, b.v. „Die dam se *pomp* is stukkend.” Vir komkommerslaai sê hul *kapsel*; en praat ook van komkommers *kap*. Vir gerwe sê die boere meesal *bondels*, b.v. „Vanjaar het ek 3,000 *bondels* gerwe gewen.” Die gewoonte om die getal gerwe te tel is te wyte aan die feit dat vir afoes per getal *bondels* betaal word. Hier praat hulle nog altyd van *koring trap*, al word dit deur ’n masien uitgedors, b.v. „Die *trapmasien* staan by neef Piet om sy graan uit te *trap*.” Wat in die Bolland ’n *opper* (gerwehoop netjies teen reën op die oesland gepak) genoem word, heet hier ’n *blok gerwe*, b.v. „Daar staan tien *blokke* gerwe op my land.” Dan hoor ons hier nog die benaming *bykos* vir groente op tafel. Natuurlik is vleis die vernaamste voedselmiddel in die binnelande.

By 'n later geleentheid het ds. C. W. du Toit die volgende geskryf:—

Ek het u lys hier op Aliwal-Noord met ingesetene deur-gegaan, maar het dit ook Jamestown-toe geneem—ses uur te perd van hier—, waar ek dit met 'n kring van ou vrinde kon deurgaen; daar onder was twee van Dordrecht. Al die woorde het ek afsonderlik onderstreep. So hoor ons:—

Oos (vir ons), uut (vir uit), wykel (vir baisekel), „Ek het hom gehet” (vir „Ek het dit gehad”), *mellik* (vir melk), *ous* (vir ousus), *wan* (vir wanneer, b.v. „Wan hy nou daar was”), *staan dankie* (vir stadig dankie!), „Maar ek sê nou” (ongepas vooraf gebruik), *vaar* (vir vader), *oener* (vir onder), *petaal* (vir betaal), *giester* (vir gister), *bromkaaitjies* (vir bronchitis), *pesiere* (vir passeerde, b.v. „*Pesiere* jaar”); 'n baie algemene uitdrukking hierlangs is: „Ek het my mors gedaan gesukkel.”

In Phillipstown het ek die uitdrukking gehoor: *iemand blou maak* (vir skaam maak). „Kyk so 'n *rooi haan*” (vir 'n groot vuur). „Hy sal môre hier *is*” ('n algemene uitdrukking vir „Hy sal môre hier wees”).

Uit die wisselvorms ontleen ons die volgende:—

Akkedis, *aljimms* (nie gebruik nie), *appel-der-liefde*, *piekels* (vir atjar), *hoehaai* (naas *hoeihaai*), *kokkewiet*, *duljie* (in Jamestown gebruik), *dwarrelwind* (in Jamestown), *garing*, *girnaat* (Aliwal-N.), *grenaat* (Jamestown), *ketaar*, *grou* (vir grawe), *gôï*, *gramadoelas* (nie bekend nie), *repuis*, *kalmoes*, *kirnallie*, *lunsriem* (gebruik op Aliwal-N., Jamestown en Dordrecht), *ok*, *palmiet* (vir *papkuil*), *plak* (donkiekarwats), *tarrentaal* (*poelpetaan* onbekend), *renoster*, *rispe*, *tolletjie* (gare), *krimp-ystervarkie* (vir *rolvarkie*), *skoelapper*, *skierlik*, *twak*, *varre* (vir *varings*), *sommer*, *abba* (vir kind op rug dra), *maggeneet*, *blikkieskos*, *eelde* (vir eelte), *kafferstatte*, *korswil* (vir *speletjies* maak), *kirnuffel*, *spoeg* (vir *spuug*), *soldate* (vir *soldade*), *saf* (naas *sag*), *turksvy*, *vlooiqif* (vir *insekpoeier*), *voorskooie* (vir *voorskote*), *doekbrand* (vir *Bolands warmpatats*, *speletjie*), *waak* (vir 'n wandeling), *wonnereksens* (vir *wonderessens*), ens. Tot sover ds. Du Toit.

Aangesien hierdie streke so ná aan die Vrystaat geleë is, is dit lig te begryp dat die spraak hier deur dié van die noorde beïnvloed moet word. So hoor ons ook hier die volgende woorde, wat die voorkeur in die noorde reeds geniet:

Buitoe (vir *buitentoe* of *buite*), *skepsel* (vir 'n *kleurling* of *Kaffer*), *kankerbossie* (vir *keurtjie*, *Sutherlandia*), *gooi*,

nooie (meisie), *kakebeenwa* (vir tentwa sonder tent), *korswil* (vir speletjies maak), *melkkos* (vir stukkies deeg saam met melk gekook), *pynkeller* (vir pain killer, medisyne), *pypkan* (vir suigbottel vir babetjies), *prittendeer* (vir permitteer), „Jy moet in jou *pasoppens* bly ” (vir „Jy moet in jou spore trap”), *spruit* (vir 'n klein riviertjie), *skottelploeg* (vir disc plough), *skottel* (vir kom, b.v. *wasskottel*, *badskottel*, *bakskottel*), *tôienrig* (vir miserabel uitsien of voel), *vlooiopoeier* of *vlooigif* (vir insekpoeier), *ketel kook*, *skierlik* (vir skielik), *patattas*, en so meer.

Van hier af word die intervokaliëse *g* (soos in Engels *go*) meesal behou in sulke woorde as: *dage*, *wege*, *egge*, *brugge*, *nege*, *dageliks*, *degelik*, ens. Die woord *sens* is onbekend, daar met sekels geoes word.

Dr. H. A. Lamprecht was so vrindelik met die behulp van die Afrikaanse-Taalvereniging om 'n lys van woorde te onderstreep. Plaaslike eienaardighede in die spraak het hulle egter nie bygevoeg nie, maar wel 'n versameling van Afrikaanse uitdrukkings, gesegdes en spreekwoorde, wat in die Vierde Part van hierdie werkie sal opgeneem word. Die A.T.V. van Colesberg is die enigste tak van dié vereniging wat hulp aangebied het en my van verder diens verseker het, terwyl ek tog by ander takke ook aangeklop het sonder enige vrug; en dis juis in sulke gevalle waar taalvereniginge hul verdienstelik kan maak. Aan mnr. W. A. J. du Plessis (voorsitter) en mej. S. du Plessis (sekretaresse), A.T.V., bied ek my dank aan vir die aangebode en verrigte dienste. Hulle vestig, namens die A.T.V., die aandag op enige taalverskynsels in daardie geweste:—

Hoeihaai (pleks van *bohaai*), *diep* (vir *dip*), *dwarrelwind* (vir *warrelwind*), *flus*, *ketaar*, *grou* (vir *grawe*), *gooi*, *arpoen* (naas *harpoen*), *tentkar*, *karnaadjie*, *kommande*, *meerswynljie* (vir *marmotjie*), *misbredie* (naas *wildehane-kam*), *meskiet* (vir *muskiet*), *onkerneut*, *oliewehout*, *ok*, *duwweltjie* (vir *pennie*), *patattas*, *skulpad*, *doringbesie*, *swaalljie*.

Nou verlaat ons die gebied waar die opregte Hottentot grotendeels die bediende-klas uitmaak; maar ons moet steeds in gedagte hou dat hierdie spraak hom uitgebrei het ver oor sy grense, waar dit teëgewerk is deur ander invloede, soos verder duidelik sal blyk. Met beter skole en die gemakliker verkry van leesstof, beter posvervoer en spoorweguitbreiding het die spraak baie verbeter, sodat daar reeds 'n groot verskil te bespeur is tussen die taal van die ouer en

jonger geslag. En as dit in dieselfde verhouding voortgaan, sal binne 'n halfeeu Afrikaans oor ons hele land meer eenvormig gespreek word, en plaaslike spraak sal baie moeiliker herkenbaar wees.

SPRAAK AFDELING No. 4

§46—SUIDELIKE DISTRIKTE: SWELLENDAM TOT PORT-ELIZABETH.

Vooraf moet ek erken dat ek hierdie streke nie 'n besoek gebring het nie; maar ek was gedurig in aanraking met persone afkomstig van of wonende aldaar, en deur uitvra en luister na hul woordegebruik kon ek 'n goeie begrip van die spraak kry. Dan kom hier nog by die bydraes so goedgunstig aan my gestuur.

Reeds het ons daarop gelet watter rol Swellendam in ons geskiedenis vervul het sowel op staatkundige as op taalgebied; van hierdie geweste het die trek inlands en ooswaarts uitgebrei, waardeur die hele land bevolk is; so is dit onnodig om te vertel wat reeds meegedeel is. In die begin van die 19de eeu was die Swellendamse spraak dieselfde as dié van die Boland; want die oorspronklike bevolking het immers uit Stellenbosch, Pêrel en Malmesbury (Swartland) gekom. Hulle het egter onder ander invloede geraak; ook was hulle nie meer so afhanklik van die Maleise slawe nie, en gevolglik het baie Maleise woorde hier reeds uit die binnelandse spraak verdwyn. Die bediendes, wat altyd in die meerderheid is, is min of meer dieselfde as in die Boland. Toestande was nie meer dieselfde as wat hul agtergelaat het nie. Aan die een kant was die Karo-streke, aan die ander die Boland of die bakermat van Afrikaans; gevolglik het 'n wisselwerking op die spraak ontstaan. Maar dan is Swellendam nader aan Kaapstad as Graaff-Reinet; dus het die Oorbergse spreekwyse nader aan die Bolandse gebly as dié van die Karo. Ofskoon Swellendam in die begin die toon aan die binnelandse spraak gegee het, het dit niesteenstaande woorde in die Graaff-Reinets gebied ontwikkel oorgeeneem, soos: *ok*, *banja* (*banje*), *twak*, *oener*, *rant*, *aalwyn*, *dwarrelwind*, *teiken skiet*, *bleik*, ens. Verder het hulle die Bolandse bestaande of later ontwikkelde vorms behou of oorgeeneem, soos: *akkerdis*, *bokmakierie* (fiskaal), *vlei* (pan), *sampioen*, *palmiet* (kafferskuil), *donderpadda*,

soms *dispens, kommando, leunsriem, papkuil, boomsingertjie, valsgelyke* (of *vansgelyke*), en nog meer.

Maar dan het hierdie suidelike kusdistrikte ook die Afrikaanse taalskat aanmerklik vermeerder, vernaamlik met die benaminge van boom- en houtsoorte. Die *loerie* (voël) word hier vir die eerste maal aangetref, terwyl hy in die Boland nie te vind is nie. Selfs enige visse en skulpe aan die seekus het ander name as dié in Kaapstad gekry. Die Maleise woord *loerie* is dus uit hierdie geweste afkomstig.

As die Bolanders trots voel oor hul indrukwekkende en skone landskap, dan kan die suidelike distrikte nog meer so voel oor hul Afrikaanse Switserland met sy skilderagtige gebergtes, hul pragtige bergpasse en hul reusagtige houtbosse, wat ons land met kosbare houtsoorte voorsien. So vind ons daar o.a. :—

Witpeer, kastaiinghout, swarthout, rooi-els, wit-els, asgaihout, essenhout, saffraanhout, kamassie, without (waterhout), *spekhout* (wildeperske), *beukehout* (boekenhout), *rooihout, swart-stinkhout, ysterhout, rooibessiehout, klipesse, geelhout, opregte geelhout, bitteramandel* (rooistinkhout), en nog meer.

Laat ons nog enige houtsoorte hierby voeg wat nie juis almal aan hierdie streke verbonde is nie :—

Kameeldoring, knoppiesdoring, mingerhout, vanwykhout, malbaar, vaalbosch, buig-my-nie, seder, sybos, witstinkhout (Kamdebo-stinkhout), *rooiblaar, loodhout, jakkalsbessie, kobobessie, kafferboom, wildekatjiepiering, kafferpruim, koolhout* (hardekool), *witboom, kaffer-ysterhout, rooimelkhout, vlier, olienhout, ghwarrieboom, hardepeer, nieshout, kajaat, kershout, rooi-ivoor, kieriehout, rooimelkhout, swartbos, rooipeer, boerboon, keurboom, kruisbos, salieboom, vaarlandswilgerboom.*

§46(A)—SWELLENDAM.

In die vallei van Breërivier en tussen hoë berge geleë is die aarde daar vrugbaar en waterryk. In die lente skitter die velde onder 'n blommeprag van heide en ander soorte. Geen wonder dat dit een van die eerste plekke is wat immigrasie uitgelok en die mense daar welvarend gemaak het. Die verkeer met die Boland—die naaste en enigste mark in die ou dae—het die spraak baie in ooreenstemming met mekaar gehou; meer so daar die boerdery in albei plekke ongeveer dieselfde is, en ook deur gedurige besoeke van

bloedverwante en ou vrinde. Nes in die Boland sê die Swel-
lendammer: *baing*, „Wat is dit *met jou sam?*” Hy praat
van *aalwee* naas *aalwyn*, gebruik *oek* en *ook*, sê *tabak*, *rug*
(vir 'n heuwel), terwyl sy Karo-verwante dieselfde woorde
anders vervorm het. Hieronder sal ons meer bekende Bo-
landse woorde en uitdrukkings vind.

Mevrou Miemie E. Rothmann, B.A., wat daar gewoon
het, het my groot tot diens gewees met die lys van woorde
en het daartoe die onderstaande bydrae gestuur:—

In veel van die gevalle deur u aangegee, word albei
vorms gebruik, b.v. *aalwee* en *aalwyn*; maar laasgenoemde
word net deur die minder bevoorregte klasse gesê. So sê
hulle ook *adalia* (vir *dalia*), *gesprikkel* (vir *gespikkel*), *ke-
taar* (vir *ghitaar*), *gooi* (vir *gôi*), *garing* (vir *gare*), ens. Ek
het net die beskaafde uitspraak van die meerderheid van
die blanke onderstreep. *Appelliefie* is hier die uitspraak,
dog in Franshoek het ek ook *pompelmoer* (*pompelmoesie*)
gehoor—wat natuurlik nog van die Frans *pomme de l'amour*
afgelei is. *Pompelmoes* is by ons net die groot sietrusvrug.

Atjar by ons beteken vrugte, uie, rissies, ens., met
asyn en kerriekruie gekook; *piekels* word hier net met asyn
ingelê. Ons het dan nooit van *piekels* gepraat nie, maar
wel van *ingelegde uie*, *ingelegde rissies*, en so meer.

Bokmakierie is die ouer woord en word nog algemeen
in die dorp gebruik; maar die buitemense praat van *kok-
kewiet*.

Brakkie is hier enige soort baster-hondjie. *Keffer* by
ons is 'n skoothondjie—amper nes 'n Italiaanse wind-
hondjie. Maar baie maak geen onderskeid nie en noem
maar albei *brakkie*.

Brulpadda en *donderpadda* verskil van mekaar: *brul-
padda* is die grootste soort.

Dispens. Mense wat gesteld is op hul spraak en deftig
praat, sê *dispens*; die meeste sê egter *spens*. So ook is daar
baie ou mense wat sê *braaf*, b.v. „Hy is *braaf* laat, hoor!”
Dog dis nou al ontaard in *bra*. Tog alte jammer van die
lieuwe ou woorde wat ons aanskakel aan die verlede—'n ver-
lede wat so vinnig deur ons hande gegly het.

Kaaiman is hier 'n gedrog en 'n skepping van die ver-
beelding en bygeloof. Dit word gesê dat hy in die Buffels-
rivier in die diep, donker seekoegate woon, en wel ander-
kant Zuurbraak. As iemand—soos Idries en Siena—daar
in die middag verbystap, daar gaan water drink of skep,
dan sleep die *kaaiman* die persoon in, en dan is dit klaar

met die arme siel! Hy word voorgestel as half mens, half vis. Die volk daarlangs het te groot agting en vrees vir die *kaaiman* om sy naam aan 'n bog-klipsalmander te gee.

Sampioen (Frans *champignon*) pas ons hier toe op die eetbare soort—en nie op die *paddastoel* nie, wat giftig is. *Duiwelsbrood* of *duiwelsnuif* is weer 'n ander soort wat soms op, of langs miershope groei.

Palmiet beteken die plant wat in die sand langs die riviere groei; sy saad lyk amper nes kafferkoring en die palmagtige blare groei aan 'n dik swart stam. *Papkuil* groei in moerasse; die saadsteel is lank met 'n kwas saad bo-aan. Die kinders maak pyle van die saadstele en skiet voëls en muise daarmee.

Vlei is hier 'n pan water, en ook 'n ope laagte wat gelyk lê en waar die grond gewoonlik klam is. Dit word, sover ek weet, nooit op 'n kloof toegepas nie, soos b.v. *Blouvlei*, Wellington.

Verder skryf ek nog woorde wat ook op Swellendam soos elders gebruik word:—

Agurkies (klein soort komkommers), *amasoon* (rok deur dames gebruik as hulle te perd ry), *babbeljoentjie* ('n ledekant met vier steile en kap), *bolmakiesie* (voet oor kop slaan), *boesroentjie* (wolbaadjie of jersie), *dortelappel* ('n giftige vrug). *Holland* en *Seeland* word toegepas as iemand sy mooiste klere opdra; dan word gesê: „Dis Holland en Seeland met hom saam.” *Kapstok* (stelling om klere oor te hang), *kadoeks* (vir *kaduks* wat nie fris nie beteken), *jeuks* het dieselfde betekenis as *kaduks*, b.v. „Dit gaan maar jeuks), *naaldekoker* (*gekleurde gogga* wat oor gale water vlie), *kamferfoelie* ('n klimplant met geurige roomkleurige blomme), *knaend* (vir gedurig, lastig, moeilik, b.v. „Jy kan maar damwal maak, dit spoel tog *knaend* weg.” „Die kind vra *knaend* om water.” „Die pad is *knaend*.” *Paskewel* (vir 'n naamlose versie of geskrif op iemand in grap toegepas en aan hom op verborge wyse gestuur), *permutasie* (vir 'n hele klomp of gesin, b.v. „Hy kom hier aan met sy hele *permutasie*), *skoppelmaier* ('n U-vormige tou wat aan bome of pale geknoop is waarop kinders swaai), *sissewinkel* (vir die hele boel, b.v. „Die hele *sissewinkel* is niks werd nie), *veldparty* (vir piekniek), *wewenaars* (vir 'n saadgras wat aan die klere vasklou), en nog meer.

Tot sover mevr. Rothmann.

Uit hierdie mededeling bemerk ons weinig verskil met die Bolandse spraak. Ons kan nog enige ooreenkomste aan-

las, soos : *appelkooperske* (vir geelperske), *borsluis* (vir hoeluis), *draadwerk* (vol streke of aanstellings), *hardeholkeittjie* (vir harde hoed), *klong* (vir kleinjong), *loelier* (vir lourier), *mud* (vir sak, b.v. *mud* graan), *maskie*, *wiesboom*, ens.

Daar bestaan alle rede dat die woord *okkerneut* in hierdie geweste vervorm is tot *onkerneut*, daar die laaste vorm gangbaar is in al die distrikte langs die suidelike en oostelike kus tot selfs by Aliwal-Noord; vandaar noordwaarts word dit heel selde of glad nooit gehoor nie. Die woord *aljimmsers*, wat in 't geheel nie of min in die Boland in die spreektaal gebruik word, word hier gehoor, terwyl *flus* of *flussies* in albei afdelings nie 'n spraakdeel uitmaak nie. *Poelpetaan* of *poelpetaat* word nêrens anders as in die Boland gehoor nie en is dus hier ook onbekend. *Wolwe-ent* (halwe géwel) word hier ook gehoor, so ook *tuishuisie*, *trêwer* (*trêwa*), *honde-oor* (orgidee).

Na regte behoort die Swellendamse spraak onder die Bolandse afdeling ingesluit te gewees het; maar omdat dit die uitgangspunt is van die spraak van die kustreke, so het ons dit as 'n afsonderlike spraakgebied behandel.

§47—OUDTSHOORN, RIVERSDAL, GEORGE, KNYSNA.

Oudtshoorn is beroemd vir sy volstruisboerdery en lusernvelde. Die hoogste pryse vir boerplasies is daar betaal; prosesse oor grond en water was daar volop; en daar volstruisvere 'n weelde-artikel is, so is die welvaart van die bevolking daar grotendeels van die grille van die veemark afhanklik. Afgesien daarvan is landbou en veeteelt daar vaste en winsgewende bedrywe.

Mej. Maria von Wielligh, my suster, was so goed om my lys van woorde na te gaan; daar sy destyds daar nie te lank was nie, het sy nie oor veel gegewens beskik nie; onder ander deel sy mee:—

Heen-en-ste-weer (vir heen en weer), *mombeer* (vir probeer), *knaend* (vir aanhoudend, b.v. „Hy maak *knaend* so"). Sy vertel verder:—

Die klankverandering van *i* in *e* of *e* in *i* word ook hier gehoor, b.v. *kend* (vir kind), *wilkom* (vir welkom), *swim* (vir swem), ens. Die uitgang *ig* word soms in *ag* vervorm, b.v. *regtag* (vir regtig). So hoor ons ook van *biekie* (naas *bietjie*), *bymot* (naas *motby*), *kalmoes*, *karnaadjie*, *lunsriem*, *petattas*, *boomsingertjie*, *spruit* (vir klein riviértjie).

arnosterbossie, *suikerboontjie* (vir Bolands portnátalboontjie), *solteer* (vir sorteer), *twak*, *varo's* (vir varens).

Die mense bry hier in die algemeen.

Tot sover mej. Maria von Wielligh.

Ofskoon ek op Riversdal by drie plekke aangeklop het, is dit my nie geluk om 'n helpende hand raak te vat nie. Maar in ons buurte woon Riversdallers; so kon ek met uitvra en aan hulle spraak opmaak hoe daar gepraat word. Die vrouens daar praat van *kos oorhang* (vir kos op die vuur sit—hulle dink nog aan die ou dae toe die potte aan kettings oor die vuurherd moes hang). Die woord *baster* as bywoord word daar baie gebruik, soos: „Dis *baster* 'n goeie man.” Maar wat omtrent Swellendam meegedeel is, kan op Riversdal ook toegepas word.

Maar dit is Knysna en George (die Ge-org van ons Boere) wat ons taal met die name van hul houtsoorte so verryk het—soos reeds in §45 aangegee is. In die houtbosse tref ons baie voëltjies aan, soos: *blou-katakoeroe*, *bosloerie*, *daggaboertjie*, *vyftig-daler* (klanknaboetsend), en nog meer. Ook word in hierdie streke pragtige plante en blomme aangetref—vernaamlik in Riversdal, soos o.a.: *altyd-blom* of *altyd-bossie*, *bergkamelle*, *brakbos*, *broek-en-baadjie*, *Knysna-lemie*, *George-lemie*, *ghoenavy*, *kaaimanblom*, *keurtjie*, *kaapse-nôientjie*, *kafferdoring*, *kaffertjies* (blom), *kalkoentjies*, *katjie-tee*, *koringblom*, *melktou*, *noem-noembessie*, *perdefroetang*, *peperbossie*, *spekbossie*, ens. So hoor ons in Knysna van *boesmantjies* (bosapies).

Aan ds. J. A. Beyers (broer van generaal C. Beyers), van George, het ek ook 'n lys van woorde en uitdrukkings gestuur, en dit is wat hy meegedeel het en wat aantoon die eenheid van Afrikaans in die algemeen:—

Bêre (vir wegsit), soms *tjint* (vir kind), *dansbal* (maar mielibol), *baing* (vir baie), *sien!* (as uitroep ná elke sin), *lyk* (in die smaak val, b.v. „Dis wat ek lyk”), *kamma* (in die sin: „Hy verbeel hom mos kamma”), *onmoonlik* (in die sin: „Hoe is dit *onmoonlik* dat hy my so kan behandel?”); „As jou *grote blief tog!*” (erg smekend). „Dis *baster* koud.” *Blou duitjie* (vir niks, b.v. „Hy besit g'n blou duitjie nie”).

Tot sover ds. Beyers.

Die binnelandse invloed laat hom hier ook gelde; so hoor ons ook hier die volgende vorms:

As-jou-blief (wanneer dringend gesoebat word), *biekie* (naas *bietjie*), *diep* (skaapdip), *dwarrelwind*, *flus*, *kilaar*,

grau (naas *grawe*), *kirnaadjie*, *leegte*, *..ooie* (jongmeisie), *palmiet* (vir papkuil) *teiken skiet*, *varo's* (vir varings), en nog meer.

§48—HUMANSDORP, UITENHAGE.

Ons het nou deurgedring tot in die nabyheid van Port-Elizabeth, alwaar die Engelse taal oorheersend is; dog in die streek Humansdorp-Uitenhage is die Afrikaans-sprekende bevolking nog in die meerderheid. Die spraak in hierdie geweste is maar nog dieselfde as wat ons van Swellendam af behandel het—met dié onderskeid egter, dat die gedeelte Swellendam meer na die Bolandse spreekwyse oorhel, terwyl hier die binnelandse spraak groter invloed uitgeoefen het. So hoor ons hier van *ok*, *banja* (naas *baie*), *oener*, *twak*, *flus*, ek *ken* dit doen, *more*, *nooie* (meisie), *pennie* (pleks van *oulap*), ook word hier nie meer gebrynie.

Ds. C. H. Stultingh van Humansdorp het goedgunstiglik my toegesonde lys van woorde en uitdrukkinge onder hande geneem en het die volgende omtrent plaaslike spraak meegedeel:

Omgekrap (vir kwaad, boos, b.v. „Hy is omgekrap”); die woord *sommer* word hier ontsettend veel gebruik. b.v. „Dis sommer 'n perd”, of „Dis sommer bogpraatjies.” *Kraanman* (vir 'n knap man, b.v. „Hy is wat jy kan sê 'n kraanman”). *Konsuis* (vir sodanig, b.v. „Hy is konsuis so goed,” of „konsuis so slim.” *Knaend* (vir swaar, moeilik, b.v. „Dit is 'n knaende hoogte” of „Dis 'n knaende opdraand.”

Ons vind nog die volgende afwykings: *bolmakierie* (vir bokmakierie), *motby* (vir duiwelsby of bymot), *ketaar*, *tentkar* (vir kapkar), *levintel*, *malmotjie*, *wildehanekam* (vir misbredie, word ook *transvaalbossie* genoem), *ordentlik*, *stinkblaar* (soos in die Boland), *naam teiken* (naas *naam teken*), *varo's* (vir *varings*), *sommer*, ens.

Tot sover ds. Stultingh.

Hier sluit ons die spraak van die suidelike kusstreke af. Uit die weinige gegewens aan my gestuur en aangehaal, en ook uit die ou geskiedenis van hierdie geweste, blyk dit dat die spraak hier ná aan die oorspronklike Afrikaans is. Dit het sy invloed met die ou Voortrekkers na die noorde verplaas, en woorde soos *loerie* en name van

houtsoorte, wat hier in die suide hul ontstaan gekry het, word nog ver in Transvaal en Natal gebruik.

Dit is hier waar Piet Retief eenmaal sy verblyf gehad het, waar hy gebou en geplant het; en ons vind nog baie afstammeling van die ou Voortrekkers in die noorde wat vertel: „My oorlede grootvader het uit Uitenhage of Georg se wêreld hierheen getrek ná hy enige jare in Natal gewoon het”—en laat onmiddellik daarop volg: „Hulle sê, dis so 'n mooi streek daar; ek sou die plek graag wil gaan kyk, maar die Here alleen weet wanneer.”

S P R A A K A F D E L I N G N O. 5

§49—OOSTELIKE DISTRIKTE: PORT-ELIZABETH TOT BASOETOELAND.

Ons het die Bolandse geweste verlaat, waar die Maleise spraak en seemanstaal eenmaal hul invloed uitgeoefen het; daarop het ons oorgestap na Namakwaland en Boesmanland, waar die Hottentot en Boesman saam met die Basters hul invloed op taalgebied deeglik laat geld het; toe weer na die binnelande van Kaapland, waar dié invloed indirek hul uitwerking laat voel het; vervolgens het ons die suidelike distrikte van die Kaapprovinsie 'n besoek gebring, waar inboorling-invloed verflou het; en nou kom ons tot die streke waar Afrikaans- en Engels-sprekendes saam met mekaar woon, en waar die Hottentot van die toneel verdwyn om deur Kafferstamme vervang te word. Dus kry ons twee ander elemente om rekening mee te hou.

Soos ons reeds die aandag daarop gevestig het, onder „Inboorling-invloed”, spreek die Kaffers nog hul eie taal; en ons het daarop gewys dat die blankes die taal van kindsgebeente van die inboorlinge leer. Dan het ons verder ag daarop geslaan dat die Kaffers in die reël Afrikaans gebrekkig praat, sodat die blanke kind dadelik kan hoor dat sy outa en ou aia krom praat. En daar die kind self Kaffers ken, praat hy by voorkeur die Kaffer se taal wanneer hy met die inboorling gesels, waardeur hy die gebruik van 'n brabbeltaal onnodig ag. Gevolglik is Kaffer-invloed tot 'n minimum gebring.

Dit is nie juis die geval met die Hottentot wat sy taal nie meer praat nie; derhalwe voel die kind hom genoop om hom te bedien van die slegte spraak van die Hottentot,

wat nie nalaat om sy verderflike invloed te laat geld nie.

Met Engels is die geval weer so: Die kind leer in die meeste gevalle eers sy moedertaal en dan Engels; of baie Afrikaans-sprekende ouers laat hul kinders soms eers Engels en dan die moedertaal leer. Ons almal weet wat die uitwerking van albei stelsels is, naamlik dit: 'n Wisselwerking vind plaas, die Afrikaans-sprekende kind bedien hom van anglisismes en die Engels-sprekende kind van afrikanderismes. En dit is presies wat in hierdie streke aan die gang is. Nou wil ons duidelik verstaan wees: Die neiging om letterlik uit een taal in eie taal, of omgekeer, oor te sit is nie 'n plaaslike verskynsel nie, maar wel 'n algemene een; en wanneer ek beweer dat die Afrikaans-sprekendes só praat en die Engels-sprekendes só, dan beweer ek nog nie dié soort spraak het *hier* sy ontstaan verkry nie. Wat ek meedeel, is net dit: Hulle praat hier só—wetende dat letterlike oorsittings in ander dele van ons land netso plaasvind. So hoor ons die Hollandse Afrikaners daar praat van: *dienar* (vir Eng. *dinner*), *porter* (kruier), „dit sal doen” (vir „dit sal gaan”), *dankie* (pleks van asseblief), *job* (verdienste), *boetse* (vir stewels), *mennejer* (Eng. manager), ens. Terwyl die Engels-sprekendes netso hul spraak daar ontsier met afrikanderismes, wat baie storend vir die gehoor is en wat die ouers veel moeite verskaf as hul die kinders reg wil leer praat. Al die ouers doen dit nie, en 'n gewoonte word 'n gewente.

Maar die ingesetene van hierdie gedeelte is volkome bewus in watter gevaar Afrikaans verkeer; so is nog onlangs in Port-Elizabeth 'n Afrikaanse vereniging opgerig om oor taalbelange te waak. En die beste van alles is: Hulle laat deeglik van hulle hoor.

Die landskap hier is nie meer so bergagtig as in die suidelike distrikte nie. Die oostelike kusstreke is wel bosagtig, maar in 't geheel nie wat dit in die suide is nie. Ook het die karobossie hier pad gemaak vir 'n graswêreld soos ons dit in Vrystaat, Natal en Transvaal aantref. Die oostelike hange en klowe van berge is meesal met bome en bosse begroei, en waterstrome is hier volopper. Dis van hier af noordwaarts dat die verskynsel, „ek *ken* dit doen” of „ek *kin* dit doen” opduik.

§50—ALEXANDRIË.

Ds. H. A. Hanekom was heel welwillend om my woorde-lyks na te sien en my met aanmerkings te bedien; en dit is wat hy ons omtrent die spraak van Alexandrië meedeel:

Die Engelse taal het hier in hierdie geweste groot invloed op die Afrikaanse spreektaal; so sê hulle hier: „Wat is die tyd?” (vir „Hoe laat is dit?”). „Ek kyk agter hom” (vir „Ek let op hom”, of „Ek kyk na hom”). „Ek gaan waak” (vir „Ek gaan wandel” of „Ek gaan uit”). Baie sê by voorkeur: *June* (vir Junie), *July* (vir Julie). So hoor ons ook van *kitchen*, *station*, *store*, en so meer. Ook praat hulle van *sopper* (supper), *dienar* (vir dinner), *servants* (vir bediendes).

Eienaardig is dit dat hulle vir 'n draaghoutjie hier *juk* sê (natuurlik onder Engelse invloed). Wat in die Boland 'n *borsriem* genoem word, heet hier die *remriem* van 'n tuig. 'n Dorsmasien word hier 'n *trapmasien* genoem. En 'n *byenes* is hier bekend as 'n *heuningnes*. So hoor ons ook hier: *alwyn*, *akedis*; maar *aljimmers* is onbekend. Verder *appelliepie* (of meesal die Engelse woord *gooseberry*), *piekels* (vir *atjar*), *baie*, *kokkewiet*, *hoehai*, hy dra *brille*, *brugge*, *diep* (vir skaapdip), *flus* (word nie gebruik nie), *girnaat*, *kitaar*, *grau* (vir grawe). *gôï*, *tentkar*, *wasskottel* (vir waskom), *krokkel*, *wildehanekam* (vir misbredie), *oek* (naas ook), *paapkuil* (vir papkuil), *poelpe-taan* (onbekend), *annoster*, *sonbesie*, *twak*, *varo's* (vir varings), *trapsuutjies*.

§51—SOMERSET-OOS, PEARSTON, CRADOCK.

Terwyl die spraak van die oostelike kusstreke beïnvloed word sowel deur die Engelse as die binnelandse spreekwyse, en die binnelandse spraak nie onder Engelse invloed staan nie, so het ek Somerset-Oos, Pearston en Cradock tog by die Oostelike Spraakafdeling gevoeg om rede van die Engelse invloed. Maar eintlik kom dit meer ooreen met die binnelandse manier van praat. Met die kusstreke het hierdie geweste baie woorde gemeen, soos: *baie* (inlands *banja*, *petattas* (inlands *patats*), *arnoster* (soms *harnoster*, binnelands *renoster*), *brille* (inl. *bril*). Maar aan die ander kant hoor ons daar: *ok*, *palmiet* (vir papkuil), *doringbesie*, *bees* en *skaap* (as versamelwoorde), *gehet* (vir gehad—mees deur kleurlinge), *lerart* (naas *leraar*), *bykans* (vir byna), *kros*, *krieboom*, ens. Ook hoor ons die eien-

aardige Afrikaanse uitdrukking: „Ek sal my nooit vergeet nie” (vir „Ek sal dit nooit vergeet nie”), *kos* vir *kon*, b.v. „Ek *kos* dit maar gedoen het” pleks van: „Ek *kon* dit maar gedoen het”.

Aangaande die Pearstone se spraak het ek die volgende ontleen aan ons bure, wat nie lank gelede hul geboorteplek verlaat het nie. Met mnr. Cornelis Coetzee het ek die woordelys nagegaan; hy deel verder mee:

Die woord *bult* word daar nie gebruik nie, maar wel *rug* of *hoogte*. So praat hulle ook daar van *bees* en *skaap* —al is dit 'n trop. *Piet-goed* en *hulle-goed* (vir persone bymekaar) word daar net deur kleurlinge en veragterde blankes gebruik, *goedte* (vir goed, b.v. „Watter *goedte* is dit?”). *Vestrui* (vir volstruis), *kokkewiet* (pleks van bokmakierie), *laksman* (pleks van fisikaal). So sê hulle ook: „Jaag die vee *oppe*” (vir „Jaag die vee weg”), *rûensveld* (vir ranteveld). Die benaming *spruit* is onbekend; hulle gebruik daarvoor *waterloop* of *sloot*.

Tot sover mnr. Cornelis Coetzee.

Ds. J. A. Koch (Pearston) het dieselfde woordelys nagesien en het die volgende aanmerkings daarby gevoeg: „Ek het dit *gehet*” (vir ek het dit gehad—'n strewe na vereenvoudiging van taal.

Muskierig (vir nuuskierig).

So hoor ons *nie* (vir *nou*).

Die *ui* word byna altoos as *y* uitgespreek, soos in: *hys* (vir huis), *tys* (vir tuis).

Verder hoor ons: *Akeldis* (ook *akkeldis*), *aljimms* (nie gebruik nie), *lammervanger*, *dutjie* (nie gebruik nie), *garing*, *ketaar*, *tentkar*, *gunter*, *levantel*, *lunsriem*, *onkerneut*, *petatte*, *skoelapper*, *stroois* (vir strooihuis), *tink-tinkie*, *pan* (water, heet 'n vlei water).

Tot sover ds. Koch.

Dis wonderlik hoe moeilik dit soms is om die afleiding van 'n woord te kry tensy ons die geskiedenis van die woord ook weet. In Cradock is 'n bekende plek met die naam *Daggaboerne*. Oppervlakkig beskou sou dit voorkom dat dit met *dagga* of 'n *daggaboer* iets te doen het. Niks van die aard nie! Toe die Kaffers in 'n oorlog verslaan was, vlug hulle deur die nek en roep terug: „Dag, Boer!” of op sy Kaffers gesê: „Daga, Boer!” So is in dieselfde streek 'n plek met die naam Witmoskloof; ook het die naam niks met *mos* te doen nie. In die ou dae het daar 'n boer gewoon. In die nag as die Kaffers sy vee kom

steel, dan spring hy uit sy bed met sy *wit mus* en skiet onder die diewe; so het hulle altyd gesê: „Passe op vir die oubaas met die *wit mos*.” En tog is ons so geneig om te gis en afleidings uit ons vingertoppe te suig—en dan sweer ons by ons afleidings.

Ds. J. M. Hofmeyr (Somerset-Oos) het die woordelys vir my nagesien en onderstreep; verder stuur hy die volgende mededelings:

Struksvye of *stuksvye* word hier gebruik vir *turksvye*. Die *i*-klank word *ê* in sulke woorde as *gesêg*, *d'strêk*, *sêg* (vir sig). *Laagte* hier word *leegte*, gehad word *gehet* (mees deur kleurlinge). „Die huis *sit* daar agter die rant.” 'n Tweeverdiepinghuis word 'n *upstairshuis* genoem. Tydens die kongres alhier het die afgevaardigdes meesal die woord *gevoelte* (vir gevoele) gebruik. *Warlemoen* (vir waatlemoen), *perskie* (vir perske). *Hunnig* of *hunning* (vir heuning), *amangel* (vir amandel). Deur Engelse invloed hoor ons: „Ek sal *try*.” *Boetse* (vir stewels). Met kar en perde gaan *waak* (pleks van gaan bietjie uitry). Verder sê hulle: *appelliefie*, *bohaai*, *garing*, *klipsemanner*, *gramadoelas* (onbekend), *kalmoes*, *karnaadjie*, *oulap* of *duwweltjie* (al twee gebruik, maar meesal *pennie*), *oleenhout*, *patats* (naas *petattas*), *harnoster*, *sonbesie*, *swaaltjie* (voëltjie), *tink-tinkie*, *varkoor* (blom), *varings* (ook *varre* en *varo's*), *pan* (water), *kenners* (vir kinders), *voels* (pleks van voëls), *skrou* (vir skreeu), *siekerag*, *lerart* (naas *leraar*), *verlangste* (vir verlange), *bykans* (vir hyna).

§52—VICTORIA-OOS, PEDDIE, BRITS-KAFFERLAND, CATHCART.

Tot groot nadeel van Afrikaans verkeer hierdie streek ook sterk onder Engelse invloed. In verskeie gevalle word net die Engelse woord gebruik, waardeur die Afrikaanse gelykbetekenende woord haas nie gehoor word nie, soos b.v. *gooseberry* (vir appelliefie), *guinea pig* (vir marmotjie), *piekels* (vir atjar), en so meer. 'n Eienaardigheid wat hier op te merk is, moet in hierdie geval aan indirekte Kaffer-invloed toegeskrywe word, naamlik dat *g* as *gj* uitgespreek word in sulke woorde as: *gjeut*, *gjinter*, *gjeel* (vir geut, ginter, geel), daar die Kaffer gewoonlik die *g* in sulke woorde so uitspreek. Vergelyk hiermee die taal van die Basters in Namakwaland en Boesmanland, waar hulle die

g as *tj* uitspreek in sulke woorde as: *tjeel* (geel), *tjee* (gee). Maar die Kaffer spreek die *g* ook soms uit as *sj* in sulke woorde as: *sjee* (gee), *Sjert* (Gert). So hoor ons hier: „Daar vlie een *miskiete*”; *oulap*, as geldstuk, is ’n onbekende woord; en iemand word uitgelag as hy dit gebruik.

Ds. J. P. Kriel (Alice) was so vrindelik om my met die toegesonde woordelys die nodige hulp aan te bied, en dit het veel van sy kosbare tyd in beslag geneem. Die volgende ontleen ons aan sy aantekeninge:

Alwyn (vir aalwyn) is die gewone uitspraak, so ook *kenners* (vir kinders), *oener* (vir onder), *vliege* (met *g* soos in Engels *go*), *vleiwal* (vir damwal), *kapok* (word hier ook gebruik vir sneeu sowel as watte)—vandaar *kapokvoëltjie*, en *voël* word as *voel* uitgespreek. Dan hoor ons gedurig die gebruik van Engelse woorde, soos: *like*, *nice*, *stay*, *nobody*, *good-bye*, ens. So hoor ons nog: *lout* (vir Engels *allow*, b.v. „Hy sal dit nooit *lout* nie”). Verder word nog gebruik woorde soos *waaiboom* (vir kiepersol of nooiensboom). Sulke woorde as *ampertjies* (vir byna), *straks* (vir so-ewe), *kaduks* (vir onlustig of ongesteld), *neul* (vir lol), *donnerweer* (vir swareweer), *skoot* (vir maal of keer) is hier ook in gebruik. *Es* (vir vuurherd, mees deur oumense gebruik), *geseg* (vir gesig), *verongeluk* (vir ’n ongeluk), *hoentoe* (vir waarnatoe), *gj* vir *g* soos in *gjek* (gek), maar ook soms *sj* vir *g* soos *sjeld* (vir geld), *diesvolk* (vir blanke—mees deur oumense gebruik), *bytoe* (vir buite of buitentoe), *twak* (vir tabak), *mit* (vir met), *hys* (vir huis), en nog meer. Hy vervolg:

Deur Engelse invloed laat die Afrikaanse uitspraak veel te wense oor, en die gesprek word baie met Engelse woorde deurspek. Gelukkig is die invloed van die Kaffertaal onbeduidend. *Hoehaai* (vir bohaai), *akedis*, *flus*, *gernaat*, *kitaar*, *gevoelte*, *arpuis*, *kalmoes*, *rooibossie* (vir misbreddie), *nooie* (jongmeisie), *onkerneut*, *wildehoender* (naas *tarrentaal*), *arnoster*, *risper*, *doringbesie*, *stroois* (vir strooihuis), *kolskiet* (vir teikenskiet), *ferns* (vir varings), *solteer* (vir sorteer), *trapseutjies*, *sommer*, *goggo* (vir gogga). „Hy kan *strook*” (vir „Hy kan lekker praat”).

Tot sover ds. Kriel.

In die geweste Transkei en Stutterheim was ek in 1878 en 1879 besig met opmeet van die lokasies van Krelie en Sandillie en kon toe met die spreekwyse van die bevolking aldaar kennis maak. Dadelik na die opmeting voltooi was, was al daardie honderde vrugbare plasies deur persone uit

daardie geweste gekoop, en die plek dra nou 'n digte bevolking. Om seker te wees wat ek omtrent die spraak meedeel, het ek my eers vervoeg na prokureur P. J. J. Burmeister, B.A., op Stutterheim, en dit is wat hy aan my skryf:

Ek vrees dat ek u sal teleurstel as ek u vertel dat my huistaal Duits is en my gewone geselstaal Engels, omdat 90 persent van die bevolking in hierdie wêreld Engels praat. My kennis van Afrikaans het ek op Willowmore, in die Kaap, en uit boeke opgedaan. Op die Uniwersiteit het ek Nederlands geleer. So weet u nou hoe ver u op my Afrikaans kan vertrou.

Omtrent die Kosa-naam vir *koedoe* het ons verskeie natuurlike en blankes ondervraag, en hulle almal sê dat dit *qude* is, en die woord word byna soos *koedoe* uitgespreek, maar natuurlik met die Kòsa-“click” wat deur die letter q voorgestel word.

Die woorde *gramadoelas* en *mahem* het ek nooit in hierdie wêreld gehoor nie. *Nooiensboom* is ons naam vir *kiepersol*. Hier sê hulle ook: „Ek *ken* dit doen”, en party: „Ek *kin* dit doen.” Maar „Ek *kan* (vir ken) die man” is my vreemd. Sommige hier sê ook: „Hy sê my *laat* (dat) hy weggaan”. Ook: „Jy moet *petaal*”. Die vorms *oge*, *egge*, *dage* en *seg* (sê) word hier gehoor. Ook *pleks*, *skielik*, *skoelapper* word gebruik, en nie die vorms *skierlik* en *skoerlapper* nie. Ons noem die boom deur u bedoel *ghwarrie* en die Kosas sê *oemghwalie*.

Tot sover mnr. Burmeister.

Griekwaland-Oos is geleë noordoos van hierdie geweste. Uit die geskiedenis weet ons hoe die Britse regering Adam Kok uit Griekwaland-Wes na Katrivier oorgebring het. Natuurlik het die volk hul Griekwa-spraak behou. In Spraakafdeling No. 10 sal ons nader kennis maak met hierdie swakste vorm van Afrikaans. En dit is so jammer dat die blankes in die omgewing van Kokstad op onderwysgebied vroeër die nodige aandag nie ontvang het nie; en spoedig was 'n toestand geskep wat reeds op taalgebied in Namakwaland bestaan het. Maar nou word die saak deur Staat en Kerk in hande geneem; so sal eerlang 'n groot verandering ten goede plaasvind.

Hier sluit ons af met Spraakafdeling No. 5. Tot sover het ons gelet op die eienaardighede van die spraak wat in elke Spraakafdeling heers. Die uitstaande feite in verband met hierdie streek is, dat van Humansdorp die vorm

ken vir *kan* deurgaans gehoor word tot in Aliwal-Noord, en ons sal onder verder bespreking vind dat dit so is deur Oostelike Vrystaat, Oostelike Transvaal tot in Natal. Daar is woorde soos *onkerneut*; ook *loerie* tref ons orals aan waar die voël te vind is—tot in Transvaal, terwyl *onkerneut* later weer vervang word deur *okkerneut*, en nog meer sulke gevalle. 'n Ander groot kenmerk is Engelse invloed tot in Natal, naamlik op dié plekke waar Afrikaans- en Engelsprekendes saamwoon.

Alvorens met hierdie spraakafdeling af te breek wens ek nog die aandag op enige Kafferwoorde te vestig:

Tollie (vir 'n jong ossie) is 'n benaming wat aan hierdie streek sy ontstaan in die laaste tyd te danke het. In die jaar 1879, toe ek hierdie geweste van Cathcart tot Port-Elizabeth besoek het, was die woord nie bekend as 'n Afrikaanse woord nie, maar wel was die suiwer Kôsa-woord *in-tôla* gebruik, en dan was dit as Kafferwoord gevoel. Egter in die later jare het venduafslaers—sowel Engelse as Afrikaners—die woord *tollie* vir jong ossie gebruik; maar dit was die Engelse wat hiermee begin het. Hierdie bewering word ook bevestig deur ou inwoners van hierdie streke, o.a. mnr. Froneman, wat op die oostergrense gebore en opgegroeï is en tans hier op Hendrina woon.

i-Goede (Kôsa-woord vir koedoe). Dit is die enigste Kafferstam wat gesegde dier aldus noem. Ook noem hulle die ghwarrieboom *oemghwalie*, en dan herinner ons nog daaraan dat minstens drie riviere in Brits-Kafferland Boesmanse of Hottentotse name het. Die Soeloes noem 'n koedoe *oemkandhla*, die Swasies *songhoelôlo*, die Maphochers *sjonghoelônîe*, en die Makketese *tôlo*—dus heeltemal anders as die Rooikaffers.

Verder het ons voortgaande opgemerk dat die woord *gramadoelas* hier byna onbekend is; en ons sal verder opmerk dat dit in die Vrystaat, Transvaal en Natal in algemene gebruik is juis waar die Basoetoes, Soeloes en Swasies 'n berg *in-tabá* noem; terwyl in hierdie streek die Kôsas, of Rooikaffers, 'n berg *in-doelie* noem—hier waar die woord *gramadoelas* nouliks bekend is en selde gebruik word.

SPRAAKAFDELING NO. 6.

§53—VRYSTAAT IN SY GEHEEL.

Nou trek ons Grootrivier oor om te gaan luister na die spraak van die nageslag van die ou Voortrekkers. Die hoofde van die Voortrekkers-families was nog onder die Hollandse Bestuur en kort daarop gebore. Dertig jare ná die Engelse die Kaap (in 1806) geneem het, het die burgers in 1836 die Grootrivier oorgesteek om 'n land van vryheid vir hulle te soek. Ofskoon hulle 'n hele ruk in die binnelands gewoon het, was hul spraak in daardie dae ná aan die oorspronklike Afrikaans. En daar die Kafferspraak weinig of geen invloed op hul taal uitgeoefen het nie, nog minder Engels, so kry ons te doen met 'n spreekwyse wat ná staan aan dié van die begin van die 19de eeu, met toevoegings van baie nuwe woorde en uitdrukkings. En tog vereis dit fyn oplettendheid om die verskille te ontdek. In die eerste plaas is dit opvallend dat klankveranderinge hier minder is as in die binnelands—klankveranderinge is hier wel, maar ons moet in gedagte hou dat daar 'n gedurige volksverskuiwing uit die binnelands plaasgevind het en steeds plaasvind. Dit natuurlik op sigself is punte wat ons steeds voor oë moet hou; en wanneer ons die Vrystaatse spraak behandel, moet ons meer waarde heg aan die taal van die nageslag van die Voortrekkers as aan die spraak van die afstammelingen van later intrekkers. En dit is 'n punt wat deur baie so lig uit hul taalbeskouing uitgesluit word; en hul meen wanneer hulle sekere woorde in 'n sekere geweste opvang, dat dié woorde aan die hele groep inwoners behoort, wat by nader ondersoek nie die geval is nie. Want Bolandse of binnelandse intrekkers behou nog baie woorde tot in die tweede geslag, naamlik woorde wat aan hul plek van afkoms ontleen is.

Met dit voor ons, gaan ons geen sifting maak nie van wat later ingevoer is en van wat oorspronklik is—uit die eienaardighede sal dit self blyk, daar ons met die binnelandse woorde en spreekwyse reeds kennis gemaak het.

Ons het reeds kennis gemaak met die feit dat die intervokaliëse *g* (soos in Engels *go* uitgespreek) deurgaans van Grootrivier noordwaarts die reël met weinige uitsonderinge is. Ook het ons hier en daar dieselfde verskynsel in die oostelike distrikte van Kaapland aangetref.

Dan het ons alreeds die aandag gevestig op *ken* vir *kan*,

soos: „Hoor! die man *ken* praat”, of soms *kin* soos: „Ek *kin* dit nie doen nie.”

Minder woorde van Hottentotse afleiding word gebruik —b.v. die uitroep *arrie!* word amper nooit gehoor nie. Maar tog is behou: *eina!* *kierie*, *karos* (ook *kros* uitgespreek), *kareeboom* (kreeboom) en woorde van hierdie gehalte.

Minder word Maleise woorde in die noordelike spraak aangetref; sulke benaminge soos b.v. *pienang* word deur Afrikaanse name vervang, soos: *kort- of lang-gestoof*, en so meer.

Die binnelandse vorm *ok* is in die Vrystaat, met weinig uitsonderinge, algemeen. Die Bolandse *baing* en die binnelandse *banja* het hier verdwyn en word net gehoor op die lippe van persone wat uit daardie geweste kom; die vorm hier is *baie*. *Vlei* besit hier net die betekenis van 'n oop laagte waar gras groei en dus as goeie weiveld dien. *Pan* word toegepas op 'n groot duik in die grond waarin water staan; so hoor ons van 'n *soutpan*, 'n *brakpan* en 'n *varswater- of soetwaterpan*. Verder hoor ons die volgende woorde en uitdrukkings, waarvan *baie* in Natal en Transvaal gangbaar is:

Brugge (suidelike Vrystaat *brûe*), *akedis* (S. Vrystaat soms *hakedis*, N. Vrystaat soms *akkerdis* soos in die Boland), *aljimmer* (minder as *aljimmers*), *kokkewiet* (*bokmakierie* onbekend), *diep* (skaapdip), *muil* (vir muilesel), *gare* (naas *garing*), *kamalielies*, *kommande*, *leegte* (en *leeg* vir laag), *lunsriem*, *meermotjie*, *more*, *nooie* (vir jongmeisie), *okkerneut* (heel selde *onkerneut*), *warrelwind* (soms *dwarrelwind*), *duwweltjie* (vir pennie, *oulap* nie gehoor nie), *palmiet* (vir papkuil), *tolletjie* (naas *rolletjie*), *doringbesie* (op sommige plekke *vuurklinker*), *solteer* (vir *sorteer*), *stinkolieblaar* (vir stinkblaar), *twak*, *tinglinkie*, *trapsuutjies* (naas *trapsoetjies*), *aspres*, *abá* (kind op rug dra), *abjater* (vir somar so 'n persoon of ding), *astrak* (vir ekstrak), *blikkieskos*, *buitoe* (vir buite of buitentoe), *trapmesien* (vir dorsmasien, so ook *trap* vir uitdors). Die dors van 'n trapmasien is die deel wat die graan uitdors, die ander part heet *injin*), *duiwelsterk* (Eng. *blue* of *brown drill*), *gallon* (*g* soos in geel), *gesout* (in die sin, *gesout* aan masels of perdesiekte—hy kry die siekte nie weer nie), *ysterkatel* (vir ysterledekant), die woord *kooi* word nie gebruik nie (wel *bed*), *kakebeenwa* (wa met sylere sonder tent), *korswil* (grap maak, b.v. „Ek het maar *gekorswil*”)

Laning (ook toegepas op een ry bome), *kankerbossie* (vir keurtjie of *Sutherlandia*), *kirnuffel*, *knoffel*, *eelde* (vir eelte), *soldade* (vir soldate), *mondig* (ook in betekenis ouderwets, voorwaarts, b.v. „Hoor, die kind is vir jou mondig”), *opstel* (vir opstal), *mense* (vir blankes, b.v. „Daar kom twee mense en 'n Kaffer aan”), *skepsel* (vir kleurling of naturel, b.v. „Help die skepsel dat hy kan loop”), *pynkeller* (vir *pain killer*), *wonderliksens* (vir wonderkroonessens), *skierlik* (vir skielik), *resoen*, *pasoppens* (vir pas op! in die spore trap, b.v. „Jy moet in jou pasoppens bly”) *flus* (vir so-ewe, b.v. „Die man van flus”, of „Hy was flus hier”), *stormjaers* (vir poffertjies of vetkoekies), *spruit* ('n groot waterloop of klein riviertjie, b.v. *Jaagspruit*, *Klipspruit*, *Rielspruit*), *tôienrig* (vir verflenter, miserabel of liederlik, b.v. „Hy sien daar *tôienrig* uit”, of „Ek voel net *tôienrig*”), *uintjies*, *vloek* (vir uitskel, b.v. „Ma, daardie kind het my *gevloek*”, terwyl *laster* gebruik word vir vloek), *voorskote* (onder veragterdes *voorskooie*), *gevoelte* (naas *gevoele* en *gevoelendheid*), *tentkar* (naas *kapkar*), *kaalkar* (kar sonder kap), *tentjiewa* (wa met agtertentjie), *misbredie* (ook *wildehanekam*), *mangneet* (*bangneet* deur veragterdes), *kafferstatte*, *ogtend* (ook *oggend*), *spoeg*, *skottel* (vir 'n kom, b.v. *wasskottel*, *badskottel*, *bakskottel*), *saf*, *vol geselskap* (net spraaksaam), *waak* (vir wandel, of soms: „Ek gaan met die kar 'n bietjie *waak*” vir uitry), *grawe* (*grau* deur veragterdes), *ketel kook* (vir water in die ketel kook), en soos ons nog verder onder die aandag sal geskui word.

Die rede waarom ons die hele Vrystaat as een spraakafdeling beskou, is dat die spraak hier taamlik eenvormig is. Weliswaar word die Vrystaatse spreekwyse wel aan die suide beïnvloed deur dié van die binnelande, in die suidweste deur dié van Griekwaland-Wes; en dan aan die ooste, grens dit aan Natal, maar tog vorm die algemene spraak hier 'n geheel. Die rede hiervoor is: Die ou bevolking het vermeng oor die hele land versprei; dan was daar 'n gedurige verskuiwing van die bevolking van een distrik na die ander; en die sametrek in laers het baie bygedra tot eenvormigheid, daar die Vrystaat, net soos Transvaal, gedurig in oorloë gewikkel was.

Hierdie geweste het wel enige woorde tot ons taalskat bygedra; maar net soos die oostelike distrikte van Kaapland en Natal is dit nie baie nie; omdat toestande daarvoor daar nie so gunstig was nie. Want byna al die diere en

plante van Vrystaat het reeds deur jagtogte uit die Oukolonie bekend geword en name ontvang.

Ons gaan nou die hele Vrystaat 'n besoek bring om gade te slaan wat die spreektaal van verskillende distrikte is. Maar ons sê vooraf: Die leser moenie groot verrassings verwag nie, en tog sal hy enige nuwighede aantref.

§54—JACOBSDAL.

Ds. A. A. Weich was heel bereidwillig op my versoek om my lys van woorde en uitdrukkings te ondersoek om die gangbare vorms te onderstreep. Dié lys, net soos al die ander, behandel ek later in die Derde Part. En dit is wat ds. Weich verder meedeel om die eenvormigheid van die spreektaal oor ons land aan te toon:

„Hy is *man honderd*” (vir 'n buitengewone dapper of knap man). „Hy is jou *tier*” (vir „Hy is jou *moses*”). *Omsons* (vir sonder rede, b.v. „Hy kan iemand sommer *omsons* dwars antwoord”). „Hy moet *uit rantjies-toe staan*” (vir „Hy moet vlug”). „Jy moet nou maar jou lyf windhond hou” (vir „Jy moet maar vlug”). „Hy is 'n kale jakkals” (vir een wat niks besit nie). „Hy is net 'n ou *lunsriem*” (vir 'n onbeduidende man). „Hy is *Boesman-skelm* (vir baie skelm).

Verder ontleen ons: *Hakedis*, *aljimmer*, *appel-der-liefde* (*pompelemoes(ie)* net op sitroenvrug toegepas), *beteuteld*, *bleik* (b.v. *gebleikte linne*), *hoeihaai*, *brûe*, *kokkewiet*, *muil* (vir *muilesel*), *flus*, *flussies*, *gesprikkel*, *kitaar*, *grawe*, (*grau* deur veragterdes), *gôï*, *gramadoelas* (onbekend in Jacobsdal), *rapoen*, *rapuis*, *kalmoes*, *kan* en *ken* (hier reg gebruik), *skottel* en *kom* (reg gebruik), *krokkedel*, *nôï* (vir huisvrou en *nooie* vir jongmeisie), *ok*, *oordentlik*, *duwweltjie* (*oulap* onbekend), *risper*, *tolletjie* (meer gebruik as *rolletjie*), *skulpad*, *krimpvarkie*, *stinkblaar*, *swaaltjie* (voëltjie), *stroois* (vir *strooihuis*), *twak*, *naam teiken*, *tink-tinkie*, *trapsuutjies*, *sommer*, *abba*, *ysterkatel*, *pypkan* (suigbottel). In Bloemfontein heet die agterbuurte *Lappiesdorp*. *Preteneer* (vir verwag, b.v. „Jy kan soiets van my nie *preteneer* nie”). *Resoen*, *skottel-eg*, *skottel-ploeg*, *stormjaers* (spottend *maagbomme*), *spoeg*, *turksvy*, *uintjies*, *wonderliksens.*, ens.

Verder deel ds. Weich omtrent klankverandering mee: „Hier nie so sleg nie.”

Uit bostaande lys kan ons in sommige gevalle binne-landse invloed bespeur.

§55—WEPENER.

Ds. N. J. van der Merwe was heel gewillig om my te hulp te kom en het my lys van woorde nagesien en onderstreep. Verder het hy die volgende aantekeninge omtrent die plaaslike spraak gestuur:

Aangaande klankveranderinge val die volgende op te merk dat vorms soos *tint* (vir tent), *kend* (vir kind), *tyn* (vir tuin) wel hier ook gehoor word, dog meesal onder die onontwikkelde bywonerklas. Sommige daarvan is onder hulle nogal taamlik algemeen, soos: *tint*, *dink*, *wen*, b.v. „Dié nie te waag, dié nie te *wen*” (waarskynlik dubbele ontkenning: „Die niet en waagt, die niet en *wen*”; word dikwels hier gehoor). Verder word hier gesê: „Hy *peusel* aan 'n been”; maar dan weer: „Dit is 'n beuselagtige werk”. *Wildehoender* en *tarrentaal* is hier twee verskillende voëls (*wildehoender* word meesal toegepas op die bleshoender).

Abjater word op 'n snuiter toegepas, soos b.v. „So 'n *abjater* en swarte tater.”

Trap! (vir loop weg! laat saai! laat spat!). Ook word soms in dieselfde betekenis die Kafferwoord *hambal* gebruik.

verder word hier gesê: *bangneet* of *mangeneet* (vir magneet). *Lunsriem* word ook nog gehoor en word soms op 'n Engelsman of rondloper toegepas.

Die man is *saf* (beteken: die man is dronk). Dog *saf* (vir sag) is algemeen. *Vliepoeier* is hier die naam vir insekpoeier.

Tot sover ds. N. J. van der Merwe.

§56—BETHLEHEM.

Ds. C. A. van der Merwe was so vrindelik om my woordelys aan mnr. J. D. Pretorius, Susanna, te oorhandig. Mnr. Pretorius is 'n fyn waarnemer en het my met baie waardevolle aantekeninge bedien. En dit is wat hy ons meedeel:

Let herinner my dat u geskryf het dat in die Boland hulle die woorde *nekhoutjie* en *draaghoutjie* en in die

Transvaal net die woord *draaghoutjie* gebruik; ons sê hier ook *draaghoutjie*.

„Dit *begos* te reën” hoor jy hier ook soms—maar van bejaarde Kolonialers wat hier woon. So hoor ons verder van *twak*, *tôierig*, *nooie*, *ok*, *pollies* (vir poliesie), *baie*, *ga-werig* (ook gaaf).

„Hy het *niemand nooit goed gedoen nie*” is hier ook algemeen. Hier volg ’n lysie van woorde en uitdrukkings wat algemeen in ons geselskappe gehoor word:

„Die ding is glad *komfoes deurmekaar*” (vir in wan-orde).

„My rytuig het *gehandsop*” (vir gebreek).

„Hy is baie *kortvas*” (vir opvlieënd).

„Hy loop met ’n *dik nek*” (vir hoogmoedig).

„Jy sal jou *riem styfloop*” (vir in moeilikheid kom).

„Hy is maar nog ’n *tweetand-vryer*” (vir te jonk om te vry).

„Hy is *kanondronk*” (vir smoordronk).

Die langstertvink heet hier ’n *kaffervink* en die wyfie ’n *flap*).

„Hy is *eenparig*” (vir hy hou hom eenkant).

’n Hooimasien word soms ’n *kattagter* genoem (om dit so raas).

’n Skottel-eg word ook ’n *sny-eg* genoem (ook *kluit-snyer*). So het ons ook *skottelploeg* (vir Eng. *disc-plough*).

’n Tweeboom- of tweedisselboomkar heet ook ’n *tweeloperkar*.

„Hy het baie *bietjie* uitgevoer” (vir min uitgevoer).

Ons hoor hier soms van die *meer beterste* plan (vir die allerbeste plan).

„Hy is vol *ouooistreke* (’n ou ooi is te swak om te loop; help jy haar op, dan is haar bene lam en sy hou haar dood).

„Dit is ’n *getjietja*- en ’n *getjoetja*-gekerm” (deur die ou Voortrekkermense gebruik).

In ’n naburige distrik het ek die volgende gesegdes gehoor:

„Hy maak so ’n lelike *uitdrukkel*” (vir uitdrukking).
Sonbesie word hier ook *vuurklinker* genoem.

Vlei is hier ’n laagte met gras of ruigte begroei, waardeur die water breed vloei; terwyl *pan* die versamelplek van water is wat bly staan en nie wegstroom nie.

„Sy *murf* (vir murg) is *dun*” (vir fyngevoelig).

„*Slaai* jy ook?” (vir „pruim jy ook?”).

„Hy is *jangunstig*” (vir jaloers).

„Goeie reis—sikspens die pond” (’n woordspeling).

Mierkat (meervoud *mierkaaie*; *bad* (meervoud *bad-dens*). *Es* (vir vuurherd); *trapmasien* (vir dorsmasien); so ook *trap* (vir dors); *kankerbossie* (vir keurtjie); *pynkeller* (vir pain killer); *harmansdrup*; *wonderliksens* (vir wonderkroonessens); *persemeer* (vir presumeer).

Okkerneut-oë (vir uitgepeulde oë). *Penkop* (vir volwasse seun—kommando-naam). *Oorkrawer* (oorversiersel); *parra* (vir padda). Koffie *ingooi* (vir inskink)—heel selde.

Waffer is nou *waffer*? In die tyd van die Sjinese het ek gehoor: „*Waffer* is nou die man en *waffer* is nou die vrou?—want hulle lyk so eenders aangetrek.”

Terg (Bolands *têre*). So hoor ons ook van *kirwei*, *kirweier*, ’n rywiël heet soms *baiesukkel* (woordspeling).

Donnerparra is ’n klein paddatjie wat ná donderbuie kwaak. *Kambuis* (soms vir kombuis), *kambers* ook *kebers* (soms vir kombers).

Verder deel mnr. Pretorius ons mee:

Klankveranderinge soos *tint* (vir tent), *kend* (vir kind), *tyn* (vir tuin), *regtag* (vir regtig), *byte* (vir buite), ens., tref ons soms hier aan, maar dis nie algemeen nie. Ek het opgemerk dat gebore Vrystaters van Koloniale ouers b.v. sê: *rien* (vir reën), *iet* (vir eet), *iesel* (vir esel), „*Jy is mis oulik*” (vir „*Jy is mos oulik*”). Soms hoor ons ook: *hyl* (vir huil), *nuus* (vir neus), *Ingelsman* (vir Engelsman).

Dan vervolg mnr. Pretorius: Dis positief soos u sê, as ’n mens in Kaapstad, Natal of Transvaal kom, merk hy alte gou verandering in spreekwyse op. Ek is nogal handig om die klanke op te vang en kan hul taamlik goed na-praat en ook die Nataller met sy Engelse aksent naboots as hy b.v. sê: „*Toe ek hom geslaan gehaad het.....*”.....*Toe ek na haar gevry gehaad het.....*”.

Die Basoetoe-taal het sover my bekend—en ek het met ander daaroor ook gepraat—nie die minste invloed op Afrikaans nie. Dog die teenoorgestelde is waar—vernaamlik vir dinge wat by hulle onbekend is.

Die ander informasie wat mnr. Pretorius verskaf het, is te vinde in die Vierde Part, wat handel oor spreekwoorde en gesegdes.

§57—SENEKAL.

Ds. H. Pienaar was so vrindelik om ook ’n helpende hand uit te steek deur die lys van woorde en uitdrukkings

na te sien en deel die volgende woorde en uitdrukkinge mee wat in dié streek gehoor word:

Baddens word as meervoud van *bad* gehoor.

Elkekeer, elkemaal (vir telkens)—*aljimmers* selde gebruik.

Meermotjie (wat in die Boland malmokkie genoem word).

Lunsriem (wat in die Boland soms leunsriem heet).

Geëie (vir herken, b.v. „Ek het hom sommer dadelik geëie”).

Gekin ook *gekon* (vir geken). *Jong* (vir swart jong of gekleurde skepsel). *Spoggerig* (vir windmakerig, b.v. 'n spoggerige perd). *Seun* (vir jongetjie, b.v. „Seun, kom hier!”).

Prissendeer (presenteer, b.v. „Hy het my slae geprissendeer”). *Pasoppens bly* (vir in die spoor trap, b.v. „Jy moet in jou pasoppens bly”). *Windpomp* (vir 'n windmaker).

Dan word nog sulke uitdrukkinge hier gehoor:

„Sien kom klaar!” „Sien kom reg!” „Om die waarheid te sê, moet ek lieg.” „Ja, nee, meneer, dit is so.” „Daar kom 'n wa sonder disselboom” (vir „Hy is dronk”).

Verder hoor ons hier ook die volgende gewone gesegdes: „Hy het oor die tou getrap.” „Hy het tou opgegooi”. „Hy het my in die wiele gery”. „Hy het jong osse ingespan”. „Hy is 'n askoek”. „Hy trek nou strop”. „Hy wurg”. „Hy trek bo-kerf”. „Agteros kom ook in die kraal”. Al hierdie gesegdes is aan die boerdery ontleen.

Hierby kan nog ander algemene gesegdes bygevoeg word wat ook hier gangbaar is, soos: „Dit gaan kliphard of broekskeur”. „Sy twak is nat”. „Hy is been-af”. „Hy is my moes”. „Ek het hom kafgeloop”. „Hy het gou getrap”. „Hy is nie links nie”. „Hy het lepel in die dak gestee”. „Hy is bokveld-toe” (dis Bolands). „Sy kers is uit”. „Hy is getee”. (Hierdie gesegdes hoort eintlik in die Vierde Part, maar ek gee hulle hier aan om aan te toon hoe algemeen bostaande spreekwyses is, en daarom moet hulle reeds baie lank in Afrikaans bestaan het).

Verder merk ds. Pienaar op dat daar wel klankveranderinge in hierdie streek voorkom, maar nie algemeen nie. Dan uit die onderstrepings van woorde in die lys is die volgende vorms hier gangbaar:

Alwyn, aartappel en *ertappels, akkeldis, aljimmers* (ook *elke keer, elke maal*), *appelliefie, atja, beteuteld, bril*

(b.v. „Hy dra bril), *brûe*, *bokmakierie* (naas *kokkewiet*), *brulparra*, *motby*, *flus*, *gare* (naas *garing*), *girnaat* (naas *grenaat*), *kitaar*, *grawe* (naas *grau*), *gramadoelas* (nie gebruik nie), *rapuis*, *kalmoes*, *kamelielies* (naas *kamma*), *kommande*, *krokkedel*, *wildehanekam* (naas *misbredie*), *môre* (naas *more*), *okkerneut* (naas *onkerneut*), *olienhout*, *palmiet* (vir *papkuil*), *tarrentaal* (naas *wildehoender*, dog *poelpetaan* onbekend), *renoster* (naas *annoster*), *risper*, *skilpad*, *rol-ystervarkie*), *sonnebesie*, *stinkblaar* (naas *olieboom*), *trapsuutjies*, *pan* (water), *vlei* (klam laagte). *Abá*, *mangneet*, *velskoendorp* (vir agterbuurte), *trapmasien*, *disprek* (naas *gesprek*), *eelde* (vir *eelte*), *gekon* (naas *geken*), *gesout* (aan 'n siekte), *ysterkatel*, *kankerbossie*, *knoffel*, *korswil*, *kirnuffel*, *skepsel* (kleurling), *melkkos* (nysel in melk gekook), *ogtend* (vir *oggend*), *oorbietjie* (klein wildebokkie), *pypkan* (suighottel), *stormjaers*, *spruit* (klein riviertjie), *spoeg*, *spaansvlieër* (vir *spaansvlieg*), *soldade*, *uintjies*, *vlooi-poeier* (insek-poeier), *voorskooie* (naas *voorskote*), *warmdoek* (speletjie), *ketel kook* en „Die *ketel kook* al.”

§58—KOPPIES.

Ds. C. Ferreira het hier hulp aangebied en die lys van woorde onder hande geneem. Daartoe het hy die volgende bygevoeg:

Alwyn en *artappel* is die vorms wat hier gebruik word. Ook praat hulle hier van: *appeldeliefde*, *kefferkie*, *brakkie*, *ystervarkie* (vir *rolvarkie*), *vergange* (vir onlangs, b.v. „Hy was *vergange* hier”), *vuurert* (vir *vuurherd*), *leerwa* (vir *kakebeenwa*), *prittendeer* beteken hier: verwag, b.v. „Jy *prittendeer* te veel van my). Ons spreek van: „Die kind is vandag vol *dingetjies*” (vir vol ongeregtheid). Hulle sê *turksvye* (nie *sturksvye* nie), *wonderliksens*, *ghries jou waentjie* (vir „maak gou!”) *Betrag* (vir *aanskou*, b.v. „Wat *betrag* jy my so?”). *Tamteer* (vir *pla*, b.v. „Basta my so *tamteer*”).

Op my vraag hoe omtrent klankveranderinge antwoord ds. Ferreira: Hier word taamlik gehou aan die konserwatiewe uitspraak, en ons hoor nooit van *kend*, *tyn*, *tint*, ens., nie.

Volgens die onderstrepings van woorde en gesegdes is die spreekwyse dieselfde as in aangehaalde distrikte van die Vrystaat.

§59—BOSHOF.

Ds. A. J. Malherbe maak sy ekskuus dat hy dit erg druk gehad het en sy aandag nie ten volle aan die lys van woorde en gesegdes kon geskenk het nie. So het hy geen aantekeninge aangaande plaaslike spraak gestuur nie. Uit die onderstrepings blyk dit dat in hierdie geweste nie veel afwykings in vergelyking met ander dele van die Vrystaat voorkom nie. Hy wys egter op die volgende woorde in gebruik in hierdie streek:

Akkerdis, *atjar* en *piekels* (altwee gebruik, dog vir verskillende dinge), *beteuteld* (min gehoor, die gebruikelike woorde is: *beongeluk* ook *befoeterd*), *bietjie* (naas *biekie*), hy dra *brille*, *brûe*, *bokmakierie* (naas *kokkewiek*), *brulparra*, *warrelwind*, *flussies* (vroeër gebruik, asook *dalkies*, meesal *netnou*), *garing*, *girnaat* (naas *gernaat*), *guit*, *gesprikkeld* (weinig gebruik, hulle praat van 'n *skilder*), *gôï*, *gramadoelas* (hier nie gebruik nie, dog wel in Dewetsdorp), *gunter* (weinig gehoor, meesal *daar vèr*), *ouvolk* (in Bo-Vrystaat 'n groot soort *akkedis*), *ek ken dit doen*, *krimnaadjie* (naas *kirnaadjie*), *kommande*, *leunsriem*, *malmotjie*, *bloubossie* (vir misbredie), *klipsalmanner* (weinig gehoor), *môre*, *nôï*, *ok*, *ondentlik* (naas *ordentlik*), *oulap* (vir geld onbekend, wel *pennie* word gehoor), *petats*, *krimpvarkie*, *solteer*, *swaaltjie*, *twak* (naas *tabak*), *tinglinkie*, *trapsuutjies*, *varre* (vir varings), *pan* (vir 'n watermeer, hier is 'n plaas met die naam van *Vleipan*), *kakebeenwa* (verouderd, word nie meer gebruik nie), *skottel* (vir kom), *vloek* (in die betekenis van uitskel).

Tot sover het ds. Malherbe ons ingelig.

Nou gaan ons die Vrystaatse terrein verlaat, waar ons geluister het na 'n spraak wat enigszins afwyk van dié van die ander dele van die reeds besproke spraakafdelings. Die mense in hierdie gebiede bry nie—uitsonderinge is baie skaars; en die weinige wat bry, het dit oorgebring, of oorgeërf, uit die suidelike Kaapland. Die spraak, sal ons merk, staan nader aan die suidelike Kaapprovinsie as aan die aangrensende binnelande. Die rede hiervoor het ons deurgaans uiteengesit.

§60—NATAL IN SY GEHEEL.

Om 'n goeie begrip te kry van die Natalse spraak moet ons 'n paar bladsye in die geskiedenis terugblaai om te let wat daar aangeteken staan, ten einde dit met die teenswoordige toestande van Natal te vergelyk.

Dit het ons reeds gedaan en daarop gewys dat die Kaap in die hande van die Britse regering in 1806 finaal geval het. Die Groot Trek het uit die Kaapkolonie in 1836 begin—dus dertig jaar daarna. Die meeste huisvaders en -moeders wat aan die Trek deelgeneem het, was ouer as dertig jaar—dus was daardie persone onder die Hollandse bestuur aan die Kaap gebore. Die Voortrek het wel uit die binnelande plaasgevind, dog baie van die binnelanders het direk van die bakermat van Afrikaans uit die Boland gekom en hulle voorlopig in die omgewing van Graaff-Reinet gevestig. Die onderwys op skole en die preke in die kerk was nog al die tyd Hollands. Ook was daar in daardie tyd—net soos nou—'n gedurige volksverskuiwing, sodat daar nog geen groot geleentheid was vir die ontwikkeling van plaaslike eienaardighede. Plaaslike eienaardighede is die gevolg van 'n bestendiger lewenswyse, toe die rondtrek verminder het en ieder gewestelike spraak beïnvloed geword is deur sy eie omgewing.

Die spraak van die mense in Natal sou ons 'n uitstekende geleentheid aangebied het om 'n idee te vorm van wat Afrikaans in die begin van die Britse bestuur in Suid-Afrika was; want soos ons alreeds bevind het, het die bediende-spraak hier so te sê geen invloed op Afrikaans uitgeoefen nie. Maar ook Natal is in die hande van die Britse regering geval kort ná die oorwinning op Dingaan. Die Afrikaner het die soete genot gehad om maar vir 'n bepaalde tyd hier in die meerderheid te wees. Engelse immigrasie het die land ingestroom, en spoedig bevind die Afrikaans-sprekendes hul vër in die minderheid. Gemengde samewoning van die twee rasse met hul afsonderlike tale het dieselfde gevolge gehad as wat ons in ons stede, dorpe en oostelike grense van Kaapland aangetref het—die suiwerheid van taal is aangetas geword.

Die eerste maal dat ek kennis met Natal gemaak het, was toe die spoorweglyn in 1890 van Durban na Charleston (op die Transvaalse grens) geopen is. As hoofampte-

naar was ek ook een van die gaste, en ná afloop van die feestelikhede het die onderskeiding my alleen te beurt geval om op koste van die Natalse regering in die Tuinkolonie rond te reis—wat ek met dankerkenning aanvaar het. Soos te verwag, was in daardie tyd 'n feesvierende menigte byeen uit alle dele van Natal. Dit, en ook my later besoeke, het my in die geleentheid gestel om te luister hoe die mense daar praat. Natal was toe welvarend en so te sê vry van arm blankes.

Wat my daar die eerste getref het, is dat die mense daar hul Afrikaans duidelik praat; hulle gebruik woorde van goeie gehalte; maar wat iemand onder die spreek tref, is die veelvuldige gebruik van Engelse woorde en anglisismes—onder die oumense was dit nie so merkbaar nie, maar wel onder die jonger geslag. So het ons opgemerk dat die kort *a* soms lank uitgespreek word met 'n Engelse aksent, b.v. *kaalf* (vir *kalf*), *gehaad* (vir *gehad*), ook hoor ons soms *kloef* (vir *kloof*), *slout* (vir *sloot*), *huus* (vir *huis*)—dit word egter so onbeklem uitgespreek dat dit fyn luister vereis om die onderskeid te bespeur. Dan hoor ons nog baie van die gewone anglisismes, soos: „*Agter hom kyk*”. „*Dit sal doen*”. *Dankie* (vir *asseblief*), „*Die lawaai het die lug geskeur*”. „*Hy homself het dit gedoen*.” „*Hy het gejoin*”, en nog meer van die bekende ou Engelse spreekwyses. Met die gebruik van suiwer Engelse woorde in 'n Afrikaanse gesprek is Natal voorwaar nie die enigste sondaar nie.

Was dit nie vir hierdie Engelse invloed nie, dan sal enige onpartydige moet verklaar dat Natal 'n spraak besit wat vir geen ander in die Unie hoef agteruit te staan nie. Die Natalse spreektaal is dieselfde as dié van Oostelike Transvaal—met die uitsondering, egter, dat Oostelike Transvaal vry van Engelse invloed gebly het. Dus tree ek nie verder in besonderhede nie, maar sal dit onder die Spraakafdeling Oostelike Transvaal behandel.

Dog ek sal adv. E. G. Jansen en sy gade, van Maritzburg, aan die woord stel, daar hulle so vrindelik was om my lys van woorde en gesegdes aan die plaaslike spraak te toets. Hulle is nie slegs onderskeidelik die voorsitter en sekretaresse van die Natalse Saamwerk-Vereniging nie, maar ook eksaminatore vir die eksamens in Afrikaans deur daardie Vereniging afgeneem. Mevr. M. Jansen (skryfster) is in die Vrystaat gebore, het in die Boland gestudeer en kan dus goed oor die Natalse spraak oordeel. En dit is wat adv. Jansen meedeel:—

Die verwisseling van *kan* en *ken* kom by ons baie voor; en daar is ook ander eienaardighede wat ons waarskynlik gemeen het met die aangrensende dele van die ander Provinsies. Ek meen dat ek dit met vryheid kan sê dat, oor die algemeen geneem, die uitspraak van die Natallers suiwerder is as dié van enige ander deel van die Unie—d.w.s. nader aan Hollands. Die vorme van Afrikaans is dieselfde as in die ander Provinsies; maar die uitspraak is suiwerder. Die rede hiervan is waarskynlik te vinde in die feit dat ons so ver verwyderd is van die Kaapprovinsie, waar in sommige opsigte die spreekwyse maar baie plat geword het. Ons staan baie nader aan die noordelike distrikte as aan die Kaap. Sover as ek kan oordeel, is u volkome reg om Natal in te sluit by die behandeling van die oostelike distrikte van Transvaal, wat insluit die aangrensende distrikte van die Transvaalse Hoëveld.

So ver as ek kan oordeel, sê die meeste Natallers *oek* en *ook*, maar nie *ok* nie—ek sal hierdie punt verder nagaan. So is ek ook onder die indruk—en hierin het ek al hier en daar bevestiging gekry—dat gebore Natallers die *g* uitspreek in woorde soos *vyge*, *dage*, ens.

In 'n later brief skryf adv. Jansen aan my:—

Wat betref die stadige verandering van die Natalse spraak moet u ook rekening hou met 'n faktor wat gedurig aan werk is—nl. met die feit dat vernaamlik ná die Engelse Oorlog hier baie mense ingetrek het van ander Provinsies, en hul uitspraak het ongetwyfeld invloed uitgeoefen op ons Natallers.

In 'n vorige brief skryf u oor *baing* en *baie*. Ek kan met sekerheid sê dat *baing* by ons onbekend is, en ek moet verklaar dat dit vir my 'n lelike woord is. *Banje* en *baie* word hier gehoor en is vir my verkiesliker as *baing*, hoewel ek dink dat *baie* die beste vorm is wat ons kan bestendig.

In Natal dink ek nie dat Kaffer-invloed iets in hierdie opsig uitgeoefen het nie; want die Kaffers van Natal ken, met enkele uitsonderinge, geen Afrikaans nie, sodat die blanke kinders van die Kaffers nie gebrekkige Afrikaans kan leer nie. Om die waarheid te sê, 'n Natalse Afrikaner sou nooit toelaat dat 'n Kaffer met hom in Afrikaans praat nie. Die Boere praat almal Soeloe; en dis maar enkele Kaffers wat 'n woord Hollands of Afrikaans praat. In dié opsigte is die toestand hier anders as in die ander Provinsies, waar Afrikaans met bediendes gepraat word.

In verband met die woorde waarop u my aandag gevestig het, sal ek 'n paar aanmerkings maak:—

Palmiet en *biesies* het ek al gehoor in Natal, maar nie *papkuil* nie.

Wanneer ons praat van 'n *kom*, dan beteken dit die porseleinkom wat deel uitmaak van 'n toiletset. 'n *Skottel* is wat in die kombuis gebruik word om goed in te was.

In Natal word *oorlede* (vir 'n afgestorwene) gebruik soos in die Transvaal—maar dis nie algemeen nie om „*oorlede pa*”, „*oorlede Piet*”, of „*my oorlede broer*” te sê nie.

„*Ma syne*”, of „*ma sinne*” in plaas van „*ma hare*” hoor 'n mens hier dikwels.

„*Hy kom met die pad saam*” is hier glad onbekend en het my laat lag toe ek dit die eerste keer hoor.

Bossies en *onkruid* is wel deeglik verskillende dinge by ons.

Bobotie, *sosatie*, *atjar*, *blatjang*, *sambal*, ens., word selde by ons gehoor. *Blatjang* het ek wel geken as kind; maar die ander ken ek nie, of liewers gesê, dié het ek maar eers later van gehoor.

Twak word hier algemeen gehoor.

Sorteer word meer gebruik as *solteer*—albei is hier gangbaar.

Naam teiken en *gemeinte* word ook hier aangetref, dog is nie algemeen nie.

'n Jongmeisie word gewoonlik hier *nooie* genoem. Die huismoeder word deur die Kaffers aangespreek as *nôï*, en die dogter as *nonna*, hoewel hul niks as Soeloe praat nie.

Sturksvy het ek nog nooit in Natal gehoor nie.

Dalia en *adalia* is vorme wat albei gebruik word.

Begos, *stong*, *dors* (durf), *kos* (kon) het ek ook nie hier gehoor nie.

Bobbejaan en *krokkedel* is woorde wat hier gebruik word vir genoemde diere.

Duiwelsby is hier onbekend, maar *bymot* of *motby* is vorme wat in algemene gebruik is.

Dit was vir my snaaks toe ek vir die eerste keer *donkie* gehoor het vir *esel*, en *esel* vir *muil*. Ek dink dat dit vroeër nooit so in Natal gebruik was nie, maar deur die invloed van mense uit ander Provinsies word dit vandag ook taamlik algemeen so gebruik.

Loop of *waterloop* vir 'n klein spruitjie word hier gebruik.

'n Natalse Afrikaner sal nooit die woord *pikanienie* ge-

bruik nie. Dit word net in kombuis-Kaffers gebruik en in die reël deur Engelse, wat meen dat dit 'n Kaffer-woord is. Die Afrikaner praat net van *kaffertjie* en *meidjie*. En ons ken ook nie die Bolandse *klong* en *klemmeidjie* nie.

Tot sover adv. Jansen.

Ds. A. R. Albertyn, wat my met die Betsjoeanalandse spraak gehelp het, het die beroep na Ladysmith aangeneem; en daar hy nie lank op laasgenoemde plek was nie, kon hy omtrent die spreekwyse van Noordelike Natal nie te veel meedeel nie, en dit is wat hy daar opgemerk het:—

Ek moet erken dat dit baie moeiliker is om die spraak van Natal met sy gemengde bevolking noukeurig weer te gee as dit b.v. die geval is met Betsjoeanaland, waar kenmerkende woorde en uitdrukkings dadelik die aandag tref. En dan, in Betsjoeanaland het ek meer tyd gehad om aantekeninge te maak. Ek het egter die hulp gehad van twee onderwysers wat hier al 'n geruime tyd woon. En hy deel verder mee:—

Engelse invloed is hier te bespeur, nie soseer in die uitspraak van woorde nie as in die deurmekaarhaspeling van Engelse en Afrikaanse woorde—b.v. „Hoe is dit *possible moontlik!*” „Van die *seimde...*” ens.

Hier op Ladysmith, 'n spoorweg-sentrum, word baie spoorweg-uitdrukkings gebruik—b.v. „Hy is *guard, fireman, shunter, of conductor* op die trein.” Verder ook sulke uitdrukkings as „*shopping doen*”; „gaan *call, walk*”. Verder vervolg ds. Albertyn:—

Die noordelike gedeelte van Natal (Utrecht en Vryheid—voorheen Transvaal), waar die Afrikaans-sprekende bevolking in oorweënde meerderheid is, besit 'n suiwerder spreektaal as die res van Natal met sy Engelse element. Oor die algemeen word die klinkers (veral in Utrecht en Vryheid) lank en grof uitgespreek—net soos in Transvaal en Vrystaat.

Daar is 'n neiging om die intervokaliëse *g* (soos in Eng. *go*) te behou—b.v. *oge, vermoge, brugge, ploege*, en nog meer.

Uit die onderstrepings skyn die volgende vorme die voorkeur in Noordelike Natal te geniet:—

Alwyn, akedis, elk 'n keer (aljimmers nie gebruik nie), appelliefie, atjar (ook piekels), baie, bietjie (biekie in ongebruik), bleik, brakkie (vir klein soort honde algemeen), „Hy dra bril” en „Hy dra brille” word albei gebruik, abá (kind agter rug dra), dutjie (ongebruik), muil (vir muil-

esel), *flus* en *flussies* (nie gehoor nie), *garing*, *grenaat*, *gramadoelas*, *kitaar*, *gooi*, *ginter* of *gunter* (nie gehoor nie), „*Ek kan* (vir ken) die man.” „*Ek ken* (vir kan) dit doen,” *karnallie*, *kommande*, *leunsriem*, *marmotjie*, *misbredie*, *nôï* (huisvrou), *nooie* (jongmeisie), *okkerneut*, *oulap* (vir geldstuk onbekend, wel *duwweltjie*), *palmiet* ook *polmiet* (vir papkuil), *ok*, *skoerlapper* (meer as *schoelapper*), *kankerbossie*, *skyfie* (van lemoen), *swaaltjie*, *tinktinkie*, *trapsuutjies*, *varing*, *warmassies* naas *muggies* (wat saans so lastig is), *sommer*.

Hier sluit ons af met die Natalse spraak om dit—sonder sy Engelse invloed—saam met dié van Oostelike Transvaal te behandel.

S P R A A K A F D E L I N G N o. 8.

§ 61—OOSTELIKE TRANSVAAL.

Voor ons oorgaan om hierdie spraakafdeling te behandel, wil ons eers ag slaan op die karakter van die Afrikaanssprekende deel van die volk wat die taal spreek. Uit die karakter ontstaan die gevoel; en deur die gevoel—gesteun deur die mate van ontwikkeling—word die woorde gekies om aan gewaarwordinge en indrukke uiting te gee.

Dié deel van die volk met 'n tevrede geaardheid en stille onderwerping het rustig in die Boland agtergebly, om die groot woonhuise uit die Hollandse tydperk te bly bewoon, die plantasies en landerye wat reeds aangelê is, te bewerk en in stand te hou. Ver van die stryd om beskawing uit te brei, het hulle kalmpies pionierswerk aan die voorvegters oorgelaat. Volksverskuiwing het die meeste van die agtergeblewenes as onnodig en dwaasheid beskou. Buite die gewoel van wat op die buiteposte aangaan, kon hulle 'n beter lewenswyse voortsit as die trekkers, ook beter skole en kerke stig—waardeur die kanse van verstandelike ontwikkeling hulle in die hand gewerk is. Arm blankes was in daardie tyd 'n seldsaamheid. Vir oorlogvoer het hulle geen trek gehad nie; was daar gekommandeer, dan vertel die geskiedenis wat daar plaasgevind het. Onder hulle kry ons goeie praters, welsprekende redenaars en harde werkers wat die „swerd” in sy skei steek, maar die graaf weet te gebruik. Hul lewenswyse staan hoog, en hulle kan hul in alle geselskappe goed skik.

Dié persone wat die binnelande tot hul woning gekies

het, het gesê: „Tot hiertoe en nie verder nie!” Van al die geriewe van die Boland afgesny, het hul vir hulle vereers met min tevrede moes stel—en dit het by hulle 'n tweede gewoonte geword. Om daardie streke te bewoon vereis meer as moed—naamlik volharding en geduld. En dit besit hulle in 'n oormate! Wat hul lewensaard in die algemeen betref, spreek dit vanself dat hulle heel eenvoudig daar leef—en tog baie fatsoenlik. In later jare, met aanlê van spoorweë in alle rigtings, beskik hulle oor meer geriewe en bou groter en deftiger huise. Die veeteelt is hul vernaamste bedryf, en dit op sigself eis deur die jaar nie so 'n groot kraginspanning as dié van die wyn- en graanboer nie. So word vertel: „Hulle rook en drink koffie baie.” Beter so, as om hulle onledig te hou met die gebruik van drank wat iemand meer laat sing en twis as koffie en tee. Die kanse op hul dorpe vir geestesontwikkeling en 'n gesellige lewe is oneindig groter as op die platteland, waar plase ver uitmekaar en soms ver van groot weë geleë is. Daarom is dit dat die spraak van die binnelander nie so opgewek is as dié van mense wat in digter bevolkte dele van ons land woon nie. En hierom word hulle ten onregte en vals beskuldig dat hulle wantrouig en agterdogtig is. Sulke mense is daar nodig; en sou hulle verhuis na waar die omgewing en toestande aantlokliker is, wat word dan van daardie part van ons land?

Dié deel van ons volk wat in die ou dae deurgedring het tot aan die Kaapse oostergrense, waar die Kafferstamme voet gesit het, het gesê: „Jy of ek!” En die geskiedenis vertel ons die gevolge. Aan die bou van deftige woonhuise was vereers nie te dink nie. Met onsimpatieke Goewerneys aan die Kaap is hul geduld tot die uiterste beproef. Die ruik van kruit kon hulle goed verdra, en dit was nie alleen moed nie, maar ook dapperheid wat hulle hier vasgeanker het. Maar geduld raak op toe hulle die nodige beskerming deur die Regering nie ontvang het nie. Baie het die grensgebied verlaat om noordwaarts te trek. Dog dié wat hier bly woon het, is vastrappers wat nie uit hul spore wou wyk nie. Saam met die Engelse Settelaars het hulle hier bly woon en hulle het aan dié vreemdelinge, wat hul rustige geboorteland verlaat het om hier 'n nuwe vaderland te kies, verskeie lesse geleer hoe om hulle met min gerief te behelp. Die mag van die Kaffers is eindelijk gebreek, voorspoed het die oostergrense besoek met rus daarby, en nou nog staan hulle pal op hul poste om te eniger tyd die roer te gryp wanneer dit nodig word. Die mense leef hier wel en is voortstrewend

en trag hard om dinge so goed te hê as ander dit kan doen—en hulle kry dit reg.

Daar is 'n ander deel wat die gedagte van „onderwerping” nie kon verdra nie; die vryheid waarna hulle so verlang het, was in die Britse Kroonkolonie nie te vinde nie; so was die stem: „Noordwaarts!”—waar beskawing wag en met die hand wink. En selfs die legioen van gevare wat die weg wou versper, was ná jare worsteling ontsenu en kop ingedruk. Dié wat hulle in die Vrystaat gevestig het, was tevrede met die verwagte vryheid waarna hulle so gesnak het. Ná hul al die moeilikhede oorkom het en vrede tussen hulle en die Basoetoes bereik is, het hulle 'n Republiek gestig wat later as model gegeld het. Die Vrystater het vryheid lief en offer sy bloed daarvoor op. En die spreekwoordelike gasvryheid van die Afrikaner is ook een van sy eienskappe. Die graad van verstandelike ontwikkeling staan vir die Kaapse binnelande nie agter nie. Ofskoon hy in betreklik kort tyd tot rus gekom het, is sy lewenswyse goed en sy boerdery agtermekaar. Maar gou van sy spoor is hy nie af te dwing nie; dit vereis baie feite om hom te oortuig—anders sou hy hom nie so vry gevoel nie.

Dié manne en vrouens wat saam met Piet Retief die Drakensberge afgetrek het om hulle in Natal te vestig, het gevare van minder belang beskou as vryheid. Ná Dingaan verslaan is, het hulle daar gebly met die Soeloe-ryk van Panda noord van hulle, met Pondoland suid van hulle, die Baai met Engelse bewoners oos van hulle, en die steil Drakensberg as muur agter. Hul leuse was: „Hier bly ons, kom wat wil.” Die Engelse het gekom en Natal gevat.

Maar die orige deel het die terrein verlaat om soewereine vryheid te geniet; die moorde by Bloukrans en elders was nie 'n voldoende les om hul gevare, wat voor langs die pad sit wag, af te skrik nie. In Transvaal was oorfloed van weiveld vir hul kuddes; wild was daar volop—'n paradys vir jagters; en wat die mark betref, die vee kan maar daarheen geja word—net solank as hulle maar vry kan wees. Is die Vrystater koppig, hulle nog meer so.

Hierdie volksifting het geskied binne die tydperk van een menslike geslag. En dit stel die denker in staat om die karakters van die verskeie volksgroepe te meet en te weeg. Met sy maatstaf en weegskaal sal hy kan bepaal waar die onderskeidelike klasse van die tevrede en onderdanige soort woon; waar harde werkers of dié wat liewers wil bestuur, te vinde is; waar helde moet gesoek word; terwyl voortref-

like staatsmanne en leiers oral oor die hele land te vind is.

Al die gewestes van die Kaap tot in Transvaal het ons deurgegaan, maar moet nog die spraak van die persone op die noordelike voorposte behandel. Wat moet ons hier verwag? Geleerdheid? Nee! Maar in Oostelike Transvaal sal ons 'n spraak vind ná aan die Afrikaans soos dit nog in die laaste dae van die Hollandse bewind aan die Kaap gepraat is.

Die verwisseling van die betekenis van *ken* en *kan* is nog oorblyfsels uit die spraak van die 17de eeu, waarvan in Nederland spore in die gewestelike sprake aangetref word. Die *g* word nog in baie woorde behou soos in *hoge*, *nege*, *lage*, *vliege*, *brugge*. Maar dit is nie algemeen die geval met al die woorde waarin *g* voorkom nie; so hoor ons van *duie* (van 'n vat), *vye*, *suie* (suig), *slae* (pak slae), *seën* (segen), *reën* (regen), en nog meer.

Verder hoor ons van *bone* (vir Bolands boontjies), *vuilis* (vir vullis), *ogtend* (vir oggend), *aardig* (mooi), en ook meer woorde wat nader aan Hollands is as dié op ander plekke gehoor. Miskien ook omdat meesal in die ou dae Hollanders vir skoolmeesters gebruik is—wat natuurlik 'n teëmiddel teen slodderige spraak is. *Oom*, *tante*, *neef* en *niggie* dien as aanspreekwoorde, behalwe vir predikante, dokters, *presidente* en hooggeplaaste persone.

Die geografiese ligging van Oostelike Transvaal het hierdie platteland totnogtoe teen Engelse invloed beskerm. Wat daarin opgeneem is, is aan die handel te dank; so hoor ons soms 'n boer sê: „Ek moet my braakland gaan *dis*” (disc), of „Ek moet die *dis* op my braakland sit.” Maar 'n *disc plough* heet ook hier *skottelploeg*. So ook *skottel-eg*, of *skottel-skoffelploeg*.

In Transvaal het nog baie voorwerpe op name gewag; waarskynlik het al die wildsoorte reeds hul name gehad toe die streke hier bewoon geword is. Maar hier was baie nuwe plante wat suidwaarts onbekend was, en heel waarskynlik is dit hier waar al die nuwe mimosasoorte hul vaste name ontvang het, soos *apiesdoring*, *kameeldoring*, *koorsboom*, *haak-en-steek*, *wag-'n-bietjie*, *sekelbos*, *knoppiesdoring* (wat ook *perdepram* heet, omdat die knoppies waarop die klein dorings groei, dié fatsoen het), *swarthaak*, *blouhaak* (of *vaalhaak*), *blinkhaak*, *soetdoring*, *elandsboontjie*, *kafferwag-'n-bietjie*, ens.

So het ons nog verder *wilde-katjiepiering* (vrug so groot as 'n koejawel), *gifklapper* (vrug so groot as 'n le-

moen, en onryp is dit ongesond), *wildeklapper* (vrug so groot as 'n lemoen en eetbaar), *kannetjieboom* (beter bekend onder sy onstigtelike naam as *buffels*—, het kastaiing-bruin blomme met vrug gelykende op 'n erde jenerwerkanetjie; deur bygeloof sal 'n Kaffer hierdie vrug nie eet nie) —almaal katjiepieringsoorte.

Dan word ook aangetref: *wildeperske*, *maroela*, *rooi-bos*, *wildekastaiing*, *wildepruim*, *wildemispel*, *moepel*, *boekenhout*, *blinkblaar-wag-'n-bietjie*, *hardekool* (ook swart *ebbenhout*), *wilstamboom* (ook *witgatboom*—van die wortels word koffie gemaak), *wildekiaat* (die sap van die dik bas is bloedrooi), *wilde-appelkoos*, *wilde-moerby*, *stamvrug* (die vrug groei aan die stam en dik takke van die boom), *aap-se-kos*, *wildevye*, *grysappeltjies*, *goorappeltjies*, *kafferboom*, *kaffersering*, *vaarlandswilg* (waarskynlik die enigste benaming waarin, in die noorde, die verbinding *vaarlands* voorkom), *broshout* of *ouhout* (omdat dit nie wil brand nie), *bakenbos* (met wit, rooigerande blomme en vertoon nes 'n baken), *tambotie*, *suikerbos*, *mapanie* (ook *terpentynboom*), *naboom* (of *melkboom* en *noorsdoring*), *krimmetartboom* (die ander naam *baobab* is boektaal), *waterbessieboom*, *mingertboom*, *mahonie* (groot swart pitte met rooi gomkoppe), *seepbasboom*. Dan volg nog sommige bekende bome in Knysna te vind, waarvan 'n menigte soorte in Transvaalse houtbosse ook te vinde is, soos *geelhout*, *els*, ens.

Onder die bossies tref ons aan: *beukesbossie*, *inkbessie*, *boetebossie*, *kankerroos* (deur die militêre in die laaste oorlog ingevoer), *kakiebossie* (diets), *knapsakkerwel* (ook *knapijs*), *wilde-appelliefies* (hier ingevoer), *katdoring* (oor die hele land bekend), *vaalbos*, en nog baie meer soos ook die gewone *appelliefies*, ens.

Onder die grassoorte vind ons: *tamboekiegras*, *buffelgras*, *dekgras*, *steekgras*, *polgras*, *volstruisgras*, *haasgras*, *rooigras*, *saadgras*, *jyngras*, *baie-sterkgras*, *osgras*, *ruigte*, *kanariegras*; terwyl die grassoorte verdeel word in *suurgras* (of *hardegras*) en *soetgras* (of *sagtegras*).

Onder die boomsoorte vind ons nog: *kiepersol* (of *nooiensboom*, of *sambreelboom*; op oostergrense Kaapprovinsie heet dit ook onder Engelse invloed die *waaiboom*), *waboom*, *resyntjebos*, ens.

Onder die kruipende diere tref ons hier aan: *bosveldslang* (ook *groot luislang*—*boakonstriktor* of *pieton* is boektaal), *beesbyter* (vir *mamba*, in Westelike Transvaal heet dit ook *makoppa*, so deur die Makketese genoem omdat die slang

op 'n boomtak lê en verbygangers op die kop byt, dus 'n verkafferde Afrikaanse woord), *geelslang*, *rinkalsslang* (ook *spoeslang* omdat hy gif spuug), *erdslang*, *pofadder*, *boomslang*, *grasslang*, *akkedis*, *akkedis-slangetjie*, *geitjie*, *gêkoe* (of *boomgeitjie*, hou in bosveld), *krokkekel*, *geelbont- of waterlikkewaan*, *vaal- of groot likkewaan* (wat in die veld in gate leef), *ouvolk* (ook *skurwejantjie*, groot skurf *akkedis*), *skilpad*, *bosveld-skulpad* (in Kaapprovinsie bekend as *bergskilpad*, of *keisie-skilpad*), *padda* (*parra* min gebruik), *reënpaddatjie*, *brulpadda*, *trapsoetjies*.

Vissoorte is hier: *kurpers*, *witvis*, *geelvis*, *barber* (in Kaapland heet dit ook *kalwerkop* of *baardman*), *paling*.

Die voëls is, vernaamlik in die bosveld, goed verteenwoordig, soos *troupan*, *bosveldkraai*, *pappegaaitjies*, *bosveldswaal*, *kwêvoël* (vaal loerie), *muisvoël*, *renostervoël* (klou graag vas aan grootvee om bosluise af te pik), *bosluisvoël* (wit reier wat bosluise van vee afpik), *mahem* (geelkuifkop-kraanvoël), *vaal- of blou-kraanvoël*, *sprinkaanvoël*, *groot-sprinkaanvoël* (ooievaar), *belkraanvoël*, *wilde-eend* (ook *eendvoël*), *wildegans* (in Kaapland heet dit *berggans*), *wildemakou*, *wildekalkoen* (ibis), *bleshoender*, *tarrentaal* (ook *wildehoender*), *bromvoël* (so groot as 'n gans, rooi blaas onder die keel en brom soos 'n volstruis), *loerie*, *vlei-loerie*, *bosduif*, *tortelduif*, *groendui*, *rooibekkie*, *bloubor-sie* (lyk soos 'n rooibekkie), *namakwadui*, *laksman* (vir fisikaal), *musikantvoël* (sing klimmende musiekskaal), *hadieda* (ibis), *reënboogvoël* (Eng. *toucan*), *katlagter* (lyk soos 'n fisikaal en vlie in klompies), *predikantjies* (lyk soos die Kaapse *skaapwagttertjies*), *heuningvoël*. So vind ons nog die gewone roofvoëls, arende, kuikendiewe, valke, uile. Verder *fisante*, *patryse*, *korhane*, *dikkoppe*, *kiewiëte*, *wilde-elsies* (klein kiewietsoort), *reiers*, *hamerkoppe*, *swaweltjies*, *liewerkies*, *poelsnippe* en die hele versameling van hulle.

Onder die veldiere makeer nie: *bobbejane*, *ape*, *nagapies*, *blouaap*, *bosveldaap*, *groot-nagaap* (boskindjie), *draaijakkals* (ook *bakoor-jakkalsie*), *rooikat*, *tierboskat*, *muskejaatkat*, *vaal-mierkat*, *rooimierkat*, *muishond* (bonte, vale en rooie), *vlakvark*, *bosvark*, *rietmuis* (Eng. *cane rat*), *ratel*, *watermuishond*, *krimp(yster)varkie* ook *rolvarkie*, *vlakhaas*, *springhaas*, *veldmuis*.

Dis onnodig om die name van wild op te noem, daar hulle orals onder dieselfde benaming bekend is. Die Transvaler sê *oorbietjie* (en nie soos die Engelse *oribee* nie). Terloops kan ek opmerk die rede dat die *groot-nagapies* ook

die naam van *boskindertjies* gekry het, is omdat hulle snags skreeu soos babetjies wat huil—vandaar ook die Engelse benaming *bush babies*.

Wat veldblomme betref, skyn dit dat die Transvalers in gebreke gebly is om almal name te gee; maar tog hoor ons van *kurkwortel* (met 'n pragtige steel lakrooi blomme, die wortel van die plant lewer uitstekende kurke vir bottels). *Kandelaars* (vir die *agapanthus*), *puruutjie* (klanknabootsend as daarop geblaas word, vir die *cyrtanthus*). *Oupa-sehoed* (vir 'n soort *ipomoea* wat soos 'n hoed met 'n spits bol lyk), *pypies* (*gladiolus*), *olifants-oor* (vir 'n soort *streptocarpus*), *aasblom* (vir *stapelias* omdat dit stink soos aas). *Varkoor* (reeds in die binnelande as sulks bekend vir wat die Bolanders *varkblom* noem, omdat die varkens die *varkbolle*—die knolle daarvan—eet). Vir wat die Engelse *firepoker* (*kniphofia*) noem, kon ek die Transvaalse naam nog nie uitvind nie. So is daar nog baie meer mooi blomme sonder name.

Nou pak ons die spraak van Oostelike Transvaal aan.

Ná die Voortrekkers tot bestendigheid gekom en hul plase gaan bewoon het, was hierdie gedeelte van Transvaal die dunste bewoon. Want in die noordoostelike part het malariakoors straf gewoed, sodat Ohrigstad verlaat moes word; en dit het ook aan die hoofdorp van die distrik die naam van Lydenburg (vir al die swaar lyding) besorg. Die suidoostelike deel, of die Hoëveld, is baie gesond, maar weens sy hoë ligging van ongeveer 6,000 voet bo die see word dit gedurende die wintermaande baie koud, sodat die mense met hul vee die streek in die reënlose wintertyd verlaat het om na die bosveld te trek. Teenswoordig is dit nie meer die geval nie, want beskuttings vir die vee is aangeplant en die mense woon in doeltreffender huise, waardeur die lewenswyse aangenaamer gemaak is.

Die oorspronklike bewoners—vernaamlik van die Hoëveld—het uit Natal vir hulle hier kom vestig kort ná die Britse regering Natal geannekseer het. Dus het hulle nog nie—wat spraak betref—onder Engelse invloed gekom nie. Sommige het dit sover gedryf om die meesters te belet om Engels aan hul kinders te leer, want dit is in daardie tyd onnodig geag.

Met dit voor ons, is dit gemaklik om te begryp dat die spreektaal wat hulle uit die bakermat van Afrikaans meebring het, deur vreemde invloede min bedreig geword is. Die spraak is tans nog vry goed: ons hoor hier

veelvormige uitspraak van woorde en die sterk klankveranderinge nie.

Maar tog, die spraak het hier nie stil bly staan nie; baie intrekkers uit ander dele van die Unie het hulle hier metterwoon kom vestig; so woon hier tans persone uit Riversdal, Swellendam, Tulbagh, Clanwilliam, Malmesbury, Pêrel, Wellington, Stellenbosch, Kaapstad, Caledon, Boesmanland, Hopetown, Richmond, Vrystaat en Natal. Dit moet dus aan 'n ieder duidelik wees dat iemand versigtig moet wees voor hy vasstel wat Hoëveld-spraak is of nie. Dis darem wonderlik hoe elkeen vashou aan die spraak wat hy van sy moeder geleer en wat sy gepraat het. Hier vind ons daarvan baie duidelike bewyse waar die kinders net die woorde van hul moeder en nie dié van hul vader gebruik nie.

Hier volg die spreekwyse van Oostelike Transvaal:—

Om 'n kind op die rug te dra, hoor ons hier: *abá* (wat in die Boland *abba* genoem word). Die Kaffers praat van die kind *têta*.

Ons hoor hier van *renoster*, soms ook *annoster*—net soos in die Boland. Ou jagters hier praat nog van *annosters* en *oolfante* (woorde wat ek president Kruger ook hoor gebruik het); maar die meeste sê hier *renoster* en *olifant*.

Aspres (soms vir ekspres word van Kaap tot in Transvaal gehoor). So ook *astrak* (vir ekstrak); dié vorm skyn die meeste deur Afrikaners oor die hele land gebruik te word.

Mangneet (ook *bangneet* deur verwaarloosdes en meer in die noordooste gehoor, waar dit in oorfloed voorkom).

Batte (as meervoud vir bad). So ook *kafferstatte* (as meervoud van kafferstat). So hoor ons ook van *spaansvlieër* (vir vlierboom).

Begos (vir begin of begon, b.v. „Daar *begos* dit net te reën,” of „Ek is daar weg net toe dit *begos* te reën”). Dus vir die teenwoordige sowel as verlede tyd gebruik. Ons hoor dit ook onder jongmense hier).

Bekwaald (vol kwale, b.v. „Hierdie dier is *bekwaald*”). Hierdie woord het ek in ander dele van ons land nie gehoor nie, maar dis heel moontlik dat dit elders ook bestaan.

Skierlik (vir skielik, ook in Vrystaat gehoor).

Blikkieskos (vir lewensmiddels in blikke toegesoldeer). So het ons nog: *blikkiesvleis*, *blikkiesvis*, *blikkieswors*, ens.

Blikkiesdorp (spotnaam vir agterbuurte). So hoor ons van *Velskoendorp* of *Lappiesdorp*.

Bossies word op die Hoëveld toegepas op gewasse wat nie gras is nie; so is hier stinkblaar (of *stinkolieblaar* soos dit hier genoem word) *misbredie*, *nastegal* en *knapsakkerwel* ook *bossies*.

Buitoe (vir buite of buitentoe, b.v. „Jan wag nog al die tyd buitoe.” Of „Jaag die hond buitoe!” Hierdie woord word ook in Natal, Vrystaat en in sommige plekke in die Kaapse binnelande gehoor.

Draaghoutjie (nooit *nekhoutjie* nie).

Dors (soms vir durf, b.v. „Hy dors dit nie doen nie” heel selde.

Skottel (vir 'n kom b.v. *wasskottel*, *bakskottel*, maar ook *vleisskottel*, *groenteskottel*.

Doenig (vir besig). Heel waarskynlik aan Bybeltaal ontleen. Heel selde, en kom in Vrystaatse spraak ook voor.

Skoerlapper (vir wat algemeen in Afrikaans *skoelapper* uitgespreek word). *Skoenlapper* is die skryfvorm vir vlinder; in Afrikaans is dit iemand wat skoene lap of regmaak.

Dogter (vir meisie, b.v. „Dis net 'n mooi dogter.” „Dogter, kom hier!” Anders word die woord net soos in die skryftaal gebruik).

Met vreemde woorde raak hulle hier ook baie in die war; so hoor ons soms in die noordooste: *prittendeer* (vir *permitter*), b.v. „Ek sal dit so nooit *prittendeer* nie.” Of „Jy *prittendeer* (verg) te veel van my.” So hoor ons ook: *disprek* (vir *gesprek*), *persent* (vir *present*), *perbeer* (vir *probeer*), *obstinaat* ook *opsternaat*, *pollies* (vir *poliesie*), *wonderliksens* (vir *wonder-essens*), *harmansdrup* (vir *Haarlemmerolie*), *pynkeller* (vir *pain killer*)—almal wat elders, o.a. in die Bokveld, gangbaar is.

Duiwelsterk (soort blou of bruin klerasie).

Die sonderlinge meervoude is hier ook gangbaar, soos: *soldade* (vir *soldate*), *eelde* (vir *eelte*), *jaste* (vir *jasse*), *boste* (gras). Maar sulke vorms as: *voorskooie*, *mierkaaie*, *skaap* en *bees* (as versamelwoorde), *hy* (vir 'n vrou) word hier nie gehoor nie.

Gallon (*g* uitgespreek soos in *geel*, *gans*).

Gekon (vir *geken*, b.v. „Ek het hom *gekon*”).

Grens (vir 'n bult wat waterskeiding maak tussen twee riviere, b.v. „Al op die grens tussen Vaalrivier en Olifantsrivier”).

Gesout (vir altyd genees van 'n sekere siekte, b.v. “Die perd is *gesout* aan perdesiekte.” Kry hy die volgende jaar tekens van terugkeer, dan word gesê: „Die perd het die

aanmanings." In Afrikaans beteken *aanmaning* die ná-gevolg, in Hollands is dit voortekens).

Gramadoelas (in die meervoud gebruik) vir gebergtes of diep slote bymekaar, b.v. „Toe ry ek sommer die *gramadoelas* in."

Ysterkatel (vir ysterledekant as teenstelling van *houtkatel*).

Kros (vir karos), *kreeboom* (vir kareeboom), net soos in Vrystaat en Kaapse binnelande uitgespreek.

Kakebeenwa (*leerwa* sonder tent) raak nou uit die mode, daar die *tentjiewa* (bokwa met halwe agtertent) die plek van die *voortrekkerswa* ingeneem het. Die ou *leerwa* word nie meer gesien nie.

Knoffel (vir knoflok).

Korswil (soms vir speletjies maak, Hollands *kortswijlen*).

Kirnuffel (Bolands *karnuffel*. Holl. *karnoffelen*).

Mondig (oulik of vroeg ontwikkel, b.v. „Dis vir jou 'n *mondige* kind." Of „Die dogter is regtig *mondig*").

Mense (in die sin van witmense teenoor gekleurdes, wat *skepsels* genoem word, b.v. „Dis onmoontlik dat die *mense* en *skepsels* moet saamwoon").

Melkkos (melk met deegkrummels of snydel saamgekook).

Musiek (vir 'n harmonium, b.v. „Speel vir ons op die *musiek*").

Onwettig (vir stout en onregeerbaar, b.v. „Soe, so 'n kind is *onwettig*!" Of „Hy is te *onwettig* dat hy leef").

Ogtend (word naas *oggend* gebruik).

Opstel (vir *opstal*), so ook gehoor in Vrystaat en binnelande.

Pypkan (vir suigbottel van 'n babetjie).

Pasoppens bly (vir oppas, b.v. „Jy moet in jou *pasoppens bly*").

Pan (vir 'n groot oppervlakte water wat in 'n duik staan; of waar sout geraap word; dan heet dit *soutpan*. *Brakpan* het brakwater.

Spruit (vir 'n klein riviertjie), so ook *droë spruit* waarvan die water nie standhoudend is nie. Verder *rietspruit*, *klipspruit*, *sandspruit*, waarvan die name selfverklarend is.

Seksie (vir 'n sekere klas of groep, b.v. „Ek wil met daardie *seksie* niks te doen hê nie."

Skottelploeg, *skottel-eg*, *skottel-skoffel* (onderskeidelik vir *disc plough*, *disc harrow*, *disc cultivator*).

Saf (naas *sag*, b.v. „Dit voel *saf*” (*sag*). „Hy is ’n *safte* man”).

Trapmasien (naas *dorsmasien*, so word gesê: „Ek moet nog my mielies met die *trapmasien* laat trap.” Ook „Ek moet my mielies nog met die *dorsmasien* laat *uitdors*. Algemeen egter is *dors* vir dié deel van die masien wat die mielies of graan skoonmaak—die ander deel heet *enjin*—soos ook die geval is in die Kaapse binnelande).

Tôienrig (vir verflenter of miserabel, b.v. „Hy lyk net *tôienrig*.” Of „Ek voel vandag net *tôienrig*”).

Uintjies (vir euntjies), *vlooi* (vir insekpoëier), *vloek* (vir uitskel, b.v. „Ma, daardie kind het vir my *gevloek*” (uitgeskel). Wat vloek in die gewone sin beteken, is hier *laster*.

Vol geselskap (vir ’n beskonke wat te veel praat)—nie algemeen nie.

Versuip (vir verdrink, b.v. „Die man het in die rivier *versuip*.” Of „Die perd het in die rivier *versuip*”).

Warmdoek (vir wat in die Boland *warmpatats* heet)—’n kinderspeletjie.

Warmmassies (vir grys muggies wat ’n mens teen die aand warm byt). Die naam het sy ontstaan sedert die oorlog 1880—1881, toe dié soort muggies die burgers in Natal saans so gekwel het.

Kan (vir *ken*), ook *ken* (vir *kan*). So hoor ons: „Ek *kan* hom goed” (vir „*ken* hom goed”). Ook „Ek *ken* jou nie help nie” (vir „Ek *kan* jou nie help nie”).

Sproei (vir spru, b.v. „Die babetjie het *sproei*).

„Hy is klaar *oumens*” (vir kinders wat te veel weet).

Auk! (uitroep van verbasing, miskien deur Kafferinvloed).

„Dieselfde” (word gesê as teruggroet op „Al die beste!”)

Eengalig en *ongalig* (vir egalig en onegalig—ook op ander plekke in die land gehoor).

Bevange ryp (vir ontydig ryp, word hier ook gehoor).

Kaffer-pak slae (vir ’n afgedankste afranseling).

„Dit *lyk* so” (nooit „Dit *lyken* so” nie).

Ples (vir pleks, b.v. „Ples dat hy ingee, versit hy hom”).

Bruidsweeltjie (vir bruidsluier—ook in Boland gangbaar).

„Hoe gaan dit self?” (wedervraag by groete).

Sulke woorde word hier ook algemeen gebruik:

suffel, windskeef, verkouentheid, groetnis, vertrouendheid, gebukkend-werk (vir bukwerk).

Maar hier word gemis sulke woorde as: *druin* (vir *dreun*), *nê-nê* (kindertaal vir water), *verkas* (vertrek, b.v. „Hy het *verkas* met sak en pak”), *staalboek* (vir monsterboek), *biebies* (vir luise), *oesbeentjies* (vir dolosbeentjies), *sens* (omdat dit hier nie gebruik word nie), *blas van kleur*, of *brunet* (vir donker van kleur).

Aangesien Engels hier op die Hoëveld vroeër nie geleer was nie en die meeste onderwysers Hollanders was, sou iemand as gevolg verwag dat in die plaaslike spraak baie hollandismes moet voorkom—wat tog nie die geval is nie. Ons hoor nie hier nie: „Die man *wie* se perd hier loop, kom môre” maar wel: „Die man *van wie* die perd hier loop, kom môre”. Ook nie: „Ek was in die dorp, by *watter* geleentheid ek hom meteens gaan sien het.” Maar hy sê: „Ek was in die dorp en by *dié* geleentheid het ek hom gaan sien”. Dan sê hy ook nie: „Die ding het *soek* geraak”, maar wel: „Die ding is *op soek* geraak”. Ook nie: „Ek behou my die reg *voor*”, maar: „Ek behou die reg”. Verder nie: „In die *voorjaar* begin ons mielies te saai”. Maar: „In die *voorsomer* begin ons mielies te saai”. So hoor ons ook van *voorwinter*, *nawinter* en *nasomer*. Ook word nie gepraat van „blik werp” nie; maar van ’n „kyk gee”—net soos „klap gee”, „skop gee”, „Met ’n *kyk* en ’n belofte was die werk klaar”. Verder word sulke woorde in die spreektaal nie gebruik nie: *desnietemin*, *trouens*, *krokodil*, *veel*, *speel* (*veul* en *speul* is ou Hollands), „*des* te beter”, „*dis* bes moontlik” (vir *heel moontlik*), en nog meer sulke hollandismes wat egte Afrikaanse woorde en gesegdes verdring.

Wat klankverandering betref is die Hoëveld—soos Oostelike Transvaal behalwe Lydenburg genoem word—taamlik vry gebly. Dat dit wel hier voorkom, soos in alle tale, is wel heel begrypplik, maar glad nie in so ’n sterke mate nie. Reeds het ek daarop gewys dat die bewoners van Mapochsland (dist. Middelburg, Tvl.) hiervan nie vry te pleit is nie, omdat daar ’n sametrekking van persone uit verskeie dele van die Unie saamwoon. Ook hier gebeur dit dat ons hoor van: „Ek *sil* dit doen”; *hille* (vir hulle), „*Sy stim* (stem) is grof”; maar dan staan die Hoëveld in dieselfde voetspore van Mapoch. So het ek hier ’n gebore Middelburger hoor praat van: *kittel* (vir ketel), *missel* (vir messel), *swim* (vir swem), en so meer; by nader ondersoek blyk dit dat hy onder buite-invloede verval het.

Oor die algemeen geneem is die spraak van Oostelike Transvaal suiwer en duidelik—al spreek hul nie so opgewek as die Bolander nie; maar die swaarkry, wat hulle en hul ouers deurgeworstel het, het miskien hiermee iets te doen.

Volgens my eie waarneminge het ek die spreektaal van Oostelike Transvaal alleen behartig. Aan mevr. M. W. von Wielligh (Bettie de Jager), wat hier gebore is en die Hoëveld-spraak onvervals praat, is ek baie dank verskuldig vir die hulp wat sy so bereid was om aan te bied. Daar sy die vrou van my broer is, en ons onder een dak woon, het ek nie ver te gaan om haar oor een en ander woord te raadpleeg nie.

Buiten dit ken ek die oostelike deel van Transvaal sedert 1883; ek het hier baie opmetings verrig, en sodoende het ek lank met die mense in hul huise deurgebring en woon nou hier heel gelukkig vir die laaste elf jare.

SPRAAKAFDELING No. 9.

§62—WESTELIKE TRANSVAAL.

Die sprake van Westelike Transvaal het meer onder die invloed van die binnelandse spreektaal gekom as dié van die oostelike deel van Transvaal; anders is daar nie groot verskille tussen die sprake nie, en so val daar eintlik oor die algemeen nie veel te vertel nie.

In die tyd toe die Voortrekkers hul in die omstreke van Klerksdorp, Potchefstroom, Heidelberg, Pretoria, Rustenburg en verder weswaarts gevestig het, was daar geen verskil tussen hulle spraak en dié van Natal en Vrystaat nie. En hierdie toestand het nog vir 'n hele tyd so voortgeduur; want daar was nog genoeg geleentheid om bestaande toestande te bestendig:

Eerstens, die burgers wat miskien ver van mekaar op hul somersplase gewoon het, het soms hul wintersplase in die bosveld naas mekaar gehad.

Twedens, daar het in daardie dae 'n gedurige verskuiwing van een distrik na die ander plaasgevind—wat natuurlik die vorming van selfstandige groepe belet het.

Derdens, Transvaal is 'n land van worstel, stryd en jag. Daar was altyd iets aan die gang. Was dit nie om 'n opstandige Kafferhoof tot inkeer te dwing nie, dan was

dit om die bedrywige sir Harry Smith op te spoor tot Boomplaas te volg. Dan was daar groot vergaderings, ook nagmaal, waarna mense van heinde en verre gekom het, want hier was maar 'n paar predikante wat al die gemeentes kom besoek het; volksrade het vergader, en groot jagte is georganiseer. Dit alles het vèrafwonende burgers en hul famielies tesame gebring—waardeur eenheid in spraak bewaar gebly het in die Trans-Gariep, Trans-Draakensberg en Trans-Vaal.

Die tye van onrus het versag en die Voortrekkers in staat gestel om hul plase te gaan bewoon; intussen het die spreektaal in die Kaapse binnelande—waar dit rustiger toegestaan het—nie stil bly staan nie; kinders het manne en vrouens geword en 'n gedurige instroming na die twee Republieke het onafgebroke voortgegaan. En daar die Hoëveld van Transvaal minder herbergsaam was, het hulle aan die westelike gedeelte die voorkeur gegee. En sodoende het die binnelandse spraak groter vat in die weste as in die ooste gekry.

Die gevolg is dat in Westelike Transvaal meer klankveranderinge gehoor word as vroeër. Ten andere, dat nuwe woorde ingevoer is. Derdens, dat ten gevolge hiervan ou bekendes verdwyn het, of vervorm is.

Nou kom nog hierby dat Westelike Transvaal nie so geskik vir groot- en kleinvee is nie as Middel- en Oostelike Transvaal. Gevolglik is die aandag aan landbou bestee, waarvoor in die ou dae geen groot mark was nie. Die uitkoms hiervan was dat die westelike boere nie so welwillend in die begin was nie en in die algemeen geneem nie sulke gerieflike wonings betrek het as hul middel en oostelike broers nie. Ek onthou my van verder vergelyking. Dink maar net watter invloed teenspoed en voorspoed op 'n taal uitoefen.

En tog moet ons ruitelik erken dat vroeër die minder geseënde klas in Transvaal hulle nie van 'n veel slegter spraak as die meer bevoorregtes bedien het nie. Dit het ons reeds in Clanwilliam opgemerk. Ds. C. Ferreira, van Koppies, O.V.S. (in Spraakafdeling No. 6 reeds meegedeel), skyn dieselfde ondervinding opgedoen te het. Die oorsaak hiervoor is, dat die verskil in welvaart nie vir geslagte bestaan het nie.

Soos gesê, kom die spraak van die hele Transvaal in die algemeen geneem vry met die verskillende dele ooreen. Die verwisseling van die betekenis van *kan* en *ken* word

heel selde of haas nooit in Westelike Transvaal gehoor nie—dit bestaan maar van Humansdorp, aan die Kaapse oostelike distrikte, deur Oostelike Vrystaat tot in Oostelike Transvaal; terwyl dit langs die westelike distrikte tot in Bredasdorp nie gehoor word nie.

In Westelike Transvaal word soms sulke vorms aangetref soos: *Sturksvy* (vir turksvy), *bromkatjies* (vir bronchitis), *voorskooie* (vir voorskote), *mierkaaie* (vir mierkatte), *wildaad* (vir weldaad), *hurkie* (vir jurkie), *flus* (vir soewe), *aljimmers*, *biekie* (naas *bietjie*), *oolfant* (naas *olifant*), *gaat* (vir gat, omdat *gat* in fatsoenlike geselskap nie mag gebruik word nie), en nog meer sulkes wat in die Kaapse binnelande ook gehoor word, maar nie in Oostelike Transvaal en Natal nie.

Wat 'n groot omwenteling in die spreektaal van Midde-Transvaal bewerkstellig het, is die instroming van mense uit alle dele van die Unie en die hele wêreld na die Goudvelde. Die omliggende boerplase vermeerder daarop hul opbrengstes, en 'n groot handel tussen die delwerstad en die platteland het spoedig ontstaan. Baie van die vreemde intrekkers bewoon plase naby en ver van die goudvelde, waardeur die vermenging van die bevolking nog meer tot stand gebring is. Wat daardie onvaste spraak is, het ek reeds onder dorpspraak behandel—naamlik dat dit net so gemeng is as die bevolking self. Hierdie toestand is een van die redes waarom ons van koopmans en besighheidsmanne pamflette kry in slegte Afrikaans, want hulle reken dat Afrikaans so gepraat word en dus so moet geskrywe wees—wat eintlik nie tot verskoning mag dien nie.

Verfrissend is dit egter dat sulke groot stede as Kaapstad, Port-Elizabeth, Johannesburg en Pretoria wakker geskrik het en Afrikaanse taalkringe gestig het om ons taal in ere te hou en dit op gesonde grondslae te ontwikkel.

Hier sluit ons met die Transvaalse spraak af.

S P R A A K A F D E L I N G N O. 10.

§63—GRIEKWALAND-WES EN BETSJOEANALAND.

Voor die ontdekking van diamante aan Vaalrivier en Kimberley was Griekwaland deur blankes skraal bewoon; maar sedert die vooruitgang van die Diamantvelde het baie intrekkers van alle kante toegestroom om hulle in Griekwa-

land-Wes metterwoon te vestig. Dit het binne die laaste halwe eeu plaasgevind. Gevolglik is die spraak daar betreklik jonk en kon nog nie onder die sterk invloed van die minderwaardige Griekwa-Afrikaans gekom het nie—soos die geval is met Namakwaland, wat vir jare bewoon is. Ek sal volkome buite die orde wees as ek die veragterde Griekwataal in *Ons Geselstaal* insluit.

Maar Griekwas woon tussen die blankes, en dié maak van daardie minderwaardige spraak gebruik as hulle met Griekwas praat om laasgenoemdes duidelik te laat verstaan wat die blanke te sê het. Op hierdie manier gebeur dit dat 'n gewoonte 'n gewente word; en dit begin 'n invloed op die kinderspraak uit te oefen.

Maar wie kan help om 'n Griekwa na te praat as hy eenmaal met die spreekwyse vertrouwd geraak het? Dit is so eienaardig, beeldryk en so raakseggend—en humor ontbreek nie. Daar hy onder sendeling-bearbeiding is, het hy kennis gemaak met Hoog-Hollandse woorde, waarvan hy die regte betekenis nie altyd verstaan nie. So sal 'n Griekwaprediker b.v. sê: „Jul klepkoppe, vir joele ees daar net twee paaie oep: die een gaan regoeit verdommenis-toe en die ander regoeit hel-toe.” Hy sal verder sulke woorde gebruik as: *beleeftiggeit*, *muitlikheid* (moeilikheid), *geoor* (vir oorheen), *geoner* (vir te laag), *gedeur* (deurheen), *oeit* (uit), *douer* (daar ver), *êtjê* (ek sê), *geplan* (plan gemaak), *gehiernatoo* (hiernatoo gekom), *ge-daarnatoo* (daarnatoo gegaan), *nui* (nôi), *hoeke* (vir „wat vir”, b.v. „Hoeke mense is hul?”), *rê-rê* (regtig), *tjee* (gee), *Piet-goed* (Piet hulle), *goete* (goedere), *gekoeier* (gekuier), ens.

Die gebruik van sommige woorde is sonderling, soos: „Ek het hom *breek* (stukkend) *geslaan*”. Ek *suie* toe die roer se korrel agter die bok se blad vas”. „Ek het hom *lekhoring* (bloed-uit op sy kop) geslaan”. „Die *meer beterste* man” (vir die beste man). „*Alkiester-alkaster*, hier is jou man!” (as hy spog). *Plaka-moeka* (slof-slof met te groot stewels voortsukkel). „Ek sal hom met die *horing indraf*” (met die kop slaan). „Ek sal *vuurstrale* voor jou oë *saai* (vuisslag op die oog gee). „Ai, my ouman, my hart klop vir jou nes 'n nat lap”. Dit is slegs voorbeelde van algemene aard; die slegter taal laat ons aan die vergetelheid oor.

So 'n spraak is nog nie die toevlug van die blanke bevolking geword nie, maar tog kan dit sy effek hê as skool-

invloed nie ingryp nie, daar die minder bevoorregte blanke kinders nul gou deur sulke aardigheidjies laat verlok.

Klankveranderinge by die Griekwas is algemeen, waarvan reeds voorbeelde genoeg gegee is.

§64—GRIEKWALAND-WES.

Ds. J. J. Wessels (Griekwastad) het die helpende hand hier uitgesteek en my woordelys nagesien. Hy het hom baie beywer om die regte wisselvorm te onderstreep, en daarvoor het hy die lys met hom op reis meegeneem. Sy vroegtydige dood aan die Spaanse Griep het hom belet om sy belofte uit te voer om meer van die plaaslike spraak mee te deel. En dit is wat hy ons voorlopig gestuur het:

Die Griekwas hier het natuurlik hul eie spreekwyse, wat baie van dié van die blanke bevolking verskil. Ook die blankes het vroeër hier heel anders as nou gepraat. Maar deur die invloed van nuwe intrekkers, lees, onderwys en beskawing het die mense meer beskaaf leer praat. Ek stuur u voorlopig 'n paar uitdrukkings deur my aangeteken—die laaste twee is eg Griekwas, die ander algemeen. Ek sal nog meer aantekeninge maak en dié later aan u stuur. Hier volg die uitdrukkings:

„Hy het lelik *verongeluk*” (vir „Hy het 'n lelike ongeluk gehad”).

„Hy het na die *siekte* gaan kyk” (vir „Hy het na die *sieke* gaan kyk”).

„Ek ken hom van *hoeka af* (vir „Ek ken hom van lankal af”).

Nou volg twee Griekwa-uitdrukkings:

„*Piet-goed* was dorp-toe” (vir „Piet hulle was dorp-toe”).

„Hy het my *uitgeoorlé*” (vir „Hy het my met fyn planne gekul”).

Verder het ds. Wessels ons daarop attent gemaak dat sulke woorde daar gehoor word:

Assemblief, brulparra, garingklip (asbestos), *gevoelte, gewend, kaaiman* (klipsalmander), *leisels, meermot, ok, varo's* en *varao's* (vir *varings*), *appelliefie* (naas *pampelmoesie*), *atjar, baie* (naas *banja* en *baing*), *dip* (naas *diep*), *gensbok, girnaat, kitaar, gôï, ginter, repuis* (naas *rapuis*), *krikvors, kokedel, môre, nôï, oordentlik, oulap* (geldstuk), *papkuil, sluitel* (naas *sleutel*), *sonbesie, stinkblaar, twak, tinktinkie, trapsuutjies, varkoor*.

Tot sover ds. Wessels.

Kimberley is die vernaamste stad in Griekwaland-Wes en is nou ongeveer 50 jaar oud. Wie herhinner hom nie uit die eerste tye van die Diamantvelde die woorde wat daar gesmee en oor ons hele land versprei geword is nie?—woorde wat as ‚sleng‘ moet beskou word en die lot verdien het om uit ons woordeskat te verdwyn—soos hulle gelukkig gedoen het. Maar tog het ons sulke woorde as *jump* of *jomp*, *kleim*, *koekepan*, *karaat*, *eerste water*, in die eerste instansie aan die diamantdelwerye te danke. Baie straatliedjies omtrent die Diamantvelde was in daardie dae die sielsvreugde van kinders en ook van ligsinnige ouer persone—nou hoor ons hulle nie meer nie. Wat hier vandag welig groei—mees anglisismes in die geselstaal—, is vakname met betrekking tot die delwerye, net soos ons reeds onder die Johannesburgse spraak opgemerk het. En hierdie woorde skyn van ’n blywende aard te wees, daar hulle selfs deur die plattelanders gebruik word. Nie alleen is hierdie taalverknoeiing die uitvloeiing van die spraak op die delwerye nie, maar baie plattelanders kom tuis met anglisismes wat hulle op die mark en in die winkels afge- luister het.

Mej. Miems Haumann, Campbell, Griekwaland-Wes, skryf aan my as volg:

Toe ek die oproep in *Die Huisgenoot* gelees het om aan u in-die-oor-vallende uitdrukkings en woorde te stuur, was ek dadelik gereed om dit te doen, en u het dit hier uit die Griekwalandse spraak as volg:

Hoeka (vir lankal, b.v. „Ek maak van *hoeka* se dae al so”), *glaas* (vir glas), *plaan* (vir plan).

Es of *vuurret* (vir vuurherd). „Ons hoor ook: „Gooi ’n S” vir „Maak ’n skerp draai”, b.v. „Hy wou ’n S ge- maak het, maar gooi sy kar om”).

Polliesman (vir poliesie), *saf* (vir sag, b.v. „Met die warmte is die botter *saf*”). Of „Hy is baie *saf*” vir een wat nie rowwe werk kan doen nie, of hom nie kan verdedig nie). *Leegte* (vir laagte, of ook: „Die bossies is baing *leeg*”).

Baie het ek nog nooit hier gehoor nie—altyd *baing*.

Konka (vir ’n ou emmer gemaak van ’n blik of kan- tien).

Skaap word sowel in die enkelvoud as meervoud ge- bruik, b.v. „Die Hotnot pas die trop skaap op.”

Puts (vir put; baie-maal het ek al gehoor dat mense

vir name van plase soos *Middelput* en *Witput* sê *Middelputs* en *Witputs*.

Die klankveranderinge soos: *hys* (vis huis), *tyn* (vir tuin) is hier ook in swang.

Omgekrap of *rabier* (vir deurmekaar, of weet nie wat om te doen nie, b.v. „My planne is *omgekrap*” of „*rabier*”).

Ertappels (vir aartappels), *garingklip* (vir asbestos), *pampier* (vir papier), *vroumens* (vir vrou), *wedevrou* (vir weduwee), *duwweltjie* (vir pennie), *skrou* (vir skreeu), *grou* (vir grawe, b.v. „Kend, jy moenie so in die grond *grou* nie”). Ook word *grou* vir grys gebruik, b.v. „Hy het *grou* oë”.

Onwettig (vir stout of ongehoorsaam, b.v. „Ai, so 'n *kend* is *onwettig* vandag!”)

Swaweltjies (vir swawelhoutjies—ook word *metjies* vir vuurhoutjies gehoor, verder *metjiesdosie* (vir vuurhoutdosie).

Doer (daar ver), *suintoe* (soontoe), *hoentoe* (waarnatoe).

Bogenoemde woorde word hier baie dikwels gehoor, asook die volgende uitdrukkings:—

„Hy is *rêrig* baie stout” (vir „Hy is regtig baie stout”).

„Dit smaak vir my so” (vir „Ek dink amper so”).

„Ek het 'n *steek* agter my blad” (vir „Ek het 'n pyn agter my skouer”).

„Hy maak altyd nooit so nie.”

Ja, nee (b.v. „Ja, nee, dis waar wat jy sê”).

Bietjie baing (b.v. „Ek wil *bietjie baing* suiker hê,” Of ook: „Die koei gee *bietjie baing* min melk”).

Henner (vir hinder, b.v. „Dit *henner* my so as hy so laat kom”).

„Ek kyk *agter* hom.” Of „Toe, kyk *agter* die *kend*!” (vir „Ek pas hom op,” of „Toe, pas die kind op!”).

„Sy lyk *skoon* soos haar ma” (vir „kompleet soos haar ma”).

„Ek sal hom *spook* as hy nou nie petaal nie.”

Symde (vir selfde, b.v. „Hy het met die *symde* pad as ek gekom”).

Die volgende is woorde en uitdrukkings wat ek van die gekleurdes hier gehoor het:—

Baas-goed, b.v. „*Baas-goed* is weg.”

„Die *goete* is baing swaar” (vir: Die goedere is baie swaar).

„Ons *roep* hom so” (vir „Ons noem hom so”).

As hulle moet sê: „Sy is hier,” dan sê hulle: „Hy is hier,” of baie maal net die omgekeerde: as hulle moet sê: „Hy is hier,” dan word dit „Sy is hier.”

Hulle hou vreeslik baie daarvan om sekere Engelse woorde te gebruik, soos *try* en *like*.

Tot sover mej. Haumann.

Wat ons opgemerk het wat hier in Griekwaland-Wes aangegaan het, het presies plaasgevind in Griekwaland-Oos, waar baie blankes verwaarloos is. Daar die gemeente daar maar klein is, val dit hulle moeilik om 'n predikant teen 'n goeie salaris te onderhou. Ds. Faure is nou die enigste en laaste predikant wat volgens die ou stelsel deur die Goewerment betaal word, hy is al baie oud, en val hy weg, dan sal die gemeente dit daar in Griekwaland-Oos moeilik kry.

Maar ons volk het ontwaak en is wakker, en hulle sal sorg dat beter toestande in die Oostelike Griekwaland sal geskep word, want baie van die mense daar het die ou Afrikaanse tradisie versak, en opheffing is baie nodig om die veragterdes op die regte spoor te bring—waardeer die spraak aanmerklik sal verbeter.

§65—BETSJOEANALANDSE SPRAAK.

Betsjoeanaland het vroeër uitsluitend aan inboorlinge behoort; van tyd tot tyd het blankes hulle daar ook metter-woon gevestig. Die inboorlinge was naywerig op mekaar, twiste het onderling ontstaan, en hulle het die hulp van gewapende burgers uit Transvaal, Vrystaat en Noordelike Kaapland ingeroep om hulle in die geveg te steun. As beloning vir kommando-dienste verleen, het die burgers elk 'n plaas ontvang, en so het die Rooigrond- en Stellaland-republiekies ontstaan. Ná afloop het Engeland hom in die saak gemeng en self die streke in besit geneem.

Die gevolg is dat die plaaslike spraak hier net so gemeng is as dié van Griekwaland-Wes. Dog die ou inwoners, nes dié van Griekwaland, het 'n spreekwyse van hul eie gehad, wat baie deur die spraak van die Griekwas beïnvloed was. Al die sprake hier het nog nie ineengesmelt nie.

Vir ds. D. J. S. Malan (Koeroeman) het ek om medewerking gevra; hy was so goed om ds. A. R. Albertyn (Deben) aan te wys, met wie ons hoogs tevrede is, daar hy ons

belangwekkende inligtings verskaf het. Hier volg wat ds. Albertyn omtrent Betsjoeanaland meegedeel het:—

Vereers is dit van belang om te weet dat die eintlike bevolking van Betsjoeanaland afkomstig is van Suidwestelike Transvaal, Suid-Vrystaat en Noordwestelike Kaapprovinsie; die meeste waarvan, as gevolg van die sware droogtes, eers gedurende die laaste tien jare die land ingetrek het. Hul taal verrai natuurlik die gewone provinsialismes, waarmee u goed bekend is. Ons bepaal ons egter by die spraak van die oudste inwoners van die land. Tereg sê u dan ook dat die Betsjoeanalandse spraak (in sy kenmerkende vorm) veel ooreenkoms dra met dié van Namakwaland, Upington, Boesmanland en die Hantam.

So praat hulle hier b.v. van: *Jan-goed, goete*, „Hulle *se goed*,” *hoeka* (vir lankal), *oener*, „Dit smaak vir my so” (vir „Dit kom my so voor”), „*Staanmaak* die emmer.” Genoemde uitdrukkings en woorde het ek slegs aangetref by persone oorspronklik afkomstig van Upington en omstreke. So hoor ons ook van *langers*, ens.

Verder is in algemene gebruik die volgende—selfs by intrekkers van later tyd:

Waterputs, watermaak (vir water grawe), *witgatboom* (vir *witbasboom* of *witstamboom*, waarvan koffie gemaak word; niemand kon my die afleiding van die woord *witgatboom* gee nie, skoon ek al lankal daarna verneem), *donkie* (pleks van esel), *pan* (vir wat in die Boland 'n vlei water heet), ens.

Voorts het die volgende uitdrukkings en woorde my aandag getrek: *Kemberlie* (vir Kimberley), en dan opmerklik *Kimbil* (vir Campbell), *Van der Merwel* (Van der Merwe), *lerart* (vir leraar), ens.

Die omvattende uitdrukking *skaamkwaad* is algemeen (nl. wanneer iemand hom of haar oor iets onbehoorliks vererg en daarby nog bloos—vernaamlik 'n dame). Ook toegepas op iemand wat nie skuld wil erken nie, en dūs sku vir sy vrinde is.

Genut (vir genot, b.v. „Hy het die *genut* daarvan”).

Kleintyd (vir kinderjare, b.v. „In my *kleintyd* was dit so”).

In die omgang word hier altyd *oom* en *tante*, *neef* en *niggie* gebruik. Die predikant word *meneer* genoem (nooit *dominee* nie).

Verder hoor ons nog: *Akkerdis, appelliefde, brugte, dwarrelwind, gevoelte, kitaar, grou* (grawe), *kamelielies*,

nooie (vir jongmeisie), *ok*, *oordentlik*, *papkuil* [die enige streek in die binnelande waar dié Bolandse woord gebruik word. So is daar ook 'n plek naby Danielskuil wat *Papkuil* heet—Die Skrywer], *pattattas*, *seilgaring*, *twak*, *teiken*, *tinktinkie*, *trapsuutjies*, *sommer*.

Tot sover ds. Albertyn.

Hier eindig ons met die Tien Spraakafdelings. Geen deel van ons land het ons oorgeslaan nie; en nou is dit vir elkeen om te oordeel in hoe verre ek reg en waar ek verkeerd is. Liewers om verkeerde, of onseker informasie te verstrek, het ek geswyg waar ek in twyfel verkeer het; en dus wat ek aanbied, is na die beste gegewens tot my beskikking.
